# DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN

# SOCIAL ENGINEERING

# IN DIE SOSIOLOGIE

# DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN SOCIAL ENGINEERING IN DIE SOSIOLOGIE

HERMAN CONRADIE, Honns. B.A.

Verhandeling ingedien ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in die Departement Sosiologie en Kriminologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof.dr. J.P. van der Walt

Potchefstroom
Oktober 1976

DANKBETUIGING

Hiermee wil ek van harte graag my opregte dank betuig teenoor my studieleier, prof. dr. J.P. van der Walt wat my van die aanvanklike beplanning van die studie tot die finale afronding daarvan voortdurend met raad en daad bygestaan het en my akademiese nuuskierigheid voortdurend stimuleer het.

Graag wil ek ook waardering uitspreek teenoor dr. J.E. Kruger, dr. C.W. Bester en mnr. J.H. van den Berg vir hulle bydraes tot my akademiese vorming. Die indringende gesprekke wat ek met hulle gevoer het sal steeds 'n aangename herinnering bly.

Aan my vrou, Dorothy, en ons kinders kom my innige en opregte dank toe vir hulle geduld en aanmoediging. Die stilswyende en onbaatsugtige offers wat hulle moes bring kan nie in woorde uitgedruk word nie.

Vir al die kragte en geleenthede wat bygedra het tot die ontstaan en finalisering van dië studie kom die eer aan God toe. Indien die navorsingsresultate dus hoe 'n geringe bydrae ookal kan lewer tot die beter verstaan van die menslike samelewing wat deur Hom gewil is, dan het dit in sy doel geslaag.

Opgedra aan Dorothy

**I N H O U D**


HOOFSTUK 1 : INLEIDENDE ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING 1

1.1 Inleiding 1
1.2 Die doel en metodes van die ondersoek 3
1.3 Die afbakening en omvang van die studieterrein 4
1.4 Die indeling van die stof 5

HOOFSTUK 2 : 'N BESKRYWING VAN SOCIAL ENGINEERING 6

2.1 Inleiding 6
2.2 Die studieveld van die sosiologie 6
2.2.1 Omskrywings 6
2.2.2 Sisteemelemente 8
2.2.3 Sosiale verandering 10
2.2.4 Samevatting 11
2.3 Die ensiklopedie van die sosiologie 13
2.3.1 Inleiding 13
2.3.2 Uiteensetting 13
2.3.3 Samevatting 15
2.4 Die plek van social engineering in die ensiklopedie van die sosiologie 16
2.4.1 Inleiding 16
2.4.2 Definiëring en omskrywing van social engineering 16
2.5 Ensiklopediese plasing van social engineering 25
2.6 Social engineering en sosiale verandering 26
2.6.1 Inleiding 26
2.6.2 Verskillende teorieë van sosiale verandering 27

2.7 Kommunikasie 31

2.8 Die verhouding tussen sibernetiese sosiale verandering en <u>social engineering</u> 32

2.9 Samevatting en eie opvatting 33

HOOFSTUK 3 : DIE BYDRAE VAN DIE MEGANISTIESE SKOOL TOT <u>SOCIAL ENGINEERING</u> 35

3.1 Inleiding 35

3.2 Ontstaansagtergrond van die Meganistiese Skool 35

3.3 Die kenmerke van die Meganistiese Skool 38

3.3.1 Vooruitgaande natuurwetmatigheid 38

3.3.2 Die eenheid van die wetenskappe 42

3.3.3 Behaviorisme 45

3.3.4 Kwantitativisme 48

3.4 Die bydrae van die Meganistiese Skool tot <u>social engineering</u> 50

3.4.1 Inleiding 50

3.4.2 Sisteemfunksies 51

3.4.3 Mensbeeld 51

3.4.4 Samelewingsleer 52

3.4.5 Sisteemstruktuur 54

3.5 Samevatting en eie opvatting 54

HOOFSTUK 4 : DIE BYDRAE VAN DIE KONFLIKSKOOL TOT <u>SOCIAL ENGINEERING</u> 60

4.1 Inleiding 60

4.2 Ontstaansagtergrond van die Konflikskool 60

4.3 Die kenmerke van die Konflikskool 66

4.3.1 Dialektiese materialisme 66
4.3.2 Klassestryd 69
4.3.3 Surpluswaarde 72
4.3.4 Die kommunisme 73

4.4 Die bydrae van die Konflikskool tot <u>social engineering</u> 75

4.4.1 Inleiding 75
4.4.2 Sisteemfunksies 75
4.4.3 Mensbeeld 76
4.4.4 Samelewingsleer 76
4.4.5 Sisteemstruktuur 77

4.5 Samevatting en eie opvatting 78

HOOFSTUK 5 : DIE BYDRAE VAN DIE KLASSIEKE SKOOL TOT <u>SOCIAL ENGINEERING</u> 84

5.1 Inleiding 84
5.2 Ontstaansagtergrond 85
5.3 Die kenmerke van die Klassieke Skool 88

5.3.1 Solidarisme 88
5.3.2 Moralisme 94
5.3.3 Imperialisme 98
5.3.4 Simbolisme 101

5.4 Die bydraes van die Klassieke Skool tot <u>social engineering</u> 103

5.4.1 Inleiding 103
5.4.2 Mensbeeld 104
5.4.3 Sisteemfunksies 104
5.4.4 Samelewingsleer 105
5.4.5 Sisteemstruktuur 105

5.5 Samevatting en eie opvatting 106

HOOFSTUK 6 : DIE BYDRAES VAN DIE FUNKSIONALISTIESE SKOOL TOT SOCIAL ENGINEERING 109

6.1 Inleiding 109
6.2 Ontstaansagtergrond 109
6.3 Die kenmerke van die Funksionalistiese Skool 112
6.3.1 Sisteemeenheid 112
6.3.2 Funksionele vereistes 115
6.3.3 Funksionele ekwivalente 122
6.4 Die bydraes van die Funksionalistiese Skool tot social engineering 123
6.4.1 Inleiding 123
6.4.2 Mensbeskouing 124
6.4.3 Samelewingskenmerke 125
6.4.4 Sisteemstruktuur 126
6.4.5 Sisteemfunksies 126
6.5 Samevatting en eie opvatting 126

HOOFSTUK 7 : SAMEVATTENDE SLOTBESKOUING 129

7.1 Inleiding 129
7.2 Skemas van kenmerke en bydraes van die verskillende skole ten opsigte van die kenmerke van social engineering en die sosiologie 130
7.2.1 Die Meganistiese Skool 130
7.2.2 Die Konflikskool 132
7.2.3 Die Klassieke Skool 133
7.2.4 Die Funksionalistiese Skool 134

7.3 Die verhouding en verband tussen die skole en social engineering 135

7.3.1 Funksionele probleemoplossings 135

7.3.2 Skematiese voorstelling 136

7.4 Evaluering 136

7.5 Slotopmerkings 137

LYS VAN FIGURE

Figuur 1 : Werklikheidsvisie 11

Figuur 2 : Paradigma 12

Figuur 3 : Paradigma 14

Figuur 4 : Meganistiese Skool se bydrae tot social engineering 131

Figuur 5 : Konflikskool se bydrae tot social engineering 132

Figuur 6 : Klassieke Skool se bydrae tot social engineering 133

Figuur 7 : Funksionalistiese Skool se bydrae tot social engineering 134

Figuur 8 : Die verhouding en verband tussen die skole en social engineering 136

SUMMARY 139

BIBLIOGRAFIE 140

HOOFSTUK 1

# 1 Inleidende oriëntering en probleemstelling

## 1.1 Inleiding

Met die koms van die sosiologie uit die hand van A. Comte het dadelik ook pogings ontstaan om dié wetenskap in te span om die menslike samelewing te verbeter.[1] Sulke pogings is met die ontwikkelingsgang van die sosiologie sedertdien afwisselend laat vaar of opnuut gekoester, afhangende van die skole of rigtings ter sake. Dié hervormende verbeteringsideaal vir die menslike samelewing wat die sosiologie stel word veral in die huidige massasamelewing gekoester. Hierin word aan die sosiologie opgedra om die mens te bevry van sy omgangs- en omgewingsprobleme deur die bestaande samelewingsorde te verander en dit te vervang met 'n nuwe en beter orde.

Die noodsaaklikheid en belangrikheid van die pogings in die verlede en in die hede deur die verskillende skole of rigtings in die sosiologie om die saamlewe van mense te verbeter, lê in die aard, omvang en werkswyse van die sogenaamde <u>social engineers</u> opgesluit. Die bloudrukke van die menslike samelewing en/of sy subsisteme wat deur middel van sosiale manipulering op groot, middelmatige en kleinskaal deur dié <u>engineers</u> realiseer wil word, lê in die lyn van die soeke na die volmaakte, utopiese menslike samelewing.

Die huidige moderne menslike samelewing waarin, waaruit en ten

1) Steyn. Die professionaliseerbaarheid van die sosiologie. <u>Die Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosiologie</u>, 6:14, 1973.

behoewe waarvan die sosiologie ontstaan het word allerweë gesien as in 'n kulturele krisis wat manifesteer in 'n waardekrisis[1] wat lei tot toenemende wetteloosheid.[2] Cuber[3] het tereg gewys op die kulturele verdeeldheid, kulturele vloeibaarheid, fragmentering, verhoogde mobiliteit, amoraliteit en geïnstitusionaliseerde oneerlikheid as kenmerke van die huidige massasamelewing. Enige persoon wat verantwoordelik in dié samelewing wil meelewe, sal saamstem dat daar beheersende vorming (en dus sosiale manipulering) nodig is om 'n ramp te vermy. Hierdie studie wil 'n ontleding maak van die bydraes van enkele skole of rigtings in die sosiologie tot die sosiale manipulering van die menslike samelewing en die konsekwensies daarvan bekyk.

Indien ons die sosiologiese teorievorming behoorlik wil begryp, deurgrond en die deurwerkende gevolge daarvan wil sien, moet ons ook aandag gee aan die opkoms daarvan uit en die konsekwensies daarvan vir die moderne samelewing, want die essensie van die probleem rondom social engineering in dié samelewing lê opgesluit in die volgende woorde van Mannheim:[4] "... reconstructing a changing society is like replacing the wheels of a train while it is in motion, rather than rebuilding a house on new

1) Mannheim. Diagnosis of our time; wartime essays of a sociologist, p. 12 - 26.

2) Van der Merwe. Grepe uit die kontemporêre wysbegeerte. (In Die atoomeeu - In U Lig. Eeufeespublikasie van die I.B.C. aan die P.U. vir C.H.O., p. 106.)

3) Cuber. Sociology; a synopsis of principles, p. 55 - 71.

4) Mannheim. Diagnosis of our time; wartime essays of a sociologist, p. 12 - 26.

foundations." Kruger [1] sien die probleem veral in die vinnige tempo waarmee sosiale veranderinge plaasvind in die huidige tyd as probleemskeppend.

## 1.2 Die doel en metodes van die ondersoek

Aan die hand van die kenmerke van social engineering sal in die studie gepoog word om die deurwerkende gevolge van social engineering vir verskillende lewensterreine sover dit ter sake kom, bloot te lê en om dit prinsipieel te beoordeel. Verder sal ook gepoog word om aan te toon hoe social engineering in sommige hoofrigtings van die sosiologie belangrike bydraes gemaak het tot die veranderde interpretasie van die menslike samelewingsorde. Die doel van die ondersoek is verder om te illustreer dat die huidige tendense in social engineering, neig tot algehele sekularisme in sy manipulerende vorming van samelewingsbloudrukke - sodat verskillende utopiese sisteme eintlik daardeur ontwerp word. Die studie wil ook probeer aantoon dat dié tendense weer verband hou met die najaging van die eksaktheidsprestige van die natuurwetenskappe wat deur (sommige) geesteswetenskaplikes nagedoen wil word. So ontstaan die degradering van die geestelike waardes sodat die genoemde waardekrisis ontstaan. Die studie meen om ook aan te toon dat uit dié mikpunte van social engineering (bewustelik of onbewustelik) die moderne mensegroeperinge se hedonistiese neigings, d.w.s. genotsug en momentele van oomblik-tot-oomblik gerigte lewenshouding ontstaan het. Aangesien uitgegaan word van die feit dat God 'n God van orde is en ook 'n ordelike samelewing van mense

1) Kruger. Enkele aspekte van die invloed van sosiale verandering op die moderne samelewing, p. ii.

geskape en gewil het, is dit ook die doel van dié ondersoek om die te behandelde stof teen dié agtergrond te evalueer.

Die ondersoek berus hoofsaaklik op gekompileerde literatuurstudie. Daar is ook gepoog om op omvattende wyse gebruik te maak van die beskikbare literatuur en dit op sistematiese wyse in sintese te bring sodat tot 'n geheelindruk van die verskynsel gekom kan word.

Die histories-kritiese metode is ook gebruik omdat dit in die onderhawige probleemstelling gaan om die historiese ontplooiing en voortgang van verskillende oplossings wat aan dieselfde probleem gegee is, naamlik die beheersende vorming van die menslike samelewing.

## 1.3 Die afbakening en omvang van die studieterrein

Uit die aard van die probleemstelling word die studieterrein in sy wydste grense vasgestel binne die kader van die geskiedenis van die sosiologiese teorie. Weens die omvattendheid van dié terrein moet dit egter enigsins afgebaken word: daarom word die studiesituasie beperk tot sekere betekenisvolle hoofstrominge in die sosiologiese teorie. Dit word aan die hand van die alomerkende werk van Gouldner[1)] in die volgende hoofrigtings en hooftydperke ingedeel en behandel:

1 Die Meganistiese Skool in die sosiologie van die eerste kwart van die negentiende eeu met A. Comte as die toon-

1) Gouldner. The coming crisis of western sociology, p. 88-89.

aangewer.

2 Die ekonomistiese sosiologie wat duur tot die middel van die negentiende eeu waarvan die Marxistiese Konflikskool die rigtinggewers was.

3 Die Klassieke Skool in die sosiologie wat met die wending van die eeu die twee voorgenoemde rigtings wou versoen en oorbrug met die moontlikhede wat veral M. Weber en E. Durkheim vasgelê het.

4 Die Funksionalistiese Skool in die sosiologie soos veral uitgebou deur R. Merton.

## 1.4 Die indeling van die stof

Ten einde uitvoering te gee aan die voorgestelde doelstelling binne die afgebakende gebied, word die stof op die volgende wyse gerangskik: Hoofstuk 2 gee 'n beskrywing van die aard van social engineering en van die studiegebied van die sosiologie. Hoofstuk 3 behandel die bydraes van die Meganistiese Skool in die sosiologie tot social engineering en beoordeel dit prinsipieel, hoofstuk 4 behandel en beoordeel die bydrae van die Konflikskool, hoofstuk 5 behandel en beoordeel die bydrae van die Klassieke Skool en hoofstuk 6 dié van die Funksionalistiese Skool in die sosiologie. Ten slotte word in hoofstuk 7 samevattende bevindinge evaluerend aangebied.

HOOFSTUK 2

# 2 'n Beskrywing van social engineering

## 2.1 Inleiding

Ten einde uitvoering te kan gee aan die vooropgestelde doelstellings van dié ondersoek, moet die aard van die ordelikheid in die samelewing en kultuur aan die hand van die studiegebied van die sosiologie ontleed word. Aan die hand van die voor-die-hand-liggende feit dat afwykende gedrag, sosiale probleme en maatskaplike desorganisasie die ordelikheid in en van 'n samelewing versteur sal die aard van social engineering, van sosiale verandering en van die verhouding tussen sosiale verandering en social engineering nagegaan moet word. Hierbenewens sal ook aandag gevra moet word vir die ensiklopediese plasing van social engineering in die sosiologie en veral die verhouding nagegaan moet word tussen sibernetiese sosiale verandering en social engineering weens die onlosmaaklike verhouding wat daar tussen dié twee prosesse bestaan.

## 2.2 Die studieveld van die sosiologie

### 2.2.1 Omskrywings

Volgens Cuber[1] het die sosiologie te make met die wetenskaplike kennis aangaande menseverhoudinge en daarom stel dit belang in

1) Cuber. Sociology; a synopsis of principles, p. 4.

mense se gedrag in verhouding tot ander mense; dit wil sê in menslike interaksie. Verder stel dit ook belang, meen Cuber, in alle lewensverskynsels en lewenssfere vir sover dit deel is van en geaffekteer word deur of die resultaat is van menslike interaksie.

Hierby aansluitend meen Roode[1] dat die studieterrein van die sosiologie gesoek moet word in die wetenskaplike ondersoeke, beskrywing en verklaring van die wisselwerking tussen mense vir sover daar sprake is van gepatroneerde ordelikheid waarin dié wisselwerking sigself manifesteer.

Uit die voorafgaande omskrywings sou ons met Cilliers en Joubert[2] kan saamstem dat die sosiologie dus belangstel in menslike interaksie binne groepsverband - dan wel gesien as die normatiewe oriëntasie van die akteur tot die groepsituasie(s) ter doelbereiking. Dan moet meteen ook aan Dekker[3] en Van Dijk[4] toegegee word dat binne dié definiëringsraamwerk die sosiologie homself hoofsaaklik interesseer in die meer konstante van die samelewingsisteme met die oog op die bestudering en verklaring van dié sisteme se struktuur en funksies.

Om verder verhelderende opmerkings met betrekking tot die studieterrein van die sosiologie te kan maak, moet aansluitende

1) Roode. Inleiding tot die sosiologie, p. 7.

2) Cilliers & Joubert. Sosiologie; 'n sistematiese inleiding, p. 19 - 22.

3) Dekker. Sociologie en kerk; over het recht en het nut van de sociologie met betrekking tot de kerk, p. 13.

4) Van Dijk. Mens en medemens; een inleiding tot de algemene sociologie, p. 202 en 207 - 208.

by Johnson[1] die dinamiese struktuurfunksionele elemente van sosiale sisteme kortliks omskryf word.

### 2.2.2 Sisteemelemente

Die sisteemelemente van enige sosiale sisteem bestaan uit die struktuurelemente, funksionele elemente en die dinamiese prosesse wat die struktuur en funksies aanmekaar verbind tot 'n eenheid. Elkeen sal kortliks bekyk word.

Die strukturele elemente van sosiale sisteme behels statusrolle, subgroepe, norme en waardes. Waardes dui op die konsepsie van die gewensde gedrag; norme op die positiewe en/of negatiewe gedragsreëls wat konkreet uitgevoer moet word om die waardes te realiseer; die subgroepe is stelsels van interaksie wat normatief beheer word onder leiding van die waardes en die statusrolle dui op die individuele inkleuring van die posisies wat beklee word binne elke besondere sisteem.

Om dié bepaalde bou-ordelike struktuur egter te kan laat bly voortbestaan, moet sekere funksies uitgevoer word deur die rolbekleërs. Volgens Cilliers en Joubert[2] kan dié funksionele elemente van enige sosiale sisteem reduseer word tot vier; naamlik aanpassing, integrasie, patroonhandhawing en spanningsbeheer asook doelbereiking. Die funksionele probleem van aanpassing verwys na die skikking van die sisteem na sy eksterne

1) Johnson. Sociology; a systematic introduction, p. 48 - 56.

2) Cilliers & Joubert. Sosiologie; 'n sistematiese inleiding, p. 32 - 34.

omgewing in terme van die omringende omgewing, individue en groepe. Hierteenoor en hierby aansluitend verwys integrasie na die wedersydse interne gevoelvolle skikking van die statusbekleërs ten opsigte van die norme en waardes geldend binne dié betrokke sisteem. Patroonhandhawing en spanningsbeheer verwys na die handhawing van die kulturele gedragspatrone soos vasgelê in die sisteemtradisies en -geskiedenis wat stabiliserend daarvoor werk, asook na die afreagering van spanninge wat in en om die sisteem opgebou word in die normale wisselwerking wat bestaan met ander individue en groepe. Doelbereiking dui op die toekomstige waarmaking van die aanvanklike (saam)bindingselement(e) van dié betrokke sosiale sisteem en kan net bereik word as al dié funksionele probleme oorbrug kan word deur die sisteemlede.

Die dinamiese sosiologiese prosesse wat die betekenisvolste is vir die totstandkoming en handhawing van 'n sosiale sisteem is interaksie, wisselwerking, internalisering en institusionalisering. Dit is immers die prosesse waardeur die sisteemwaardes, ensovoorts normatief ingebou word in die individu en die groepe en dui op die sosialiseringskanale waardeur dit voortgedra word tussen mense en groepe.

Volgens dié analise blyk dit dat, indien 'n sosiale sisteem wil bly voortbestaan binne die raamwerk van sy strukturele elemente, moet hy die funksionele probleme die hoof kan bied - en by elke sisteem word dan ook subsisteme in werking gestel vir dié doel. So het, byvoorbeeld die samelewing as sosiale sisteem, die politieke subsisteem ontwikkel ter wille van sy doelbereiking, die ekonomiese subsisteem wat primêr help met die funksie van aanpassing terwyl die regstelsel die integrasieprobleme en die godsdienstige subsisteem die patroonhandhawende

en spanningsbeheerfunksies help oplos.

### 2.2.3 Sosiale verandering

Uit die voorafgaande blyk duidelik die kompleksiteit van die ordelikheid van die samelewingsgeheel - en daarby is al dië komponente onderhewig aan voortdurende verandering. Veral drie prosesse speel 'n rigtinggewende rol by sosiale verandering, naamlik segmentasie, spesifikasie en differensiasie.[1] Segmentasie is 'n proses wat verwys na die verskynsel dat 'n groot aantal groepe ontstaan wat basies dieselfde funksie vervul: so bestaan daar byvoorbeeld talle kerngesinne met almal dieselfde struktuur en funksie en is daar talle ekonomiese organisasies wat dieselfde ekonomiese belange bedien, byvoorbeeld banke. Spesifikasie verwys na dië verskynsel dat, hoewel alle samelewings sekere algemene norme het wat vir alle groepe geld, daar tog bepaalde groepe, instellings en organisasies is wat besonderlike waardes en norme het wat net vir hulle geld. Dië besondere waarde- en normekompleks is meestal versoenbaar met die dominante waarde- en normekompleks van die betrokke samelewing waarin dit voorkom. Hierteenoor verwys differensiasie na dië verskynsel dat daar verskille ontstaan in die struktuur en funksies van besondere sosiale sisteme, byvoorbeeld as die ledesamestelling verander, of as dit in klieke opgebreek word, of as hul hulleself losmaak van die eksterne omgewing. Dit gaan dus om 'n proses waarvolgens een groep verdeel word in twee of meer wat doeltreffend(er) (kan) funksioneer onder nuwe historiese omstandighede. 'n Voorbeeld hiervan is die huidige


1) Cilliers & Joubert. Sosiologie; 'n sistematiese inleiding, p. 35 - 36.

kerngesin wat struktureel geïsoleerd geraak het van die vroeëre verwantskapsisteem soos dit vergestalt was in die patriargale familie.

### 2.2.4 Samevatting

Met betrekking tot die studieterrein van die sosiologie behoort die volgende konkluderende samevatting op die stadium deurgegee te word voordat oorgegaan word tot die behandeling van die ensiklopedie van die sosiologie sodat social engineering se plek daarin bepaal kan word.

Figuur 1[1)]




Dié skematiese samevatting kan kortliks soos volg verduidelik word. Die skepping van God is ordelik kragtens die gelding van die Wet

1) Opgestel deur die navorser.

van God. Die Skrif openbaar aan ons die saamleeforde(likheid) met die daarstelling van die huwelik, gesin, bedryf, stad en gemeenskap. Deur die sondeval kom die gebrokenheid en gespletenheid van die aardse skepping (en dus ook van die samelewingsorde) waaraan enersyds voldoen kan word aan die normatiewe strukturele orde wat geld kragtens die Godgegewe wette daarvoor, of andersyds weens die deurwerkende gevolge van die sondeval kan die funksies wat daarbinne vervul word feitelik afwyk van die behorenseise. Die struktuur en funksies van die sisteem word in 'n dinamiese orde verbind deur verskillende sosiologiese prosesse waarin die genoemde tweeslagtigheid telkens blyk. Weens die soenverdienste van Christus behoort die saamleef van mense te voldoen aan die strukturele orde se vereistes soos ingeskape sonder om wettisisties te wees.

Duidelikheidshalwe kan ook die volgende skematiese uiteensetting gegee word in aansluiting by die paradigma van Parsons[1] vir die ontleding van sosiologiese sisteme.

Figuur 2[2]

Instrumenteel voldoenend

| | | |
|---|---|---|
| Ekstern | Dinamiese prosesse | Feitelike orde |
| Intern | Werklikheidsvisie | Normatiewe orde |

1) Parsons. The social system, p. 86 - 110.

2) Opgestel deur die navorser.

Uit dië skema blyk dat in terme van dië paradigma die dinamiese prosesse ekstern aan die sosiale sisteem bestaan saam met die feitelike orde. Hierteenoor is die werklikheidsvisie en die normatiewe orde intern aan die sisteem wat in terme van die funksionele imperatiewe van handeling meen dat die dinamiese prosesse 'n aanpassingsprobleem, die feitelike orde 'n doelbereikingsprobleem, die wysgerige ondergrond 'n integrasieprobleem en die normatiewe orde die patroonhandhawende probleem vir die sosiologie se studieveld is vir sover dit definieerbaar is as 'n sosiale sisteem.

## 2.3 Die ensiklopedie van die sosiologie

### 2.3.1 Inleiding

Die bepaling van die ensiklopedie van die sosiologie moet uit die aard van die saak vanuit die sosiologie self geskied - en dan wel vanuit die wysgerige sosiologie. Dit is so omdat die sosiologie self sy veld moet definieer en omskryf vanuit sy eie wysgerige ondergrond - net soos dit die geval is met alle ander vakwetenskappe. Hier word dus uit die aard van ons werklikheidsvisie aansluiting gevind by die Skrifgefundeerde wysgerige sosiologie.

### 2.3.2 Uiteensetting

Weens die uiteenlopende wysgerige strominge deur die eeue waarby die sosiologie aansluiting kon vind en op gefundeer is, bestaan daar ook uiteenlopende opvattings binne die sosiologie in sy verskillende skole omtrent die ensiklopedie van die sosiologie.

Die ensiklopedie van die sosiologie is volgens die werke van Dooyeweerd[1], Dengerink[2] en Van Dijk[3] onderskeibaar in die wysgerige sosiologie, die algemene sosiologie en die aspeksosiologieë. Hierby kom ook nog die geskiedenis van die sosiale denke en die geskiedenis van die sosiologie. Skematies kan dit soos volg binne die parsoniaanse paradigma geplaas word.

Figuur 3[4]

Instrumenteel voldoenend

| | | |
|---|---|---|
| Ekstern | Algemene sosiologie | Aspek sosiologieë |
| Intern | Wysgerige sosiologie | Geskiedenis van die sosiale denke en van die sosiologie |

Nadere toeligting van die afsonderlike ensiklopediese dele van die sosiologie moet ter verduideliking aangebied word met die oog op die uiteindelike plasing van <u>social engineering</u> binne die raamwerk van die ensiklopedie.

1) Dooyeweerd. A new critique of theoretical thought.

2) Dengerink. Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der "soevereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw.

3) Van Dijk. Mens en medemens; een inleiding tot de algemene sociologie.

4) Opgestel deur die navorser.

As ekstern instrumenteel met betrekking tot die struktuur van die ensiklopedie van die sosiologie wil die algemene sosiologie tweërlei taak, naamlik die bestudering van die struktuurprinsipes van die konkrete samelewingswerklikheid en die wetenskaplike beskrywing en teoretiese verwerking van dié konkrete vorme en feite van die menslike samelewing.

Hierteenoor is die wysgerige sosiologie die interne instrument van die sosiologie wat as wetenskap die aspek van die normatiewe struktuurprinsipes van die samelewingswerklikheid teoreties klassifiseer. Die verskillende aspeksosiologieë as ekstern voldoenend wil die spesialisasierigtings wees wat die verskillende aspekte van die saamleef van mense deurgrond, en die geskiedenis as intern voldoenend wil 'n analise maak van die wetenskaplike beskrywing en verklaring van die saamleefteorieë deur die eeue heen.

### 2.3.3 Samevatting

Uit die voorafgaande uiteengesette struktuur van die ensiklopedie van die sosiologie blyk dus dat die sosiologie as vakwetenskap onderverdeelbaar is in terme van die vier funksionele imperatiewe van handeling: die algemene sosiologie werk aanpassend, die geskiedenis werk patroonhandhawend, die wysgerige sosiologie werk integrerend en die aspeksosiologieë werk doelbereikend met betrekking tot die struktuur van die ensiklopedie van die sosiologie.

## 2.4 Die plek van social engineering in die ensiklopedie van die sosiologie

### 2.4.1 Inleiding

Voordat enige sistematiese klassifikasie van social engineering gemaak kan word, moet vooraf eers aandag gegee word aan die definiëring en omskrywing asook aan die tipes van social engineering.

### 2.4.2 Definiëring en omskrywing van social engineering

#### 2.4.2.1 Inleiding

By die definiëring en omskrywing van social engineering moet eweneens rekening gehou word met die veelheid skole en rigtings in die sosiologie en dus die telkens anderse aksentuerings.

#### 2.4.2.2 Verskillende definisies en omskrywings

'n Oorgang van die beskrywing en begrype van verskynsels met behulp van wetenskaplike kenmetodes na pogings om dié verskynsels diensbaar te maak op konkrete vlak, vereis die oorgang van wetenskaplike kenresultate na tegnologie. Tegnologie is toegepasde wetenskaplike kennis. Wanneer die wetenskaplike kenresultate van, byvoorbeeld die fisika toegepas word op die ontwerp van 'n brug of 'n masjien, is daar sprake van fisiese tegnologie. Netso indien die wetenskaplike data van die sosiologie of ander sosiale wetenskap gebruik word om planne uit te werk wat die funksionering van die strukture van, bv. regerings of die afname van misdaadsyfers wil bewerk, of die

verspreiding van werkgewing wil beïnvloed, het ons met sosiale tegnologie te make. "When the plans so worked out are put into effect for the purpose of changing conditions, we have social engineering, that is, to the extent that the principles of social technology are actually employed."[1] Die social engineer gaan dus skynbaar uit van die veronderstelling dat die wetenskap, byvoorbeeld aan ons moet sê watter stappe ons moet neem indien ons 'n depressie wil afweer of tot stand wil bring, wat ons moet doen indien ons die samelewing wil laat stagneer en wat ons moet doen indien ons dit radikaal wil verander.

Volgens Gross[2] pas social engineering sosiale beplanning sistematies toe. Hierby sluit ook Dawson en Gettys[3] aan met hul stelling dat social engineering gebruik word waar agterbuurte opgeruim word en lae koste behuisingskemas ontwikkel word, asook speelgronde, parkering en landskapsbeplanning uitgevoer word.

Volgens Popper[4] vra die social engineer nie na die historiese tendense of na die einddoel van die mens nie. Die social engineer glo dat die mens die meester van sy eie bestemming is en dat die mens in ooreenstemming daarmee die geskiedenis kan beïnvloed op dieselfde wyse as wat hy die voorkoms van die aarde verander het. Selfs dié doelstellings kom nie histories op die mens af nie, maar die mens kies dit self of skep dit self op dieselfde wyse as wat hy nuwe kunswerke of nuwe masjinerie

1) Dawson & Gettys. An introduction to sociology, p. 671.

2) Gross. Symposium on sociological theory, p. 229.

3) Dawson & Gettys. An introduction to sociology, p. 671.

4) Popper. The open society and its enemies; the spell of Plato, vol. 1, p. 159.

ontwerp. Kortweg formuleer hy dit só: "... the social engineer believes that a scientific basis of politics... would consist of the factual information necessary for the construction or alteration of social institutions, in accordance with our wishes and aims."[1]

Indien dít geneem sou kon word as die basiese gemeenskaplike denkinhoud ten opsigte van wat social engineering behels, neem dit nog nie die verskille weg tussen die verskillende skole se interpretasie en aanwending daarvan nie - so het elke skool dan ook sy eie besondere bydrae gehad tot die manipulasie-ideaal. Aansluitende by Popper[2] kan drie soorte social engineering onderskei word soos dit na vore gekom het in die bestudeerde literatuur, naamlik die makro-, meso-, en mikromanipulasie. Die kenmerke van elkeen word vervolgens uiteengesit in 'n tipologie van social engineering.

### 2.4.2.3 Tipologie van social engineering

#### 2.4.2.3.1 Makromanipulasie

Makromanipulasie is 'n tipe social engineering wat 'n ideale organisasie van die samelewing as geheel wil realiseer aan die hand van die konstruering van 'n bloudruk van die samelewingsgeheel.[3] Dit staan ook bekend as utopiese social

1) Popper. The open society and its enemies; the spell of Plato, vol. 1, p. 22,

2) Ibid., p. 132 - 158 en p. 157 - 163.

3) Ibid., p. 159.

engineering.[1] Makromanipulasie van die samelewingstotaliteit veronderstel twee basiese aannames, naamlik dat daar rasionele metodes is om vas te stel wat die eenmalige ideaal vir die samelewings van alle tye is en dat daar vasgestel kan word watter middel die beste vir die realisering daarvan is.[2] Dit veronderstel verder dat daar universele konsensus sal wees onder die samelewingslede en hul leiers met betrekking tot dié ideaal en die metodes vir die realisering daarvan. Kortweg kom makromanipulasie dus daarop neer dat die hele samelewingstruktuur en -funksionering hergiet of herkonstrueer moet word.

2.4.2.3.2 Mesomanipulasie

Teenoor die makromanipulasie wat die totale samelewing wil verander na utopiese stabiliteit, wil die mesomanipulasietipe van social engineering slegs bepaalde instellings van die samelewing hergiet of herkonstrueer.[3] Alleen deur die modifikasie van die instellings kan dan hiervolgens geleer word hoe die een by die ander instelling inpas en hoe om hul aan te pas sodat hulle werk volgens die manipuleerders se intensie. Dit laat openinge vir voortdurende aanpassings en skommelinge. Hiermee bedoel Popper[4] nie dat die mesomanipulasie betrek is op klein probleme en dat dit nie ook radikaal kan wees nie. Hy sê: "But I think that the degree of complication which we

1) Popper. The open society and its enemies; the spell of Plato, vol. 1, p. 157.

2) Ibid., p. 161.

3) Ibid., p. 143.

4) Ibid., p. 285.

can tackle is governed by the degree of our experience gained in conscious and systematic piecemeal engineering."[1)]

Verder kan mesomanipulasie uitgevoer word onder realistiese omstandighede, naamlik te midde van die samelewing se bestaande orde sonder om die hele samelewing te wil verander in die sin van die daarstelling van bloudrukke van byvoorbeeld teendepressiebegrotings, opvoedkundige hervormings en werkloosheidsversekering.[2)]

### 2.4.2.3.3 Mikromanipulasie

Hoewel Popper dit nie self direk tipeer en onderskei nie, kan daar tog uit sy en ander geskrifte afgelei word dat 'n derde tipe social engineering onderskei kan word uit die volgende aanhaling: "Even a man who opens a new shop... is carrying out a kind of social experiment on small scale; and all our knowledge of social conditions is based on experience gained by making experiments of this kind."[3)]

Hieruit kan afgelei word dat Popper mikromanipulasie sien as die oervorm van sosiale manipulasietipes, dit wil sê ten grondslag van meso- en makromanipulasie lê die mikromanipulasie. Die standpunt is in ooreenstemming met die sosiologiese feit dat die individu die aksiesentrum is in elke groep, gemeenskap en samelewing.[4)] Die onderskeiding van dië drie tipes social

1) Popper. The open society and its enemies; the spell of Plato, vol. 1, p. 285.
2) Ibid., p. 165.
3) Ibid.
4) Roode. Inleiding tot die sosiologie, p. 71.

engineering is verder ook in een lyn met die bekende en aanvaarde trichotomie in die sosiologie van individu, groep en samelewing.

### 2.4.2.4 Kenmerke van social engineering

#### 2.4.2.4.1 Samewerkend

Die samewerkende kenmerk van social engineering het twee kante. Eerstens beklemtoon dit samewerking "... across lines of divergent action interests in a given situation requiring change."[1] Dit behels dat persone gehelp moet word om in te sien dat die taak lê in die ontdekking en konstruering van 'n algemene belang uit die botsende belange wat hul bring in die interpretasie van die situasie en van die rigting van verandering daarin. Dit beteken verder dat dié algemene belang wat deur akkommodasie bereik kan word, beter sal wees en groter waarde sal inhou vir die betrokkenes. Terselfdertyd moet die botsende belange gesien word as die materiaal (roumateriaal) waaruit die algemene belang gekonstrueer moet word.

In die tweede plek beklemtoon dit samewerking "... across lines of 'theory' and 'practice'."[2] Beplande verandering in byvoorbeeld 'n skoolsituasie, moet gebaseer wees op die beste beskikbare kennis van die betrokke verhoudinge en strukture van sosiale kragte en faktore wat verskillende moontlikhede in die verandering van alternatiewe gedragspatrone bevorder.

1) Benne. Democratic ethics and human engineering. (In Bennis, Denne & Chin. The planning of change, p. 143.)

2) Ibid.

2.4.2.4.2 Toekomsgerig

"The social engineer, if he is working democratically, must leave the persons and groups with whom he works better equipped to solve the particular problems which he has helped them to solve. But he must also leave them better equipped to solve subsequent problems of change, including the management of personal adjustments which change in social arrangements always requires."[1] Dit gaan dus hier om 'n dinamiese instede van 'n statiese interpretasie van social engineering, en elke verandering moet in dié raamwerk gesien word as 'n opvoedkundige onderneming met die oog op die toekoms.

2.4.2.4.3 Eksperimenteel

Omdat dit gemeenplaas is van die kontemporêre demokratiese inslag dat sosiale rangskikkings gesien word as onderworpe aan wysiging en verandering indien hul invloed op persone oortuigend bevraagteken kan word, veronderstel dit 'n eksperimentele houding ten opsigte van alle sosiale rangskikkings. Dit sluit sosiale rangskikkings in wat gevorm en hervorm is in beplanningsprosesse, sowel as dié wat deur gewoonte en gebruike gevorm is.

Beplande rangskikkings moet volgens Benne[2] gesien word as iets wat in die praktyk getoets moet word en gebruik moet word in terme van hul invloede op die mens wanneer dit in werking gestel

1) Benne. Democratic ethics and human engineering, p. 143.

2) Ibid., p. 144.

word. Dit is nie voldoende dat net die spesialiste wat hierby betrokke is eksperimenteel sal ingestel wees nie - almal wat daaraan deel het moet navorsing doen. Hy sê: "Such research is of equal importance in the evaluation of arrangements instituted by planning. That all educational practitioners, children and laymen participating in educational change become experimental in their attitude toward relationship problems faced and 'research-minded' in their search for and evaluation of solutions set an impressive task for social engineering."[1)]

Hoewel dit 'n anti-individualistiese aard het, moet die manipulering van verandering nogtans 'n behoorlike area van privaatheid insluit waarin ook die kreatiewe persone vryelik kan ontwikkel. Die bepaling van dié privaatheidsarea in die sin van vrywilligerassosiasies waarin privaatoordeel en inisiatief kan funksioneer, moet gebaseer wees op 'n 'kollektiewe' besluit met betrekking tot samewerkende beplanning en nie net op dogmas oor die aard van die mens nie.

#### 2.4.2.4.4 Taak-georiënteerd

Die manipulering van verandering moet taak-georiënteerde handelinge wees.[2)] Dit beteken dat dit gekontroleer sal moet word deur die vereistes van die probleem ter sake, eerder as om georiënteer te wees tot die instandhouding of uitbreiding van die prestige of mag van diegene wat bydraes maak. In terme van sosiale beheer beteken dit dat veranderinge anti-outoritêr

1) Benne. Democratic ethics and human engineering, p. 144-145.
2) Ibid., p. 145.

bestuur moet word. "How to convert the perception of favoured principles by those who held them from dogmas to 'hypothesis' remains a central problem for democratic social engineers."[1]

2.4.2.5 Die kernelemente van social engineering saamgevat

1 Die doeltreffende onderhouding en uitbreiding van demokratiese waardes in die huidige industriële kultuur vereis doelgerigte sosiale manipulering.

2 Die noodsaaklikheid van beplande sosiale verandering wortel in die industriële leeftoestande - en beplande verandering vereis leierskap, kennis en mobilisasie van die begrip, die vaardigheid en tegniek van die social engineer.

3 Social engineering sal demokratiese waardes en doelstellings dien net indien dit gelei word deur metodologie wat basiese demokratiese waardes insluit as norme vir prosedure.

4 Demokratiese etici moet dus demokratiese waardes omskep in metodologiese norme vir die kontrole van prosesse vir beplande verandering en mense oplei as social engineers sodat hul die vaardighede, tegnieke ensovoorts van effektiewe stimulering en induksie van verandering in persone en groepe en die sosiaal-psigologiese gevolge daarvan kan ontwikkel.

1) Benne. Democratic ethics and human engineering, p. 145.

5 "We must find ways for teaching the technique of social engineering not as isolated 'bags of tricks' but as the 'hands and feet' which the ethical and methodological 'heart and hand' of democratic action require in today's world."[1)]

## 2.5 Ensiklopediese plasing van social engineering

Nou dat die aard en kenmerke van social engineering ontleed en die ensiklopedie van die sosiologie uiteengesit is, kan social engineering ensiklopedies geplaas word met die oog op die verdere verloop van die studie.

In terme van die twee vooraf uiteengesette paradigmas[2)] en teen die agtergrond van die studieterreine van die vier hoof-subsisteme van die sosiologie se ensiklopedie, kan social engineering geplaas word as subsisteem van die algemene sosiologie. Dit is so omdat social engineering as dinamiese proses 'n eksterne instrumenteel voldoenende proses is. Dit wil immers verandering van die samelewing, instelling of groep van buite af aanbring nadat die struktuur daarvan vasgestel is.

As dinamiese veranderings- en veranderende proses moet die verband tussen social engineering en sosiale verandering ook bepaal word.

1) Benne. Democratic ethics and human engineering, p. 148.

2) Kyk hoofstuk 2, paragraaf 2.2.4 en paragraaf 2.3.2.

## 2.6 *Social engineering* en sosiale verandering

### 2.6.1 Inleiding

Indien die vooraf uiteensetting bestudeer word, blyk dit dat die verhouding tussen *social engineering* en sosiale verandering hoofsaaklik tweërlei van aard is. Eerstens kan *social engineering* daarop afgestem wees om sosiale verandering tot stand te bring en tweedens, kan dit daarop gemik wees om sosiale verandering stop te sit. Dit sluit natuurlik nie die moontlikheid uit dat dit die *status quo* ook kan en wil handhaaf nie. Dikwels is dié moontlikhede in die werklikheid egter moeilik onderskeibaar en skeibaar, aangesien die manipulerende beplande verandering van die bestaande sosiale orde meesal in die geval van *social engineering* uiteindelik ten doel het om in die 'nuwe orde' geen sosiale verandering meer toe te laat nie.

Vooraf moet ook daarop gelet word dat met die begrip sosiale verandering hier bedoel word die groot oorgange wat in die menslike samelewing plaasvind en hoe dié groot oorgange die menslike instellings, houdinge, idees en gedrag beïnvloed en rig in die sin van hoe dit die mens in groepsverband stimuleer om die probleemsituasies wat daaruit ontstaan, die hoof te bied.[1)]

Ten einde die verhouding tussen *social engineering* en sosiale verandering duidelik te kan onderken, word kortliks na enkele teorieë vir die verklaring van sosiale verandering gekyk om vervolgens dan meer aandag aan die verhouding tussen *social*

1) Wirth. The significance of sociology. *International social science bulletin*, 2:197 - 202, 1951.

engineering en die sibernetiese teorie van sosiale verandering te gee omdat dit van besondere belang is vir hierdie navorsing.

### 2.6.2 Verskillende teorieë van sosiale verandering

#### 2.6.2.1 Die evolusieteorie[1)]

Auguste Comte, Karl Marx, Robert MacIver en Daniel Lerner is van die belangrikste verteenwoordigers van dié teorie van sosiale verandering wat inhou dat die menslike samelewing progressief ontwikkel na beter en hoër strukture. Volgens Comte gaan dit van die teologiese na die positiewe, volgens Marx van die primitiewe na die ekonomiese, volgens MacIver van die kommunale na die assosiatiewe samelewingsvorm en volgens Lerner van die tradisionele na die deelhebbende samelewing.

#### 2.6.2.2 Die devolusieteorie[2)]

Ferdinand Tönnies en Robert Redfield gaan uit van die standpunt dat die menslike samelewing ontwikkel of beweeg van 'n meer gewensde na 'n minder gewensde struktuur. So sien Tönnies dié devolusie vanaf die gemeenskap na die maatskappy en Redfield van die volksgemeenskap na die stedelike gemeenskap - by beide dus vanaf die meer persoonlike verhoudinge na die onpersoonlike en saaklike verhoudinge.

1) Kruger. Anomie; 'n kritiese ontleding van die teorie met verwysing na enkele sosiaal-patologiese verskynsels, p. 130.

2) Ibid., p. 133.

### 2.6.2.3 Die ekwilibriumteorie[1]

Die ekwilibriumteorie van sosiale verandering gaan uit van die veronderstelling dat die stadia van devolusie en evolusie mekaar siklies opvolg. Hierin is tweërlei moontlikhede opgesluit. In die eerste plek kan die samelewing vanaf 'n besondere punt van balans devoluerend verander totdat die aanvanklike punt van die balans weer bereik is en die proses van vooraf herhaal word soos uiteengesit deur onder andere Vilfredo Pareto. In die tweede plek stel Pitirim A. Sorokin, byvoorbeeld weer dat die samelewing telkens terug beweeg of verander na 'n hoër posisie as die aanvanklike wat kan beteken dat die samelewing in die opeenvolgende deurloop van die prosesse van devolusie en evolusie kan beweeg na 'n hoër punt van ordelikheid as met die aanvanklike vertrekpunt.

### 2.6.2.4 Die sibernetikateorie

#### 2.6.2.4.1 Inleiding

Die begrip sibernetika is afgelei van die Griekse woord <u>kubernetês</u> wat stuurman beteken en waarvan die wetenskaplike gebruik dateer uit 1947 toe N.Wiener[2] dit die eerste keer gebruik het in sy studie van die veranderlike wêreld en dan wel in sin van die beheerbaarheid daarvan. Sibernetika (stuurmanskuns) veronderstel dus dadelik iets of iemand wat stuur en iets of iemand wat gestuur word; in dié geval dan die samelewing wat gestuur word deur die <u>social engineer</u>.

1) Kruger. Anomie; 'n kritiese ontleding van die teorie met verwysing na enkele sosiaal-patologiese verskynsels, p. 137.
2) Van der Merwe. Grepe uit die kontemporêre wysbegeerte, p. 94.

Sibernetika impliseer dus metabletika, wat dui op die veranderinge wat gepaardgaan met die afwyking van norme of met die daarstelling van nuwe norme.

Van der Merwe[1] vat die wesentlike van die sibernetika goed saam met die volgende uitspraak: "Van stuurkunde is daar sprake waar daar beweging, verandering, nuwe omstandighede, dinamika is, waarby iets van een punt af na 'n bepaalde doelwit gerig moet word. Goed kontemporêr ag die sibernetika die werklikheid veranderlik, en wil nou die wyses bestudeer waarop innerlike gedrag gestuur kan word: primêr van mense maar sekondêr tewens van masjiene. Die eerste probleem is nou wat verandering of afwyking is. Die sibernetika beantwoord dié vraag as 'n wegbeweeg van 'n bepaalde struktuur, kode, norm, ens. 'n Bestuurder kan hierdie afwyking van die normale opmerk, meestal die mate van afwyking van die norm ook meet of skat, en dan op die gang van die afwykende proses ingryp om 'n korreksie aan te bring. So word reguleer van 'n bepaalde proses moontlik, danksy die prinsiepe van terugkoppeling, wat in bepaalde gevalle geoutomatiseer kan word."

Sibernetika kan dus gesien word as 'n wetenskaplike metode wat hom daarop toelê en trag om die veranderlike wêreld te beheer. In die middeleeue wou die denkers dié beheer uitoefen deur die vastheid en blywendheid te poneer van die ewige dinge; gedurende die moderne tyd deur die vastheid van die aangebore kennis en in die huidige tyd deur middel van die dinamiese ewewig wat gehandhaaf moet/kan word in die samelewing.

1) Van der Merwe. Grepe uit die kontemporêre wysbegeerte, p. 94.

Aangesien social engineering onlosmaaklik verbonde is aan stuurkunde as manipulering van die samelewing en sy subsisteme, dien verder ingegaan te word op die aard van sibernetika en die verband daarvan met social engineering. Die volgende verbandhoudende faktore word nou nader beskou.

### 2.6.2.4.2 Ultrastabiliteit[1)]

Die grondliggende tema van sibernetika is altyd die regulering en kontrole van oop sisteme. Dit stel belang in die ewewigtige stabiliteit (homeostase) van sosiale organisasies en samelewings. Dit gaan uit van die veronderstelling dat enige oop sisteem wat binne 'n veranderende omgewing is, ǒf moet verander ǒf moet ten gronde gaan. Die moontlikheid of vermoë om te bly voortbestaan gedurende 'n struktuurverandering en die daarmee gepaardgaande gedrags- of funksieverandering, word ultrastabiliteit genoem. Indien 'n komplekse sosiale organisasie kritiese veranderinge wil oorleef, moet dit sy struktuur en funksies ook dienooreenkomstig kan wysig. Dat Brittanje die middeleeuse, die goue en kapitalistiese tydperke oorleef het, dui daarop dat dit as nasionale staat ultrastabiliteit het. Industrieë wat die afgelope vyftig jaar se sosiale veranderinge deurstaan het, het dit kon doen deur 'n proses van selfveranderende aanpassende inpassing - en nie deur die onveranderde kontinuïteit van sy oorspronklike struktuur en funksie nie.

Die begrip ultrastabiliteit help dus om 'n onderskeiding te maak tussen sosiale sisteme wat stabiliteit verwerf onder spesifieke,

1) Cadvallender. The sybernetic analysis of change. (In Etzioni & Etzioni. Social change, p. 159 - 164).

konstante toestande en dié wat nuwe funksies en strukture aanleer/aanvaar/implimenteer en sodoende stabiel bly onder veranderende toestande. Met betrekking tot die verhouding sosiale verandering, sibernetika en social engineering, is laasgenoemde geval die fokuspunt van hierdie studie en moet veral gelet word op kommunikasie.

## 2.7 Kommunikasie

Uit die sibernetiese-manipulerende oogpunt is enige groot formele organisasie 'n kommunikasienetwerk en kan dit juis daardeur nuwe funksies aanleer deur innovasie van die strukturele norme en waardes.

Enige sosiale sisteem wat veranderend stabiel wil bly (ultrastabiel) moet sekere spesifieke terugvoermeganismes, sekere informasie, kommunikasiekanale, informasiesektore en besluitnemende fasiliteite hê. Kortweg: die kompleksiteit van doelgerigte gedrag is 'n funksie van die kommunikasiekomponente as dele van die sisteem. Dit is so omdat enige doelgerigte handelinge van 'n sisteem juis doelgerig kan wees weens die fasiliteite en operasionele informasievloei deur reseptore, kanale, selekteerders, terugkoppelings en uitvoerders wat alles gerugsteun word deur 'n geheue. Indien 'n sosiale sisteem dus onder moeilike omstandighede doeltreffend bly funksioneer deur die funksionele probleme op te los, kan die antwoord daarop gesoek word in sy kommunikasie-, informasie-, en kontrolemeganismes. Hierby moet nog onthou word dat "... the range of possible new combinations that may be formed by an innovating system depends upon the possible range of output, the range of available information stored in the memory, and

the operating rules (program) governing the analysis and synthesis of the flow of information within the system."[1)]

Om dus te kan leer en ter wille van innovasie moet die sisteem in staat wees om informasie te kan analiseer, dit wil sê hy moet dit kan skei in die konstituerende dele. In 'n sosiale sisteem is dít die konsekwensie van sekere eksplisiet-funksionerende reëls oor wat kan, wat behoort gedoen te word deur wie, en wanneer.

Indien die probleemoplossings van die sisteem georganiseer is in terme van die sukses en mislukkings van die verlede, sal dít 'n punt in sy ontwikkeling bereik waarin dit geen nuwe aanwendings sal maak nie, want alle hindernisse sal aangevul word met tegnieke wat reeds bekend staan as die suksesvolles. Innovasie bestaan dus daarin dat so 'n vasvriesing van die gedrag van die sisteem in ou patrone afgewend sal word. Die gebrek aan informasie (vergeet) oor die verlede herroep of dwarsboom dié vasvriessingsproses tot op sekere hoogte in alle oop sisteme wat 'n sekere mate van kompleksiteit besit.

## 2.8 Die verhouding tussen sibernetiese sosiale verandering en social engineering

Uit die analise van die omskrywings wat van beide dié verskynsels gemaak is, blyk dit dat daar 'n onlosmaaklike verhouding tussen hulle moet bestaan. Beide die sibernetika en social engineering is bekommerd oor sosiale verandering. Weliswaar wil

1) Cadvallender. The sybernetic analysis of change, p. 161.

die sibernetika 'n tydelike opdamming van die chaos wat voortkom uit die voortdurende verandering, teenoor die social engineer, wat die sosiale verandering permanent wil opdam in 'n utopie. Dit blyk dus of die verskil lê in die tydsduurte van die prosesse: die sibernetika is meer tydelik en situatief terwyl die social engineer meer permanent en universeel is.

Verder moet daarop gelet word dat die sibernetika die sosiale verandering wil terugstuur na die norm waarvan dit afgewyk het, terwyl die social engineer juis rebellerend 'n nuwe norm wil realiseer waaraan universeel gekonformeer moet word. Die wesentlike van die saak is dat die sibernetika 'n middel of metode in die hand van die social engineer is waarmee al die nodige terugkoppelings gemaak kan word om vas te stel of die beplande sosiale verandering deur die social engineer wel (nog) op koers is.

## 2.9 Samevatting en eie opvatting

Dat die tyd waarin ons leef 'n tyd is wat weens onder meer ook sy dekadensie om beheer roep, behoef geen betoog vir die ingeligde nie; en dan wel beheer van 'n positiewe christelike aard met betrekking tot ons samelewing en kultuur. Die rol van die sosioloog in die beheer van die menslike samelewing se kulturele dekadensie is voor die hand liggend aangesien hy dié verskynsel in sy totale omvang watenskaplik wil deurgrond en onderken. Hoewel die sosioloog van ons dag (net soos in die verlede) nie die enigste social engineer is nie, begin hy egter 'n al meer leidende rol speel in die aanvaarding van die ingenieursmodel as synde die modelrol vir die sosioloog.

Vir die huidige lyk dië rol hoofsaaklik humanisties gekleurd te wees, vanweë die selfskeppende ideaal van 'n affluent utopie. In dié beplannende, eksperimentele doelgerigtheid met die oog op verandering van die toekoms, word eg natuurwetenskaplike en positivistiese elemente ingebou. Die sibernetika speel hierin skynbaar 'n baie belangrike rol: veral in die realisering van die ultrastabiliteit van dié beplande utopie(ë). Verskillende skole of rigtings in die ontwikkelingsgang van die sosiologie het op besondere wyse voorbereidingswerk en positiewe bydraes gemaak tot die realisering van dié ideale van die social engineers. Die bydraes en deurwerkende gevolge hiervan sal voorts nagegaan word ten opsigte van die genoemde hoofstrominge in die sosiologiese teorie.

HOOFSTUK 3

# 3 Die bydrae van die Meganistiese Skool tot social engineering

## 3.1 Inleiding

Teen die agtergrond van die aard en kenmerke van social engineering sal in dië hoofstuk gepoog word om die bydrae wat die Meganistiese Skool in die sosiologie gelewer het tot die implimentering van die aard en beginsels van social engineering op teoretiese en praktiese vlakke van die samelewing, na te gaan. Die aandag sal hoofsaaklik toegespits word op die hoofverteenwoordiger(s) van die skool[1], aangesien 'n poging tot volledigheid hieromtrent 'n studie op sigself is en nie hierin ter sprake is nie.

Die Meganistiese Skool as tak van die Positivistiese Skool in die sosiologie bestaan uit alle sosiologiese denksisteme in die sosiologie wat sosiologiese verskynsels interpreteer in terme van die fisika, chemie en meganika.[2]

## 3.2 Ontstaansagtergrond van die Meganistiese Skool

Die kernelemente van die meganistiese interpretasie van die samelewingsverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse dateer reeds vroeg uit die wetenskaplike geskiedenis van die Westerse samelewing. Volgens Sorokin[3] is die essensie van die Meganistiese

1) Veral A. Comte se bydrae is hier in die visier.

2) Sorokin. Contemporary sociological theories, p. 3.

3) Ibid.

Skool wat alle sosiale aktiwiteite sien as blote variasies op fisiese verskynsels, essensieel monisties; daarom herlei hy die ontstaan van dié skool terug na alle monistiese konsepsies wat alles uit een oorsprong verklaar. So voer Sorokin[1] die oorsprong van die Meganistiese Skool terug na sulke Griekse denkers soos Thales, Anaximenes, Empedokles, Demokritos en Anaxagoras.

Die staatsuniversalisme van die Grieke[2], die kerkuniversalisme van die middeleeue[3] en die kontrakteoretici[4] word gangbaar beskou as die grondpilare vir die uitkoms van die wetenskapsbeoefening van die moderne tyd.[5] Die wetenskaplike denke van die moderne tyd word gangbaar ook getipeer as rasionalisme: dit wil sê die oorbeklemtoning van die rede of verstand van die mens. Die menslike rede word oppermagtig verklaar: soveelso dat die rede verhef word tot wetgewer vir die aardse werklikheid waaronder ook die samelewing.

Hoewel die rede verhef is, is daar tog menslikerwyse en weens die veelheid moontlikhede, variasies geplaas op die belangrikheid al dan nie van sekere funksies van die rede. So ontstaan daar verskeie tipes en onderstrominge in die rasionalisme. Die hoofverdelings is dié tussen die ou- en die laat-rasionalisme met elk drie onderstrominge wat skematies soos volg uiteengesit kan word:

1) Sorokin. Contemporary sociological theories, p. 3.
2) Van der Walt. Geskiedenis van die sosiologie; die opkoms van die sosiale denke, p. 3 - 8.
3) Ibid.
4) Ibid.
5) Ibid.

| | | |
|---|---|---|
| Ou-rasionalisme | ——————— | Sciëntialisme |
| | ——————— | Praktikalisme |
| | ——————— | Idealisme |
| Laat-rasionalisme | ——————— | Positivisme |
| | ——————— | Neo-positivisme |
| | ——————— | Neo-idealisme |

Sintese van verskillende uitsprake aangaande dié onderskeidings bring aan die lig dat die rasionalisme die rede van die mens onderverdeel in die praktiese en teoretiese rede. Die telkens drie onderstrominge by die twee hooftipes, beskou dan elke keer die teoretiese rede (scientialisme en positivisme) en die praktiese rede (praktikalisme en neo-positivisme) as die hoogste noemer van die redelike aktiwiteite. Die idealisme en neo-idealisme poog telkens om die praktiese en teoretiese rede met mekaar te versoen.

Die grondverskil tussen die ou-rasionalisme en die laat-rasionalisme lê volgens Spier[1)] in die klem wat gegee word aan die kenresultaat (ou-rasionalisme) en die kenmetode (laat-rasionalisme). In dié kader is die ou-rasionalisme 'n meer statiese en die laat-rasionalisme 'n meer dinamiese denktipe.

Hieruit blyk dat die Positivistiese Skool in die wysbegeerte en die Meganistiese Skool in die sosiologie, hul ontstaan te danke het aan 'n reaksiedenke teen idealistiese spekulasies in die wetenskap.

1) Spier. Van Thales tot Sartre; wijsgeren uit oude en nieuwe tijd, p. 123.

## 3.3 Die kenmerke van die Meganistiese Skool

### 3.3.1 Vooruitgaande natuurwetmatigheid

Volgens Viljoen[1] het die ontdekking van natuurwette deur Newton en andere, aanleiding gegee tot die gedagte dat soortgelyke wette ook teenwoordig is in die sosiale werklikheid en dat dit die sosiale werklikheid op soortgelyke wyse beheer as wat die geval in die natuur is. Viljoen[2] verduidelik verder dat die formidabele resultate van die natuurwetenskappe die verbeelding van die geesteswetenskaplikes aangegryp het - vandaar hul natuurwetmatige oriëntasie. Verskillende verteenwoordigers van die Meganistiese Skool in die geskiedenis van die sosiale denke en die sosiologie laat hul op variërende wyse uit oor dié aangeleentheid. Die opvattinge van enkeles word kortliks bekyk met die hoofklem op dié van A. Comte weens sy omvattende en grondleggende bydrae in die verband.

Montesquieu[3] meen in dié verband dat die wette in die algemeen kenbaar is uit die aard van die dinge waarvoor hulle geld: dit wil sê indien mens die aard van mense en volke ken, ken mens ook die wette wat hulle beheer. Die kennis wat die natuur van die wette bied, behoort egter gesoek te word en is te vinde in die

1) Viljoen. 'n Kritiese ontleding van die neo-positivistiese elemente in die sosiologie van George A. Lundberg, p. 33.

2) Ibid., p. 80.

3) Ibid., p. 33.

konkrete feite van die lewe. By die gedagtegang sluit Comte aan vir sover dit direk verband hou met sy positivistiese opvattinge. Comte[1] sê dat dít een van die fundamentele trekke van sy positivistiese filosofie is wat hy wil uitbou, naamlik dat alle verskynsels beskou word as onderworpe aan onveranderlike natuurwette. Die doel van alle navorsingsaktiwiteite is juis die bepaling van die aard en hoeveelheid van dié wette.

Gedurende die tyd van Comte se sisteemformulering was die intellektuele klimaat in Frankryk goed geïntegreerd met betrekking tot die menslike samelewing en ten opsigte van die wette wat dit sou beheer. Hierin is aan die natuurwet van vooruitgang 'n voorkeurplek gegee. Dit blyk onder andere uit sekere voorlopers van Comte wat reeds gesoek het na só 'n natuurwet van vooruitgang wat allesbeheersend sou wees.

In hierdie gees het byvoorbeeld Pascal[2] reeds aangevoer dat die kontinuïteit van menslike samelewings in gedetermineerde ontwikkeling na hoër en beter stadiums vergelyk kan word met 'n individu wat ewig leef en voortdurend nuwe kennis akkumuleer. Dié vooruitgaande ontwikkeling van die menslike samelewing wat gebaseer is op natuurwette is reeds deur Turgot[3] ontwikkel met sy stelling dat dié proses deur drie stadiums gaan. Hy wys daarop dat die vooruitgang van die samelewing na beter en hoër vorme saamhang met die geleidelike ontgroeiing van die menslike verstand van antropomorfistiese denkkategorieë. Wetenskaplikes

1) Comte. The fundamental principles of the positivistic philosophy, p. 26.

2) Timasheff. Sociological theory; its nature and growth, p. 17.

3) Ibid., p. 18. Kyk ook Maus. A short history of sociology, p. 7.

het eers gemeen dat natuurlike verskynsels verklaar moet word in terme van intelligente wesens, voorts is dit verklaar in terme van abstrakte begrippe en deur nou daarop voort te bou, het mense hipoteses begin formuleer wat deur die matesis ontwikkel is en wat deur eksperimente geverifieer kon word. Volgens Bierens de Haan[1)] het die laaste stadium dus te make met 'n ervaringswetenskap wat op feite berus.

Condorcet[2)] het die progressie van die samelewing as onbeperk en nimmereindigend beskou. Deur op die intellek te vertrou kan ons die wette wat die vooruitgang van die menslike samelewing bepaal, ontdek en versnel. Eweneens tref ons die gedagte van die wet van die vooruitgang van die menslike samelewing aan by Saint-Simon[3)], die leermeester van Comte.

Saint-Simon[4)] gee ekonomiese inhoud aan die vooruitgangsgedagte van Turgot deur dit te stel dat die drie stadia van ontwikkeling opeenvolgend gelykgestel kan word aan die feodale, revolusionêre en die industriële tydperke in die ontwikkeling van die menslike samelewing.

Met meer besonderhede oor die opvatting van Comte[5)] aangaande die natuurwetmatige vooruitgangsidee van die menslike samelewing

1) Bierens de Haan. Sociologie, ontwikkeling en methode, p. 29.

2) Maus. A short history of sociology, p. 7.

3) Barnes. An introduction to the history of sociology, p. 224.

4) Viljoen. 'n Kritiese ontleding van die neo-positivistiese elemente in die sosiologie van George A. Lundberg, p. 39.

5) Ibid., p. 40.

kan sy siening volgens Descours en Jones[1] verstaan word indien die vooruitgaande ontwikkeling van die menslike verstand van nader bekyk word. Die ontdekking wat Comte in sy studie daarvan gemaak het, is dan dat hy die fundamentele wet van ontwikkeling ontdek het. Dië wet bestaan uit die feit dat elke mens se hoofbeginsels en tak van ons kennis opeenvolgend deur drie verskillende teoretiese stadia gaan, naamlik die teologiese, die metafisiese en die positiewe fases. Andersom gestel, beteken dit dat die menslike verstand of rede in sy navorsing kan uitgaan van een van drie filosofiese uitgangspunte wat onderling uitsluitend is. Nogtans kan geeneen van dië drie stadia as die beheersende beginsel van sosiale vooruitgang geëlimineer word nie, omdat die een stadium 'n noodsaaklike voorwaarde van die daaropvolgende volgens Barnes[2] is. Dit is egter nie net die menslike samelewing wat deur dië drie stadia van ontwikkeling gaan nie. Dit geld ook die mens en die wetenskap. Nie alle mense, wetenskappe en samelewings gaan egter gelyktydig deur al drie dië stadia nie: hoe hoër die mens ontwikkel is, hoe hoër in die hiërargie die wetenskap en hoe beskaafder die samelewing, hoe makliker bereik dit die positiewe[3] of die natuurwetenskaplike fase.

Dië natuurwetmatige ontwikkeling lei die mens sõ dat hy in sy denke gedurende die teologiese fase van die werklikheidsverklaring hom rig op 'n bonatuurlike syn en op misterieuse agente. Hierop volg die metafisiese fase as 'n oorgangsfase waarin die wêreld en sy verskynsels verklaar word in terme van

1) Comte. The fundamental principles..., p. 26.

2) Viljoen. 'n Kritiese ontleding van die neo-positivistiese elemente in die sosiologie van George A. Lundberg, p. 40.

3) Kyk hoofstuk 2 paragraaf 3.3.2 vir meer besonderhede aangaande Comte se opvattinge aangaande die mens en die hiërargie van die wetenskappe.

die metafisiese hipoteses, a-prioriese konsepsies en abstrakte idees - 'n tyd van disintegrasie en die opkoms van die positiewe fase. In die laaste stadium kom die mens tot die besef dat absolute kennis onmoontlik is en die verskynsel word op sigself verklaar.

Volgens Comte[1)] is hierdie toestand onafwendbaar, noodwendig - natuurnoodwendig en gedetermineerd. Die rigting van die sosiale evolusie is 'n geleidelike oorgang van die laagste denkmetode tot die hoogste en die uiteindelike kunsmatige oorheersing van die mens oor die werklikheid binne 'n industriële samelewingstipe. Die doel van die wetenskap is die blootlegging van dié natuurnoodwendige vooruitgaande wetmatigheid.

In hierdie voortgang van die samelewing na die hoër en beter vorme, speel die wetenskap die kardinale rol. Dit kan ons verstaan in ag genome die feit dat Comte rasionalis is - en ons kan ook verwag dat die teoretiese dus leiding aan die praktyk moet gee. Dit alles blyk ook duidelik uit sy opvatting van die hiërargie van die wetenskappe wat opgebou word tot 'n rasionele eenheid.

### 3.3.2 Die eenheid van die wetenskappe

Met die formidabele vooruitgang van die natuurwetenskappe in die tyd van Comte en die ontstaan van die sosiologie, het die vraag ontstaan of die sosiale verskynsels op dieselfde metodologies-eksakte wyse geanaliseer en gekontroleer kon word as wat die

1) Timasheff. Sociological theory; its nature and growth, p. 17-31 en Chambliss. Social thought from Hammurabi to Comte, p. 392 - 425.

geval is met die natuurwetenskappe. Om dié probleem enigsins te kon oorbrug, het die sosiale wetenskaplikes gemaklik oorgegaan tot die implementering van die natuurwetenskaplike metodes in die sosiale wetenskappe: basies is die gedagte van die eenheid van die wetenskappe dan ook gekoppel daaraan dat alle verskynsels by wyse van gemeenskaplike metodes bestudeer kan word omdat die wette wat alle verskynsels beheer grondig van dieselfde aard is.[1)]

Die implementering van die natuurwetenskaplike metodes van induksie, sintuiglike waarneming en veralgemening was reeds gangbaar by denkers soos Montesquieu[2)], Hume[3)], Turgot[4)], Condorcet[5)], en Saint-Simon[6)]. Laasgenoemde het egter reeds verder gegaan as om die studiemetodes en prosedures van navorsing van die natuurwetenskappe op die sosiale wetenskappe van toepassing te maak. Saint-Simon het gemeen dat die samelewing as 'n geheel bestudeer moet word omdat alle sosiale verskynsels met mekaar verband hou en dat mens in dié sin 'n mate van eenheid kan bespeur in die menslike geskiedenis. Dié gedagtegang was volgens Ellwood[7)] nuut in die sosiale denke.

Comte maak egter die leer van die eenheid van die wetenskappe op besondere wyse deel van die leer van die Positivistiese

1) Sorokin. Contemporary sociological theories, p. 3 - 62.

2) Viljoen. 'n Kritiese ontleding van die neo-positivistiese elemente in die sosiologie van George A. Lundberg, p. 46.

3) Ibid., p 47.

4) Ibid.

5) Ibid., p. 48.

6) Ibid.

7) Ellwood. A history of social philosophy, p. 350.

Skool in die sosiologie. Die besonderheid daarvan lê in die tipiese koppeling wat hy maak met die metode van wetenskapsbeoefening en met die hiërargie van die wetenskappe.

Volgens Viljoen[1] was dit Comte se oortuigings dat volledige kennis van die positiewe wetenskaplike metode net verkry kan word deur die wetenskappe in hul opeenvolgende hiërargie (dit wil sê met die wiskunde onder, opgevolg deur die sterrekunde, fisika, chemie, biologie en sosiologie bo-aan) te bestudeer. Dít moet gedoen word omdat die positiewe metode nie begryp kan word sonder die toepassing daarvan nie. Om dus 'n goeie beeld van die metode te kan verkry, moet die toepassing daarvan in verskillende klasse van verskynsels in opeenvolging bestudeer word. Sekere wetenskappe maak byvoorbeeld meer gebruik van sintuiglike waarneming en 'n ander weer meer van eksperimentering. Daarom vereis 'n goeie kennis van die positiewe metode kennis van al die wetenskappe. Hieruit blyk duidelik dat Comte[2] van mening was dat die studiemateriaal nie losgemaak kon word van die studiemetode nie.

In sy uiteensetting van wat die positiewe metode is, wys Timasheff[3] daarop dat Comte konsepte ondergeskik maak aan feite - waaruit duidelik die oorskatting van die teoretiese rede blyk - en dat sosiale verskynsels op dieselfde wyse onderworpe is aan algemene wette. Volgens Timasheff[4] meen Comte, behels die

1) Viljoen. 'n Kritiese ontleding van die neo-positivistiese elemente in die sosiologie van George A. Lundberg, p. 49 - 50.

2) Kilzer & Ross. Western social thought, p. 323.

3) Timasheff. Sociological theory; its nature and growth, p. 20.

4) Ibid., p. 22 - 24.

positiewe metode onder andere die gebruikmaking van die prosedure van empiriese waarneming, eksperimentering, vergelyking en die historiese prosedure. Met betrekking tot waarneming meen Comte[1] dat, hoe ingewikkelder die verskynsel, hoe noukeuriger moet die waarneming wees onder leiding van die teorie; met betrekking tot eksperimentering bedoel hy dat daar van eksperimentering sprake is waar daar in die normale gang van sake ingegryp word en dat in dié sin dit dus wel ook plaasvind in die sosiale wetenskappe; met betrekking tot vergelyking meen Comte[2] dat dit vrugbaar gebruik kan word tussen menslike en dierlike samelewings en tussen klasse binne samelewings; met betrekking tot die historiese prosedure meen hy dat dít van besondere waarde is vir die sosiologie aangesien dit die moontlikheid bied vir die blootlegging van die algemene wette van opeenvolgende vooruitgang van die menslike samelewing.

Hierdie vooruitgang van die samelewing moet ook volgens die positiviste beplannend beheers word: en hiervoor moet die beginsels van die positiewe, meganistiese wetenskap vrugbaar gemaak word vir alle terreine van die lewe.

### 3.3.3 Behaviorisme

'n Volgende kenmerk van die positivistiese meganiese leer is hul besondere opvatting ten opsigte van die subjektiewe, innerlike geestelike aspekte wat in aanmerking geneem moet word by bestudering van sosiale verskynsels. Die beklemtoning van die rol van sintuiglike waarneming en dit wat deur die menslike sintuie ontleed kan word, is die basis waarop die leerstellings

1) Strauss. Wysbegeerte en vakwetenskap, p. 26.
2) Timasheff. Sociological theory; its nature and growth, p.23.

van die behavioristiese kenmerk van die Meganistiese Skool bou.

Comte[1] meen met betrekking tot die subjektiewe of innerlike aspekte van die wetenskaplike by die bestudering van verskynsels, dat die studie van die positiewe filosofie die enigste rasionele wyse is waarop die logiese wette van die menslike verstand blootgelê kan word. Om dít te kan realiseer, gaan hy uit van die staties-dinamiese tweedeling wat neerkom op die bepaling van die organiese toestande waarvan die intellektuele funksies afhanklik is en van die ontwikkelingsgang van die prosedures waarmee kennis verkry word. "Wat morele verskynsels aangaan, gee hy toe dat dit vir die mens onmoontlik is om die drifte wat hom besiel waar te neem, aangesien dit anatomies so is dat die organe waarin die drifte geleë is, geskei is van dié wat die waarneming doen... Die beste wyse om die drifte te ken, is om dit van buite waar te neem omdat enige persoon in 'n uiterste staat van driftigheid of passies... juis daardeur onbevoegd gemaak word om homself waar te neem."[2]

Uit die aard van die saak kan intellektuele verskynsels nie op dié wyse waargeneem word nie, omdat die waargenome en die waarnemer nie geskei of in homself onderverdeel kan word nie - introspeksie is dus van geen of min wetenskaplike waarde. Gesien dié uitspraak van Comte, word hy soms beskou as een van die grondleggers van die behaviorisme. Tog was hy volgens Ellwood[3] nie konsekwent in sy opvatting dat net objektiewe

1) Viljoen. 'n Kritiese ontleding van die neo-positivistiese elemente in die sosiologie van George A. Lundberg, p. 54.

2) Ibid.

3) Ellwood. A history of social philosophy, p. 371.

waarneming van wetenskaplike waarde is nie omdat hy ook die subjektiewe metode as van gelyke geldigheid beskou het in sy "Positive Polity".

Die onmiddellike voorlopers en grondleggers van die behaviorisme kan egter teruggevoer word na die wetenskaplike bydraes van skrywers soos I. Pavlov, J.B. Watson en F.G. Giddings.[1] Hoewel Pavlov die blootlegger was van die gekondisioneerde refleksie, was dit Watson wat sy leerstellings verder uitgebou het sodat dit besondere invloed gehad het op die sosiologie.

Tipies positivisties was die behaviorisme vir Watson op die natuurwetenskappe gegrond. Dit is daardie (dan wel die psigologiese behaviorisme) afdeling van die natuurwetenskap wat menslike gedrag objektief bestudeer. "Behavioristiese sielkunde poog om, by wyse van sistematiese waarneming, eksperimentering en veralgemening, wette en beginsels te formuleer wat ten grondslag van menslike gedrag lê."[2] Watson se uitgangspunt word goed weergegee deur Viljoen[3] as hy sê: "Watson wys daarop dat wanneer die mens handel, daar bepaalde voorafgaande faktore aanwesig is wat die 'oorsaak' van die handeling is en hierdie faktore noem hy die stimulus,(indien die faktore redelik eenvoudig is), of situasie, (indien die faktore kompleks is). Wanneer die individu met 'n bepaalde stimulus of situasie gekonfronteer word byvoorbeeld 'n brand, dan handel hy - selfs al staan hy net stil of al word hy dan ook flou. Hierdie handeling is die reaksie op die stimulus of situasies, en die doel van die wetenskaplike is om ȍf te voorspel wat die

1) Viljoen. 'n Kritiese ontleding van die neo-positivistiese elemente in die sosiologie van George A. Lundberg, p. 60.

2) Ibid.

3) Ibid.

respons sal wees op 'n gegewe stimulus of situasie, òf te voorspel wat die stimulus of situasie is wat tot 'n gegewe respons aanleiding gegee het."

Hoewel die uiterste vorm van die behaviorisme nie deur die positivisme en by name die neo-positivisme aanvaar is nie, toon McKinney 1) aan dat dié benadering in ooreenstemming was met die opkomende pragmatisme en empirisme van die twintigerjare van dié eeu en dat dit veral die meganistiese aard van die stimulus-responsverhouding was wat kwantifisering moontlik gemaak het en dus baie aanvaarbaar was vir die meganistiese tak van die Positivistiese Skool in die sosiologie.

Dit was egter F.H. Giddings wat die behavioristiese elemente in die sosiologiese positivisme ingedra het met sy 1924-publikasie van "The scientific study of human society". Hy sien die taak van die sosiologie as enersyds die bestudering van die stimulus-situasies en andersyds die ontstaan, integrasie differensiasie en funksionering van meervoudige gedragsverklaring.

### 3.3.4 Kwantitativisme

Die kwantitatiewe benadering in die wetenskappe, naamlik dat meting en opstelling noodwendig deel uitmaak van alle wetenskaplike ondersoeke aanvaar dat dit dus noodwendig ook van toepassing is op die sosiale werklikheid. Afgesien van die oorsprong van statistikisme in die vroeë sensusopnames volgens

1) Viljoen. 'n Kritiese ontleding van die neo-positivistiese elemente in die sosiologie van George A. Lundberg, p. 61.

Bogardus[1], kan A. Quetelet beskou word as die vader van die kwantitativisme en dus deur hom van die latere neo-positivistiese opvatting dat die sosiologie 'n statistiese wetenskap is. Volgens 'n aanhaling van Barnes[2] was hy dan ook die mening toegedaan dat, hoe gevorderder 'n wetenskap is, hoe meer sal dit van die wiskunde gebruikmaak as die sentrum waarheen almal beweeg.

Quetelet[3] gaan so ver om van die normale verspreidingskurwe te konkludeer op die 'gemiddelde mens' in terme waarvan individuele verskille verklaar, oorweeg en gemeet moet word.

Comte[4] was egter nie van mening dat die gebruik van die wiskunde en statistiek voorvereistes vir die plasing van 'n wetenskap is nie.

Naas Quetelet het ook F. Galton[5] uitgaande van die eersgenoemde standpunt, 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot die aanvaarding van die kwantitativisme. Onder invloed van sy neef, C. Darwin, poog hy om met behulp van die kwantitatiewe metode aan te toon dat eienskappe soos vindingrykheid oorgeërf word; en verder, uitgaande van die 'gemiddelde mens' poog hy om die afwykings van dié gemiddelde te bepaal en op dié wyse voorspellings te doen.

Dit was egter F.H. Giddings[6] wat die kwantitativisme in die sosiologie op omvattende wyse ingebring het. Hy beskou die

1) Viljoen. 'n Kritiese ontleding van die neo-positivistiese elemente in die sosiologie van George A. Lundberg, p. 62.
2) Ibid., p. 64.
3) Ibid., p. 65.
4) Ibid.
5) Ibid.
6) Ibid.

statistiese metode as die belangrikste metode in die sosiologie omdat dít die standaard van deeglikheid van die sosiologie mettertyd op dieselfde vlak sal bring as dié van die natuurwetenskappe. Vir hom, al het dit verder onder die Amerikaners versprei - veral gedurende die twintigerjare, het dit vry algemeen deurgegaan as die gangbare standpunt in die sosiologie. Volgens Viljoen[1)] is dit egter die eerste keer eksplisiet gestel deur G.A. Lundberg. Weens die omvattende studie wat hy hieroor gedoen het, word in die verhandeling nie verder daarop ingegaan nie.

### 3.4 Die bydrae van die Meganistiese Skool tot social engineering

#### 3.4.1 Inleiding

Die bydrae van die meganistiese tak van die Positivistiese Skool in die sosiologie tot die bevordering van social engineering moet nagegaan word (soos in elke geval gedoen sal word) aan die hand van die struktuur-funksionele kenmerke van die samelewing met sy instellings, organisasies en groepe, en getoets word aan die hand van die kenmerke van social engineering. Kortliks behels dit dus 'n korrelasietrekking tussen die sisteemkenmerke van die samelewing (en sy subsisteme) die kenmerke van social engineering en die kenmerke van die Meganistiese Skool met toepaslike verwysings na die tipes van social engineering.

1) Viljoen. 'n Kritiese ontleding van die neo-positivistiese elemente in die sosiologie van George A. Lundberg, p. 67.

### 3.4.2 Sisteemfunksies

Die toekomsgerigtheid van die social engineering slaan op die doelbereiking in die samelewing, want die doelbereiking lê vir die samelewing in die toekoms. Omdat die toekomsgerigtheid van social engineering dui op die beter opleiding van die toekomstige leiers as wat die social engineers self is, kan dit net bewerk word deur die eenheid van die wetenskappe en moet die beplanning op makromanipulasievlak gedoen word. Hoe vind integrasie nou plaas in só 'n opset? Deur middel van kwantifisering en eksperimentering word die ewewigtige gevoelvolle skikking bereik ten opsigte van die konsepsie van die gewensde gedrag. Só 'n opvatting lei tot 'n taakgeoriënteerde manipulasie-instelling wat op meganies-behavioristiese wyse die aanpassingsprobleem vir die samelewing wil oplos. Die universele, nie-individualistiese aard van die social engineering word gesanksioneer deur die vooruitgaande natuurwetmatigheid in die werklikheid waarvolgens die doeltreffende gedragspatrone gehandhaaf kan word op makrososiologiese vlak: dit wil sê op die samelewingsgeheel.

### 3.4.3 Mensbeeld

Die deurwerkende gevolge van meganistiese social engineering lei daartoe dat die mens[1] as die manipuleerder ook meganisties opgeneem word - 'n fisiese objek, 'n tipe masjien of outomaat. Die menslike lewe is niks anders as bloed- en denksirkulasie nie. Waar daar beweging is, is daar egter ook traagheid en dit moet ook erkenning ontvang in die menslike lewe en same-

1) Sorokin. Contemporary sociological theories, p. 4.

lewing. Dit word uitgedruk in die menslike wese se neiging of tendens om homself te preserveer en na sy eie probleme om te sien. Dit is 'n universele natuurwet wat ook van toepassing is op die menslike natuur.[1] Wanneer mens in dië meganistiese raamwerk beskou word, is dit maklik om daarvandaan te konkludeer op 'n meganistiese interpretasie van die totale samelewing.

### 3.4.4 Samelewingsleer

Die konsekwensie van meganistiese social engineering toegepas op die samelewing is dat die samelewing gesien word as 'n sisteem waarvan die elemente menslike wesens is wat onderling saamgebind word deur gedeeltelike aantrekkingskrag of gedeeltelike verstoting soos die geval is met die atome in 'n fisiese substansie.[2] Hiervandaan is die verhouding tussen samelewings ook gesien as 'n nuwe sisteem van gebalanseerde teenstellings wie se elemente menslike groepe is.

Hieruit blyk duidelik dat enige supernaturalisme, indeterminisme en wilsvryheid nie tuisrekenbaar is in die meganistiese samelewingsbloudruk van die meganistiese social engineering nie. Indien sulke verskynsels miskien sou kon bestaan, word dit gesien as die resultaat van natuurlike oorsake, en is dit verklaarbaar in terme van sosiale meganika.

Die matematiese ondergrond in hul kwantitatiwistiese metodologie het 'n interessante deurslag vir die bloudruk van hul utopie.

1) Sorokin. Contemporary sociological theories, p. 4.
2) Ibid., p. 5 - 13.

Uitgaande van die kwantitatiewe matematiese aard van enige wetenskap, konkludeer hulle dat waarheid alleenlik verkry kan word deur meting. Vandaar die vervlakte opvatting dat waarheid niks anders is as die kwantitatief-beskrewe verhoudinge nie. Hierna kan die meganistiese social engineer se pogings dan ook terug herlei word om pantometrika, psigometrika, etiometrika en sosiometrika te konstrueer; dit wil sê 'n universeel kwantitatiewe wetenskap van verhoudinge toegepas op die bestudering van alle verskynsels. Comte se utopie is hiervan 'n skitterende voorbeeld. Om dít alles te kan realiseer, moet feitelike sosiale meganika gekonstrueer word as 'n rigtinggewende sibernetiese mag in die samelewing.

Op analities-wetenskaplike vlak[1)] is die deurwerkende gevolge van meganistiese social engineering van die makrotipe deurgetrek tot 'n konsekwente analogie met die natuurwetenskappe en dit werk vervlakkend in op die menseverhoudinge en die mens se beheersende vorming daarvan. Die fundamentele begrippe van ruimte, tyd, gravitasie, traagheid en krag as beginsels waarmee fisika en meganika geslaag het om die beweging van fisiese objekte te verklaar, beginnende by die atome en eindigende by die heelalsisteme, is deur die sosiale fisici nagedoen. So is die konsepsie van 'n morele sosiale ruimte ontwerp waarin sosiale, morele, politieke en ander bewegings kan plaasvind wat analoog met die fisiese ruimte is. Na analogie van die posisie van die fisiese objek in dié ruimte korrespondeer hul konsepsie van status soos van geslag, ouderdom, beroep en godsdiens hiermee. Sodoende het hul 'n sisteem van sosiale koördinate gekonstrueer wat die posisie van die mens bepaal in sy sosiale ruimte net so

1) Sorokin. Contemporary sociological theories, p. 5 - 13.

eksak as die sisteem van geometriese koördinate die posisie van die materiële objek in die fisiese ruimte!

### 3.4.5 Sisteemstruktuur

Wanneer na die struktuurelemente van die meganisties gemanipuleerde samelewing gekyk word, blyk dit dat die waardes, norme, rolle en subgroepe se funksionering in ooreenstemming is met die funksionele elemente. Die waardes, dit wil sê die konsepsie van die gewensde gedrag is weens die immanente inslag van die Meganistiese Skool, humanisties georiënteerd. Dit blyk duidelik uit byvoorbeeld Comte se toekomsvoorspellings waarin hy dit stel dat die godsdiens van die mensdom (religion of humanity) die etiese gedragskodes van die mens sal bepaal. Wanneer byvoorbeeld die funksies van die priesters ook nagegaan word in die sisteem van Comte[1)], blyk dit dat die norme wat hul gedrag op positiewe en negatiewe wyse rig, tipies humanisties en in lyn met die gestelde waardes is. Ook die rolle en subgroepe in die samelewing is in ooreenstemming hiermee en is almal afgestem op die realisering van 'n meganies-bepaalbare ontwikkelingsreeks in die menslike samelewing.

### 3.5 Samevatting en eie opvatting

Deur die vinnige groei van die samelewing weens die ongekontroleerde implementering van wetenskap en tegniek, word die geestelike waardes van die mens versteur. So het, byvoorbeeld

1) Chambliss. Social thought from Hammurabi to Comte, p. 422 - 424.

met die klemverskuiwing van die primêre groepe soos die huwelik en huisgesin na die groter kontakgroepe, 'n verwaarlosing ingetree van die deugde soos liefde en broederlike hulp omdat sulke sterk emosioneel-getinte waardes onmoontlik toepasbaar en aanvaarbaar is in die meganisties opgevatte groter groepe. Sulke oorgange bring mee dat presies dieselfde norm kan verander van sosiale regverdigheid na een van onderdrukking: so byvoorbeeld het die norm van privaateiendom verander van beskerming van gereedskap na 'n uitbuitingsmiddel deur die industrie.

Waardeverskuiwing vind ook plaas in só 'n samelewing as gevolg van nuwe gesagsvorme en gesagssanksies. Tradisionele aanvaarding van waardes en norme word verwerp ter wille van rasionele en meganies-praktiese oorwegings. In só 'n maatskappy waar desintegrasie van die waardesisteme al te ver voortgegaan het, ontstaan die destruktiewe paradoks dat opvoeding en sosiale werk, ondanks die verbeterde tegnieke van dié meganistiese utopie, steeds minder doeltreffend word omdat alle waardes wat leiding moet gee, die tendens het om te vervaag.

Die magsmisbruik van die wetenskap en tegniek deur middel van sciëntistiese organisasie laat die inisiatief van die mens ook al verder terugwyk sodat geen plek daarvoor meer ingeruim kan word nie. Dit werk verdierliking van die mens in die hand waarmee gepaardgaan die verwilderde losbandigheid waarin bykans alles eties geoorloof is.

In die sewentigerjare van die twintigste eeu heers daar 'n aan-die-Christendom-vreemde lewensstyl en lewenshouding, wat daarop dui dat die deurwerkende gevolge van die meganistiese manipulasie van die samelewing ook in ons tyd deurwerk: afwykende gedrag,

sosiale probleme en sosiale disorganisasie is aan die orde van die dag en neem steeds toe. Van die tipies-christelike saamleefverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse gegrond op die proklamering van die absolute soewereiniteit van God oor alles wat Hy geskape het, kom weinig tereg. Ook die Skrifgefundeerde sosiologie wat in sy wetenskaplike verantwoording van die menseverhoudinge rekening wil hou met die kreatuurlikheid van die menslike samelewing, word in die huidige wetenskaplike wêreld beskou as 'n uitwas van die menswetenskappe.

Die aanvaarding van die ingenieursmodel as die modemodel van die sosioloog van ons dag, beklemtoon dan ook die humanistiese inslag in die sosiologie - in dié geval besonderlik van die Positivisties-meganistiese Skool in die sosiologie. Dit staan lynreg teenoor die opdrag van beheersende vorming van die menseverhoudinge wat op die sosioloog as christen afkom. Beheersende vorming verskil van makromanipulasie in die sin dat eersgenoemde sondebestrydende manipulasie van samelewings, instellings en groepe is.

Die toekomsgerigtheid, eksperimentering, taakoriëntasie en universalistiese kenmerke van die meganistiese <u>social engineering</u> is duidelik positivisties en immanent. Dit verlei die aanhangers daarvan tot relativistiese veralgemenings. Hulle kies 'n eensydige standpunt wat lei tot een interpretasiepunt. Dit wil sê hulle het nie 'n oop oog vir die verskeidenheid in die kosmiese werklikheid nie. Hul interpretasiepunt bly vassit in een enkele kosmiese sinlike noemer. Hulle kies 'n opvatting wat hul eie (on)geloof sal staaf: dit wil sê hul standpunt is dus relatief met betrekking tot hul wetenskapsleer en wetenskapsgeloof.

Verder lei die meganistiese sosiale manipulering daartoe dat weinig plek gegee word aan die religie: die mens en sy medemens word nie as medewerkers van God nie, maar slegs as van mekaar gesien; met die instelling dat die mens van hierdie wêreld is en opgelei moet word as kandidate vir die hiermaalse; die mens se hiernamaalse en ewigheidsbestemming word verontagsaam en nie raakgesien nie.

Verder hou die (gedetermineerde) toekomsgerigtheid van dié skool in dat die hand van God nie in die lotgevalle van die mens en die samelewing erken word nie. 'n Mate van pragmatisme slaan hierin deur in dié sin dat die determinasie van die rigting van die toekoms gehandhaaf word,maar nie ten opsigte van die tyd nie. Dit moet eintlik gedoen word sodat daar 'n mate van sinvolheid kan oorbly vir wetenskaplike (en ander) aktiwiteite. Immers, indien die tyd ook gedetermineerd was, sowel as die rigting, dan sou dit nie nodig wees om enigsins te handel nie - mens sou bloot kon sit en wag vir die utopie om te realiseer. Aangesien die tyd egter nie gedetermineerd is nie, het die wetenskaplike tegniek (dit wil sê social engineering) nog wel 'n sinvolle doel, want dit kan die toekoms gouer laat realiseer deur die samelewing manipulerend te stuur in die rigting van die gedetermineerde toekoms. Die nie-determinasie van die tyd is dus 'n kunsmatige invoering in hul sisteem van die meganiste om aan die tegniek nog 'n goeie plek te gee in die samelewing.

Die natuurwetenskaplike inslag van die Meganistiese Skool in die sosiologie se bydrae tot social engineering lei tot verdere probleme vir die christensosioloog. Hul opvatting kom in kort daarop neer dat die vooruitgang van die samelewing (indien daar sprake kan wees van so iets gesien die toename in sosiale

patologie) geskied by die grasie van die natuurwetenskappe en dat ook die geesteswetenskappe ontwikkel by die grasie van die natuurwetenskappe. Daarmee word die tipiese eie aard van ontwikkeling self in die hand van die natuurwetenskap geplaas in plaas van in die hand van God wat uit onverdiende genade telkens meer lig aan die mens gee ook in die wetenskap sodat hy dié Lig kan sien. Dié engheid is mettertyd deur die positiviste en meganiste self raakgesien sodat baie wetenskaplikes hierna oorgegaan het tot 'n breër konsepsie soos sal blyk uit die volgende hoofstuk van dié studie.

'n Insiggewende uitspraak van Gouldner[1] ten opsigte van die werkswyse van die positivistiese meganiste is dat hulle nie wil kies tussen alternatiewe moontlikhede van bloudrukke nie, maar dat hul wel die metode, die reëls wil daarstel waarvolgens die bloudruk uitgewerk moet word. Hul probeer dus 'n illustrasie maak waarvolgens die mens besig is met "... living in the world without a map, with the use only of a method and the sheer information it produced."[2]

Die uiteindelike logiese konsekwensie van die bydrae van die Meganistiese Skool tot social engineering blyk dus sciëntisties van aard te wees. Die kenmerke daarvan kan kortliks aan die hand van 'n uitspraak van Van der Walt[3] soos volg weergegee word: "Die karakteristieke eienskappe van die sciëntistiese lewens- en wêreldbeskouing is in sy wese 'n verabsolutering van die

1) Gouldner. The coming crisis of western sociology, p.100-101.

2) Ibid.

3) Van der Walt. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, veld van ondersoek en betekenis van die opvoedkundige sosiologie met spesiale verwysing na die laerskool, p. 123 - 124.

natuurwetenskap: die natuurgebiede wat deur die mens beheers word kom met die fakkel van die natuurwetenskap in sy hand, verskaf aan hom die absolute geloof daarin, die permanente weldadige progressie, sekerheid vir die toekoms van die mens. Anders gestel: die positivistiese, tegniese rasioneel-georiënteerde denkrigting met sy matematiese kultuur is die ervaarbare produkte van laboratoria, van matematiese funksies: weeg, meet en dokumentasie... wat almal die sekerheidsideaal binne die bereik van elkeen en almal bring. Kortom, die vergoddeliking is 'n uitlig van die natuurgebiede en van die natuurwetenskap uit die totaliteit van die kosmiese samehang en verband."

Hierby sluit Hobbs[1)] ook aan met die volgende uitspraak wat wys op die vervlakking wat intree in die menslike lewe weens sciëntisme: "Scientism must make puppets out of people. Several reasons make this process necessary. Scientism must weaken the faith in common sense, in wisdom, and in the lessons learned from living so that people will accept tenets which conflict with common sense, wisdom, and life-experience. Scientism must break down faith in codes of conduct which serve as guides for behavior in order to become a guide itself. It must demolish traditional beliefs in order to clear an area in which it can construct a program based on scientific beliefs". Hobbes meen dat die sciëntisme 'n humanistiese sciëntisme is - maar dan 'n dehumaniserende sciëntisme.

Soos voorheen gestel, kon ernstige denkers nie volhou met die denkbeelde van die Meganistiese Skool in die sosiologie nie, en is ander rigtings gesoek waarin meer opening gelaat word vir die dinamiese. Dit tref ons op 'n besondere wyse aan by byvoorbeeld die Konflikskool.

1) Hobbs. Social problems and scientism, p. 254.

HOOFSTUK 4

# 4 Die bydrae van die Konflikskool tot social engineering

## 4.1 Inleiding

Uit die voorafgaande hoofstuk het geblyk dat daar mettertyd reaksies ontstaan het teen die eensydighede van die Meganistiese tak van die Positivistiese Skool in die sosiologie. Lateraan is dan ook aandag gegee aan meer dinamiese verklarings van die samelewing en social engineering - soos dit tot uiting kom in byvoorbeeld die Konflikskool in die sosiologie. Die Konflikskool verteenwoordig in hooftrekke diē denksisteen van wetenskaplikes wat die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die menslike samelewing verklaar in terme van konflikterende, botsende en strydende verskynsels soos dit byvoorbeeld na vore kom in die sosiologiese denke van K. Marx, F. Engels en andere.[1]

Hoewel daar 'n veeltal takke van die Konflikskool is, word in diē hoofstuk slegs aandag gegee aan die bydrae wat die Marxistiese tak van diē skool tot social engineering gemaak het weens die besondere betekenis en invloed daarvan in die sosiologie.

## 4.2 Ontstaansagtergrond van die Konflikskool

Die Marxistiese tak van die Konflikskool het sy penwortels in die westerse humanistiese tradisie. Een van die elemente van

1) Feuer. Basic writings on politics and philosophy; Karl Marx and Friedrich Engels.

die humanisme wat duidelik daarin na vore kom, is die geïdialiseerde beeld van die mens as onbederfd deur die beskawing. Dit is die romantiese beeld van die humanisme: hoewel Marx se denke nie romanties was nie, kom dié kenmerk in sy utopie op die voorgrond.

Om die Marxistiese tak van die Konflikskool se ontstaansagtergrond te kan onderken, moet aandag gegee word aan die belangrikste gangbare wysgerige probleme waarin hy en sy aanhangers geïnteresseerd was. In dié besondere verband moet in aanmerking geneem word dat die sentrale probleem wat sosiale filosowe deur die eeue heen gekonfronteer het, die vraag was na die wet en sy verhouding tot veranderinge in die heelal.[1] Wetenskaplikes het vir eeue probeer om permanente standaarde vas te stel wat universeel toepaslik is op alle menslike samelewings. "If these laws can once be discovered and codified, they can be relied upon to regulate human society in an orderly manner."[2] Grondliggend hieraan is die basiese aanname dat die menslike probleme onveranderd bly deur die eeue heen en dat die oplossings dus ook dieselfde moet bly. Dit is 'n universalistiese standpunt. Hiermee saam gaan ook die opvatting dat die heelal in voortdurende verandering is en dat menslike aktiwiteite verander oor die nasionale en geografiese grense heen. Hierteenoor geld die Skriftuurlike opvatting dat die wetenskaplikes almal met dieselfde Godgegewe aardse werklikheid besig is en dat hul dus almal op dieselfde skoonheid en deurwerkende gevolge van die sondeval afkom, maar dat hulle telkens ander oplossings daarvoor soek kragtens hul in-die-hart-gegrepenheid deur God al dan nie.

1) North. Marx's religion of revolution, p. 34.

2) Ibid.

In ooreenstemming hiermee is dan ook deur die eeue heen verskillende antwoorde gegee op dieselfde probleem. So het die Grieke, byvoorbeeld die fluktuasie in die heelal verklaar in terme van die dualisme van vorm en materie.[1] Hul opvatting was dan dat die stabiele metafisiese vorm gebruik word om orde af te dwing op die fluktuerende materie. Dieselfde gedagtegang tref ons gedurende die middeleeue aan wanneer hul op dieselfde basis 'n onderskeiding maak tussen die terreine van die natuur en genade wat korrespondeer het met die Grieke se materie en vorm. Uit dié voedingsbodem as grondpilare van die westerse beskawing en wetenskapsvorming het in die moderne tyd die dualisme van natuur en vryheid ontstaan wat uit die Renaissance gegroei het en deur die rasionalisme uitgebou is.

Die gedagtegang was hier dat "... in discovering the laws of nature, man not only reduces the operation of chance in nature, but he simultaneously reduces the posibilities of his own free action."[2] Omdat die mens ook deel is van die natuur in dié moderne opvatting, beperk hy sy vryheid indien hy die natuur beperk. Die konsekwensie van die saak is, dat, indien die mens "een is met die natuur" dan is die natuurwette en die samelewingswette beide vir hom 'n bron van mag én 'n bedreiging van sy vryheid. "The power which is granted man by his knowledge of impersonal law simultaneously reduces man to a machine, a thing in bondage; freedom from bondage in this perspective therefore involves a retreat from law into lawless irrationality."[3] Teenoor die Skriftuurlike opvatting dat

1) North. Marx's religion of revolution, p. 35.
2) Ibid., p. 34.
3) Ibid., p. 36.

die mens alleenlik vry is vir sover hy vrygemaak is van die bindinge van die sonde (dit wil sê vir sover hy gebonde is aan die wet van God), stel dié probleemoplossing voor dat die mens alleen vry is indien hy leef en handel sonder wetlike bindinge. Die dilemma hiervan is egter dat daar sonder wetlike bindinge geen mag, orde, voorspelling en wetenskap kan wees nie.

Die Konflikskool het sy ontstaan te danke gehad aan die bydrae wat I. Kant gemaak het tot die dualiteit van natuur en vryheid. Hy het naamlik die twee pole gaan skei, wat basies meegebring het dat die outonome vryheid van die mens ontkoppel is aan die terrein van die sensoriese natuur wat dan nie deur natuurwette nie, maar deur norme beheer word. Nogtans word die basiese dualiteit nie opgelos nie - daarom moes 'n verbinding gevind word tussen die persoonlik-etiese en die empiries-natuurlike realiteite.

Na Kant was die gedagtegang dat dié twee terreine vervang kan word deur middel van die historiese werklikheidsaspek, wat die opkoms van die historisme dagteken.[1)]

Met die historisme kom die gedagtegang by dat die geskiedenis in homself sy eie wet van ontwikkeling het - dit wil sê soos die historiese omstandighede verander, so pas die wet van die historiese hom daarby op ordelike wyse aan. Só word die menslike vryheid herbevestig - hy is nie meer ingeperk deur ewige, vaste universele (natuur)wette nie.

Dié argumentasie kom dus daarop neer dat die sosiale wetenskappe die noodwendigheidsprobleem oorkom deur sigself as historiese

1) North. Marx's religion of revolution, p. 37.

wetenskappe te definieer. Die probleem bly egter dat die menslike handelinge steeds beheer word deur die historiese wette, al verander dië dan ook van tyd tot tyd. Die historisme bring dus nie 'n werklike ontvlugting vir die mens van die determinisme nie - hy onderwerp hom net aan radikale relativisme. Al sy standaarde en leefreëls verander en verskuif voortdurend. Hy word steeds gekonfronteer met die chaos van fluktuasie aan die een kant en die despotiese eise van absolute wette aan die ander kant.

Gedurende die 19e eeu is Kant se dualisme weer opgeneem deur G.F.W. Hegel.[1)] Gedurende dieselfde tyd is die wetenskapsideaal ook herbevestig deur die opkomende positiviste onder leiding van St. Simon en A. Comte waarna in die vorige hoofstuk verwys is. Hegel het probeer om Kant se dualisme te sintetiseer deur sy menslike vryheid en meganistiese wetenskappe te verenig in 'n omvattende historiefilosofie. Basies het hy fluktuasie ingefilosofeer in die (natuur)wetlike sfeer en historiese feitelikheid is vermeng met filosofiese noodwendigheid of determinisme. Volgens Hegel is die historie dinamies, nie-siklies en liniêr en beweeg na 'n punt waar daar 'n rekonsiliasie sal plaasvind van die baie (feite) met die een (absolute gees). Anders gestel, kom dit daarop neer dat die historie die self-bewuste ontwikkelingsproses van die geestelike is - en die mens is die enigste middel vir dië ontwikkeling. Omdat die mens dus gedryf word deur die "cunning" van die historie, bestaan sy werklike vryheid in onderwerping van die innerlike noodsaaklikhede wat hulself geleidelik uitwerk

1) North. Marx's religion of revolution, p. 37.

in sosiale instellings en nie geforseer is in rewolusionêre optrede nie.

Die Duitse denke het Marx deur Hegel beïnvloed en dan wel deur Feuerbach wat met Hegel se idealisme gebreek het. Hegel het met die Franse revolusionêres saamgegaan ten opsige van die mag van die rede en sy sisteem was 'n poging om aan te toon dat die rede nié die werklikheid beheers nie. By dié sisteem kom die ideaal van kreatiewe evolusie as grondliggende beginsel, wat inhou dat die werklikheid dinamies en nie staties is nie, en dat dit alleenlik verstaan kan word in terme van wording en nie in terme van bestaan (syn) nie. Hunt[1] sê: "This led him to assert the existence of a dialectical principle in accordance with which any complex of phenomena, such as those which constitute civilization, will inevitably develop contradictions which are inherent in its very nature. These contradictions, respectively the thesis and the antithesis, will then give rise to a conflict in which they will become reconciled in a synthesis of a higher level,because the reconciliation will take the form of uniting what is worth preserving in each. Yet this synthesis is not final, and will lead in due course to new conflicts which will be similarly resolved. It is this unending process of conflict and reconciliation which is at once the course and the explanation of change and development."

By dié gedagtegang het die Marxistiese tak van die Konflikskool aangesluit met die wysiging dat hulle die proses van tese-antitese-sintese laat stop het by die kommunistiese heilstaat. Dialektiek is dus 'n wet inherent eie aan die werklikheid waarvolgens die laere na hoëre vorme oorgeskakel word.

1) Hunt. Marxism; past and present, p. 7 - 8.

Weens sy universaliteit beheer en verklaar dit progressie in die samelewing. Só lei die dialektiek na historisme, dit is na die geloof dat daar 'n patroon in die werklikheid is en sodra ons agtergekom het wat dit is, kan ons nie net die verlede interpreteer nie, maar ook die toekoms voorspel.[1)]

Dié dialektiek is die waarborg vir die uiteindelike oorskakeling van die samelewing na die kommunisme omdat laasgenoemde die enigste logiese uitkoms is van die kontradiksies volgens die Konflikskool waaraan enige ander ekonomiese sisteem kan oorsprong gee.

## 4.3 Die kenmerke van die Konflikskool

### 4.3.1 Dialektiese materialisme

Diedericks[2)] meen tereg dat die selfstandige bestaan van alles wat tradisioneel 'geestelik' (insluitende godsdiens, sedelikheid, waarheid en skoonheid) genoem word, van bestaansreg ontsê word deur die kommuniste as die hoofverteenwoordigers van die Konflikskool. Die materieel-aardse is al wat bestaan - indien die 'geestelike' wel sou bestaan, het dit in elk geval uit die stoflike ontstaan. Die stoflike is dus vir hulle die belangrikste en die geestelike het net waarde vir sover dit die stoflike dien. Dit beteken dan ook logieserwyse dat die liggaamlike behoeftes van die mens voorkeur kry.

Die dialektiese historiese materialisme verklaar nie net alles

1) Hunt. Marxism; past and present, p. 11.

2) Diedericks. Wat die kommunisme werklik is, p. 5.

op magiese wyse uit die stoflike nie, maar ook die bestaan en voortbestaan van alles. "Hierdie kragte wat die voortbestaan van alles waarborg, kan ietwat simplisties soos volg voorgestel word. Alle materie besit in sigself teenoorgestelde kragte. Hierdie kragte bestaan saam as eenheid binne die materie en tog werk hulle mekaar teen. Juis vanuit hierdie s t r y d t u s s e n d i e k r a g t e tree die ontwikkeling na vore."[1]

Du Plessis[2] verduidelik die dialektiese materialisme verder soos volg: "Wanneer hierdie twee kragte met mekaar in stryd verkeer, dan vind ontwikkeling plaas. In hierdie proses van stryd word die materie van 'n laer vlak na 'n hoër vlak gevoer en sodra die hoër vlak bereik is, sterf een van die kragte af. Hierdie bepaalde fase van ontwikkeling is dus afgesluit. Die materie-in-beweging op die hoëre vlak ontwikkel weer 'n interne stryd in sigself en die hele proses begin weer van vooraf." Dit is dus 'n voortdurende dialektiese proses.

Die materialisme van die Konflikskool blyk duidelik uit die feit dat hulle met betrekking tot die oorsprongsvraag, naamlik die bestaan van God as die Skepper van alles wat bestaan, ontken. Die ontstaan van alles word verklaar uit die wêreld self. Hulle stel dit dan ook dat die mens se stoflike behoeftes en vrae hom God laat skep as 'n illusie. Tipies is egter dat die denkers van dié skool dit nie eers nodig ag om God te ontken in hul beredeneringe nie[3] - God word bloot geïgnoreer. Dit is

1) Du Plessis. Die filosofie van die grafskrif, p. 4.

2) Ibid.

3) North. Marx's religion of revolution, p. 47.

die menslike skeppingsaktiwiteite wat die fondament is van die sosiale lewe. Dié skeppingsaktiwiteit van die mens is essensieel arbeidsaktiwiteite.

Van Wyk[1] sluit hierby aan deur te stel dat "... godsdiens word beskou as 'n skepping van die mens om sy behoeftes te bevredig. Godsdiens sou dan die vervulling van die behoeftes van die mens in die vorm van verbeelding wees. God is dus geskape déúr die mens ná die beeld van die mens - die mens is nie skepsel van God en geskape na die beeld van God nie." Godsdiens word dan gesien as 'n set van die ryk besittersklas om die arbeidersklas in hul onderdrukte posisie te hou.

Die verwerping van die geestelike, die verloëning van God en die verwerping van diens aan God, lei ook noodwendig tot ontkenning van vasstaande geldende sedelike beginsels. Sedelike beginsels hang af van die tye, omstandighede, en veral van die ekonomiese klas waarvan ons deel is. Dit is per slot van rekening stoflike, materiële, ekonomiese omstandighede wat bepaal wat sedelik goed of sleg is. Volgens Diedericks[2] moet die arbeider die sedelike opvattinge van ons tyd verbreek omdat die besitterklas dit net gebruik om hulle houvas op die werkers te versterk. Hulle moet dit omverwerp en 'n sedelike gedragskode skep wat vir hulle tot voordeel sal wees. Sedelikheid word dus gesien as wapen in die klassestryd en in dié stryd is alles soos haat, nyd, bedrog en bloedvergieting geoorloof, solank dit maar die ekonomiese belange van die proletariaat dien, dit wil sê dit is 'n situasie-etiek.

1) Van Wyk. Die Kommunisme. (In De Klerk e.a. Roeping en werklikheid, p. 114 - 115.)

2) Diedericks. Wat die kommunisme werklik is, p. 8.

Op grond van hul materialisme het die Konflikskool nie 'n oop oog vir die natuurlike liefde tussen man en vrou nie - hulle skakel dit uit en verlaag dit tot blote hartstogte. Krop[1] sê hulle verlaag dit tot drinkbakhartstogte.

### 4.3.2 Klassestryd

Nie net die verhouding tussen God en mens en Verlosser moet verbreek word nie, maar ook die saamleefeenheid tussen mense moet konflikterend verbreek word. Pogings tot behoud van die volkseie en groepseie word as beginsels deur die Konflikskool verwerp en verdoem. Die begrip volk moet met die begrip klas vervang word: klas met 'n besondere betekenis.

'n Klas kan, sosiologies gesien, enige kategorie of tipe wees waarin individue of eenhede ressorteer, byvoorbeeld wewenaars en bioskoopgangers. In die betekenis het ons nie met 'n groep te make in MacIver[2] se betekenis van die woord nie. Die klassebeginsel is van toepassing wanneer sosiale omgang beperk word weens statusoorweginge: dit wil sê van hoër en laer. Met 'n sosiale klas word dus hier bedoel enige gedeelte van 'n gemeenskap wat afgegrens is van die res daarvan vanweë sosiale status.

Pogings tot behoud van die volkseie en groepseie word as beginsels verwerp deur die Konflikskool: dit moet vervang word met die klaseie. En hiervan bestaan daar net twee oor die hele

1) Krop. Een en ander over het communisme, p. 39.
2) MacIver & Page. Society; an introductory analysis, p. 14.

wêreld heen, naamlik die besitters en die nie-besitters. Hulle staan bowendien in voortdurende vyandskap teenoor mekaar: hulle sien hulle taak nie in vereniging van die verskille nie, maar juis in die kontinuering van die konflik.

In die klassestryd word dan op positiewe wyse gekies vir die arbeidersklas. Die besittersklas is die versinnebeelding van alle onheil en ondeugde: dit word deur niks goeds gekenmerk nie. Hierteenoor is die arbeidersklas die ewig-verontregte en ewig-uitgebuite. Gemotiveer en gedryf deur klassehaat verbind die arbeidersklas homself tot die onverbiddelike stryd wat ten doel het die volledige vernietiging van die besittersklas en alles wat daarmee saam tot stand gekom het. Die uiteindelike utopie sal dan bestaan uit die alleenheerskappy van die arbeidersklas wat al die produksiekragte sal oorneem.

Volgens Marx[1] bestaan daar nie net 'n klassestryd tussen arbeiders en kapitaliste nie, maar ook 'n anihilerende stryd wat inherent eie aan die besittersklas is. Dit werk vernietigend in op die besittersklas en frustrerend op die werkersklas. Marx[2] voer in die verklaring oor vervreemding aan dat werk 'n basiese en natuurlike behoefte van die mens is. Die werk moet die mens se fisiese behoeftes tot vervulling bring, maar die meganisasie van arbeid het die moontlikhede van selfvervulling aansienlik laat afneem sodat werksvervreemding intree by die werker. Dit ontstaan omdat hy vervreem raak van die produk van sy arbeid. Die werker produseer nie meer nie - hy werk. Hy staan in 'n onpersoonlike verhouding tot sy werk

1) Meyer. Marxism; the unity of theory and practice, p. 58.
2) Marx. Capital, p. 462.

omdat hy sy werkkragte verkoop aan die fabriek en dus het hy geen seggenskap oor die aard van die werk nie. Dit lei uiteindelik tot selfvervreemding.

Selfvervreemding behels dan dat arbeiders weens die proses van arbeidspesialisasie verval in eentonige geroetineerde arbeid waarin hulle min of geen kreatiewe arbeid verrig nie. Só word die intellektuele vermoëns van die werker dus van sy fisiese arbeid geskei. Dit veroorsaak dat sy werk vir hom dwangarbeid word omdat hy homself nie daarin kan uitleef nie: dit word bloot die middel waarmee hy sy lewensdoel kan bereik. Die arbeider se lewe word 'n doellose bestaanstryd. Hy voel homself nutteloos omdat hy selde of nooit met die eindproduk van sy arbeid te make het in die samelewing nie.

Die selfvervreemdingsproses intensiveer mettertyd só dat dit werkersklasintegrasie dermate bevorder dat hulle in opstand kom met magsgeweld teen die besittersklas. Volgens Marx[1)] sal dié revolusie gepaardgaan met die tydelike diktatuur van die proletariaat as 'n tussentydse regeringsvorm vir die duur van die revolusie en as die instrument waarmee die kapitalistiese reste in die maatskappy vernietig word. Sodra dié taak volbring is, en al die produksiemiddele en produksieverhoudinge in die hande van die proletariërs is, sal dié diktatuur ontbind en sal die 'ware kommunisme' gehandhaaf word.

Oor die werklike aard van die sogenaamde 'ware kommunisme' is die verteenwoordigers van die Konflikskool redelik verdeeld[2)],

1) Marx. Capital, p. 462.

2) Van Wyk. Die Kommunisme, p. 120.

maar Marx is in elk geval oortuig dat in dië saamleefvorm daar nie 'n staat en 'n besittersklas sal wees nie. Die staat sal soort van oorbodig wees omdat dit voorheen (of liewer in sy huidige opset) gebruik is as 'n onderdrukkingsmiddel deur die besitters.

Volgens Marx is die hoofoorsaak van die ontstaan van die revolusie te vinde in die uitbuiting van die werkers in die betekenis van die surpluswaarde wat hulle in hulle werk lewer.

### 4.3.3 Surpluswaarde

Die teorie van die surpluswaarde kom daarop neer dat die werkers meer arbeidswaarde lewer as waarvoor hulle vergoed word deur die indiensnemende kapitaliste. Dit lei tot ontevredenheid en opstand.

Soos reeds aangetoon, word die hele samelewingstruktuur deur die ekonomiese substruktuur daarvan bepaal. Die ekonomiese opset van die samelewing bepaal dus die wetsisteem, die moraal, kuns, godsdiens, ensovoorts in sy konsekwensies. Enige beplande veranderinge in dië sfere moet dus ook eers voorafgegaan word deur ekonomiese veranderinge. Omdat die euwels van die tyd dan juis daaruit bestaan dat die produksiemiddele in die hande van die kapitalistiese minderheid is en die proletariaat die besitlose meerderheid is, moet dië ekonomiese sisteem verander word sodat alles wat daarop gebou is ook ten goede sal verander. Teen dië stelsel kom die kommunisme nou in opstand vir sover hulle ten doel

het die plasing van die produksiemiddele in die hande van die werkende meerderheid. Die ekonomiese lewensterrein se verandering verloop kragtens Marx se dialektiese uitgangspunt noodwendig met konflik en stryd.

"Verder hou die ekonomiese teorie van die Kommunisme die volgende in: Marx onderskei die sogenaamde g e b r u i k s w a a r d e wat subjektief van aard is (wat m.a.w. vra na die waarde vir myself, jouself, ens.) van die r u i l w a a r d e en kom dan tot die konklusie dat dit die arbeid is wat aan die produk sy waarde gee. Hierdie arbeid wat in die produksieproses ingewerk is, noem hy dan die m e e r w a a r d e wat die kapitalis van die arbeider steel omdat hy op die ou end vir die produk baie meer kry as wat hy vir die grondstof betaal het. Die kapitalis hou, volgens Marx, nie rekening met die bydrae wat die arbeider in die produksie lewer nie."[1)]

Wanneer dié probleme uitgeskakel word met die revolusionêre verandering van die ekonomiese sisteem, sal die kommunisme ontstaan as die utopiese heilstaat.

### 4.3.4 Die kommunisme

Die kenmerke van die kommunistiese utopie word soos volg deur Van Wyk[2)] weergegee as hy sê: "Marx se ekonomiese verklaring van die samelewing het o.a. die belofte van beter lewensomstandighede vir die armes ingehou, naamlik die idee dat alle produksiegoedere gemeenskaplik besit sal word. Individuele of

1) Van Wyk. Die Kommunisme, p. 118.
2) Ibid.

privaatbesit word deur die Marxis as diefstal van wat aan die gemeenskap behoort, bestempel. In die kommunistiese staat van die toekoms sal die proletariaat as bevoorregte klas geleidelik deel in die vrugte van die produksie. Gemeenskaplike besit van plase, fabrieke, masjinerie en myne hou in dat uitbuiting uitgesluit is en dat alle klasse, behalwe die proletariaat, sal verdwyn. As dit bereik is, sal alle rykdom eweredig gedistribueer wees in die 'klaslose gemeenskap' en sal alle 'klassestryd' beëindig wees, en die staat verdwyn."[1)]

Hierbenewens kan die volgende kenmerke van die kommunisme soos voorgestaan deur die Konflikskool onderskei word volgens Hazard[2)]; 'n staatsbeplande ekonomiese sisteem ten koste van privaateiendom, die noodsaaklikheid van staatsbesit van die produksiemiddele om die misbruik daarvan tot politieke voordeel van individue te bekamp, die organisasie van landsbesit deur gemeenskappe, die propagering van ateïsme, die onmoontlikheid om mag te bekom behalwe deur middel van geweld, die monopolisering van politieke magte na die diktatuur van die proletariaat en universalisme in die sin van die hoër waardering van die massa ten opsigte van die individu as essensieel vir die volwaardige ontplooiing van die individu.

Die volgende uitspraak van Marx[3)] in dié verband en met betrekking tot die voorafgaande kenmerke van die Konflikskool is baie verduidelikend: "As the state arose from the need to

1) Van Wyk. Die Kommunisme, p. 118.

2) Hazard. Communist parties. (In Encyclopedia Brittanica, 6:210-215:1971.)

3) Feuer. Basic writings on politics and philosophy; Karl Marx and Friedrich Engels, p. 392.

hold class antagonisms in check, but as it arose, at the same time, in the midst of the conflict of these classes, it is, as a rule, the state of the most powerful, economically dominant class, which, through the medium of the state, becomes also the politically dominant class, and thus acquires new means of holding down and exploiting the oppressed class. Thus the state of antiquity was above all the state of the slave-owners for the purpose of holding down the slaves, as the feudal state was the organ of the nobility for holding down the peasant serfs and bondsmen, and the modern representative state is an instrument of exploitation of wage labor by capital." Daarom moet die staat ondergaan in die kommunisme.

## 4.4 Die bydrae van die Konflikskool tot social engineering

### 4.4.1 Inleiding

Net soos in die geval van die Meganistiese Skool, sal die bydrae van die Konflikskool tot social engineering nagegaan word in terme van die struktuur-funksionele kenmerke van die samelewing met sy subsisteme en getoets word aan die hand van die kenmerke van social engineering.

### 4.4.2 Sisteemfunksies

Doelbereiking in die samelewing binne die raamwerk van social engineering is toekomsgerig en dit kan volgens die Konflikskool se verteenwoordigers net bereik word deur en in die realisering van kommunisme. Die beplanning hiervoor word op makromanipulasievlak gedoen: dit wil sê ten opsigte van samelewings in hul

geheel en inter alia vir die wêreld as 'n samelewing. Om dié makromanipulasie universalisties te integreer word van die klassestryd gebruikgemaak deur 'n wedersydse gevoelvolle skikking te bewerk onder die werkers wat nodig is vir die eenheidstrewe wat die revolusie veronderstel en voorafgaan. Die aanpassingsprobleme wat hiermee gepaardgaan word taakoriënterend aan die ekonomiese beginsel van surpluswaarde gekoppel om bepaalde gedragspatrone te kan handhaaf wat verkry moet word deur materialistiese eksperimentering.

### 4.4.3 Mensbeeld

Die deurwerkende gevolge van die Konflikskool se social engineering vir die mensbeskouing lei daartoe dat die sosiale aard van die mens wesentlik ontken word.[1] Sy vrye verantwoordelikheidskeuse word ontken en sy selfverwerkliking in die wetenskap word omgebuig tot realisering van die makrososiologiese social engineering wat tipies is van die Konflikskool se denke. In ruil vir sy individualiteit ontvang die mens dan party-ideologiese sekerheid. Die subjektiwiteit van die mens word hiermee heeltemal verobjektiveer. Hiervandaan is dit maklik om te konkludeer op 'n universalistiese samelewing wat materialisties opgeneem word soos vervolgens sal blyk.

### 4.4.4 Samelewingsleer

Die bydrae wat die Konflikskool maak tot die universalistiese samelewingsleer is eintlik paradoksaal.[2] Die totalitarisme

1) Willems. Totalitaire samenleving. (In Van der Hoeven et al. Marxisme en revolutie, p. 202 - 203.)

2) Ibid., p. 203.

pretendeer om samelewingsverbande te kollektiveer naas gelykskakeling van sosiale klasse sodat een hooffunksie van alle groepe vereis word, naamlik ekonomiese produktiwiteit. Die ekonomiese vereenvoudiging van die samelewing werk paradoksaal in dié sin dat dit juis medemenslike vervreemding verskerp en dat individualisme verdiep word.

Die Konflikskool se kommunistiese universalisme het 'n rigtinggewende invloed op die bloudruk van hul utopie. Die dialektiese materialisme wat deur die sogenaamde surpluswaarde op klassestryd en kommunisme uitloop, verhinder die wetenskaplike om wetenskaplik te wees. Wetenskap is nie 'n 'superstruktuur' bokant die 'materiële produksietoestande of produksieverhoudinge' nie: dit is 'n essensiële komponent van die faktore. Die menslike genialiteit, sy skeppende gees is die hoofdryfkrag agter die produksiekragte en produksieverhoudinge wat Marx as bloot materieel sien.[1] Aan die verstandelike vermoëns van die mens word alleenlik erkenning gegee vir sover dit ekonomies produktief is. Du Plessis[2] sê in die verband tereg: "Die wetenskap moet merendeel die wetenskaplike stempel plaas op dit wat die Party reeds besluit het." Daarom kan die Konflikskool met dié verstand die voorgestelde utopie skep. Die waarheid word dus vervlak tot materiële werklikhede.

### 4.4.5 Sisteemstruktuur

Daar is 'n sterk korrelasie wanneer die verbande tussen die bydrae van die Konflikskool tot social engineering met die

1) Macek. An essay on the impact of Marxism, p. 53.
2) Du Plessis. Die filosofie van die grafskrif, p. 9 - 10.

struktuurelemente van die voorgestelde kommunistiese utopie gelê word. Die waardes van dié utopie is duidelik immanent gerig deur die materialisme. Dit blyk duidelik uit die verwagte toekomsblik op die kommunisme: hierin sal die staat alles aan almal voorsien. Daarom is byvoorbeeld die huwelik oorbodig. Die norme hiervoor word soos volg deur Van Wyk[1] gestel: "Vir die huwelik is instemming van beide nodig, vir egskeiding is die beslissing van een voldoende. Omdat die huwelik geen 'wettige' instelling is nie, is daar geen beswaar teen prostitusie nie. Man en vrou is gelyke arbeiders en die kind behoort as toekomstige arbeider aan die staat. Voorlopig sal die staat in sy kleuterinrigtings, skole en jeugorganisasies vir die kinders sorg. In die voltooide kommunistiese staat sal kinderversorging outomaties plaasvind. Sedewette vir die huwelikslewe bestaan nie - slegs ekonomiese wette bepaal wat sedelik en wat onsedelik is." Uit die voorgaande aanhaling blyk dat die rolvervulling en subgroepe van die samelewing en sy onderdele dus ook onderworpe is aan die gestelde staatsabsolutisme en staatsuniversalisme.

## 4.5 Samevatting en eie opvatting

Samevattend kan die hoofbydraes van die Marxistiese tak van die Konflikskool tot social engineering soos volg weergegee word in die kenmerke van die kommunistiese heilstaat soos uiteengesit deur Modelski en Van Wyk. Eerstens noem Modelski[2] die aspirasie tot universaliteit in die sin van proletariese inter-

1) Van Wyk. Die Kommunisme, p. 121.

2) Modelski. Communism; the international system. (In International encyclopedia of the social sciences, 3:127: 1968.)

nasionalisme. Dit sal, tweedens, verkry word deur segmentering van outoriteit tussen die verskillende politieke outoriteite wat van belang is binne dié sisteem. Dit gaan gepaard met, derdens, die handhawing van 'n afsonderlike identiteit as 'n politiese identiteit waarin meganismes in werking gestel word om hul afsonderlikheid te handhaaf en te beklemtoon. Vierdens, sê Modelski, word hulle gekenmerk deur konflikinstandhouding met solidariteit. By dié uiteensetting sluit Van Wyk[1)] aan as hy verder die volgende kenmerke byvoeg: Vydens skep die Konflikskool, in teorie altans, 'n nuwe mensetipe wat rondom ekonomiese kameraderie en gelykgeskakeldheid saamleef in permanente vrede en sosiale geregtigheid. Sesdens word die mens se vryheid gewaarborg binne die dialektiese historiese materialisme waarin die wetenskap aan almal se behoeftes sal voorsien.

Die ateïsme van die Konflikskool (Marxistiese tak) is sy besondere dwaling wat indruis teen alle wetenskaplikheid in. Die materialisme waarop die ateïsme bou, is 'n soort godsdiens, naalik afgodsdiens: mens- en stofverheerliking vervang Godsverheerliking in 'n heidense immanentisme. Selfs die terme dialektiese materialisme is misleidend. Indien die geskiedenis dan volgens onveranderlike materiële wette verloop, waarom word revolusie dan aangeblaas? Indien dit so is dat dié wette hul in die optrede van die massas uitdruk, waarom word die proletariaatmassas dan steeds deur individue gelei wat bepaalde idees huldig?

Buitendien is materie nie die enigste werklikheid nie. Bo alles bestaan God, die Skepper van die materie wat ook in

1) Van Wyk. Die Kommunisme, p. 124.

aanmerking geneem moet word indien mens nie in eensydighede wil verval soos die Konflikskool nie. Die konflikutopie se bevolking hoef hulle hoop en verwagting nie te stel op die nuwe aarde nie: veel eerder moet hulle werk aan die aardse werkersparadys.[1)]

Dit verlei die Konflikskool ook tot situasie-etiek. Weens die ontkenning van die Goddelikheid, verval daarmee ook die erkenning van die Goddelike Wet as die normeerder van menslike gedrag. Die mens is mondig en outonoom. Hy is self die normeerder en wetgewer. Sedewette is goed wanneer dit die belange van die utopie bevorder en sleg wanneer dit dit bestry of teengaan. Leuens, bedrog en misleiding is toelaatbaar en goed as dit aangewend word om die utopie te realiseer. Slegs dit wat die universalisme bevorder, spel die heil uit van die enkeling.

Dit bring dié denkers daartoe om die menslikheid van die mens te degradeer tot 'n fabrieksonderdeel. Ondergeskik aan die sogenaamde materiële wetlikheid word die mens 'n bloot refleksiewe wese wie se handelinge gedegradeer word tot ekonomiese handelinge. Hierteenoor het die mens 'n ewigheidsbestemming wat hier en nou as geroepene in diens van die Godsryk staan (<u>ook</u> in ekonomiese hoedanigheid), maar hiervoor het dié utopiekonstrueerders geen oog nie.

Die oorbeklemtoning van die ekonomiese lewensterrein en die historiese lewensterrein word deur Van Wyk[2)] soos volg in Skriftuurlike perspektief gestel: "Ekonomiese gebeure is geen

1) Du Plessis. Die filosofie van die grafskrif, p. 6.
2) Van Wyk. Die Kommunisme, p. 135.

determinerende natuurnoodwendigheid nie, maar menslike dade, onderworpe aan norme waarvolgens die mens roepingsgetrou ekonomiese kultuur moet vorm. Die ekonomies-materialistiese determinisme van die Kommunisme ontneem die mens sy vryheid. God het die mens immers geroep om die natuur te onderwerp en daaroor te heers, met ander woorde die ekonomie is mensbeheersd, die mens nie ekonomiegedetermineerd nie."

Verder sê Van Wyk[1)] tereg dat nie net ekonomiese faktore bydra tot die geskiedenisvorming nie: ook juridiese, nasionale, en godsdienstige faktore speel 'n rigtinggewende rol hierin. Die Tagtigjarige Oorlog en die Anglo-Boereoorlog is voorbeelde daarvan dat mense lynreg teen ekonomiese belange in opgetree het. Hierby aansluitende kan ook gestel word dat die opvatting wat hiermee verband hou, naamlik dat die geskiedenis van die mensdom die geskiedenis is van (ekonomiese) klassestryd, 'n voor-die-hand-liggende leuen is. Die eintlike stryd op aarde is nie 'n klassestryd nie, want klasse staan saam om state te verdedig by bedreiging; dit is eerder die stryd tussen die Lig en die duisternis. In die kommunistiese lande het ook geen klaslose gemeenskap ontstaan nie; wel 'n nuwe klas, naamlik die burokratiese kommunisme wat die administratiewe monopolie besit en die volk meedoënloos onderdruk.

Die klasse en klassestrydteorie van die Konflikskool is ewe debatteerbaar. Die eenvoudige dualistiese klasseopvatting van die skool hou nie rekening met die kompleksiteit van die sosiale organisasie nie, maar vereenvoudig dit tot twee klasse wat alleen maar onderskei (en geskei) word deur privaatbesit

1) Van Wyk. Die Kommunisme, p. 135.

en produksiemiddele. Verder verloor dit uit die oog dat daar tussen die klasse nie net stryd nie, maar ook samewerking, assimilasie en koöperasie kan bestaan; en ook stryd en konflik tussen individue en groepe, nie net tussen klasse nie. Verder leer die konkrete ervaring ons ook dat maatskaplike probleme nie opgelos kan word deur die belange van een klas of groep in te ruil vir dié van 'n ander klas of groep nie. Dit kan nie lei tot doeltreffende funksionering van die samelewing in terme van die funksionele imperatiewe van handeling wat by die funksionering van alle sosiale sisteme betrokke is nie. Hier geld die organiese opvatting, wat stel dat alle samelewingsverbande en groepe neweskikkend en koördinerend saamwerk binne die raamwerk van die Koninkryk van God wat die Godgeskape werklikheid moet beheers.

Interessant genoeg wil die Marxistiese tak van die Konflikskool dat die proletariaat moet voortbestaan en die kapitalistiese klas verdwyn: dit sal glo geskied met die verbanning van privaatbesit. Aritmeties is dit houdbaar dat die een klas kan bly voortbestaan as die ander verdwyn, maar dit hou nie tred met Marx se 'wetenskaplike sosialisme' nie. Macek[1] sê: "According to Marx, when one of the two classes disappears, the class distinction loses its sense; therefore there are no classes at all, and the proletariat disappears too!" Die vangplek hier lê in die 'feit' dat die mense waaruit die proletariaat bestaan het, bly voortbestaan maar verloor hulle klassedominering.

1) Macek. An essay on the impact of Marxism, p. 20.

Die Marxistiese tak van die Konflikskool het sy penwortels in die humanistiese westerse tradisie. 'n Stelsel wat roem op sosiale geregtigheid, orde en vrede, die grootste hoeveelheid wat gelyke ekonomiese besit het vir die grootste getal (werkende) mense, het nie nodig om sy sisteem op ander mense met geweld af te forseer nie. Verskillende kombinasies van besware teen die Konflikskool waarvan die belangrikste seker gesoek kan word in die tipiese stagnerende utopiese ideaal van geen verandering in die kommunistiese ontwikkelingsfase nie, het aanleiding gegee tot die ontstaan van skole wat 'n oog en oor gevra het vir die dinamiek wat onderliggend is aan die samelewing van mense en sy kultuur.

HOOFSTUK 5

# 5 Die bydrae van die Klassieke Skool tot social engineering

## 5.1 Inleiding

Uit die voorafgaande hoofstukke is die bydraes van die Meganistiese en die Konflikskole ondersoek met betrekking tot social engineering en bevind dat beide 'n toekomsgerigtheid het waarin hulle evolusionêre en historiese uitgangspunte op onafwendbare utopiese samelewings sal uitloop. Dit is teen hierdie futorologiese instelling van die twee voorafgaande skole dat die Klassieke Skool, as die voorloper van die kontemporêre Funksionalistiese Skool in reaksie kom. Volgens Durkheim[1] en Weber[2], die twee hoofverteenwoordigers wat naderby bekyk sal word, is die sosiologie nog te onbekwaam om toekomsvoorspellings te kan maak. Dit was juis hulle aanvoeling dat die sosiologie te make het met dit wat is en/of was wat die Klassieke sosiologie se koms aangekondig het.

Klassieke sosiologie is dié rigting in die sosiologie wat die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die menslike samelewing soek in terme van solidariteit. Die skool se bydrae word nou nader bekyk en ondersoek.

1) Gouldner. The coming crisis of western sociology, p. 119.

2) Ibid.

## 5.2 Ontstaansagtergrond

Volgens Gouldner[1] het die Klassieke sosiologie gedurende die laaste kwart van die 19e eeu ontstaan - 'n tydperk wat gekenmerk was deur konsoliderende industrialisasie, grootskaalse organisasie(s) en toenemende imperialisme wat die eerste wêreldoorlog voorafgegaan het. Die Klassieke Skool se opkoms gaan dus gepaard met die historiese doodloop van die wysgerige laat-rasionalisme en die opkoms van die irrasionalisme met die wending van die eeu.

Volgens Gouldner[2] was die Klassieke sosiologie die breinkind van die Wes-Europese ekonomiese bedrywige middelklas: "... when the individual, competitive entrepreneur was being supplanted by increasingly large-scale and bureaucratized industrial organization, and when in general, the middle class was increasingly threatened by the rise of Marxist socialism."

Die betekenisvolle verskil tussen die Meganistiese Skool, die Konflikskool en die Klassieke Skool kan gesoek word in die verskille wat grondliggend is aan die wysgerige positivisme, die neo-positivisme en die neo-idealisme.[3] Die eerste genoemde twee skole het naamlik 'n sterk weerstand teen die verlede: hulle is meer gebonde daaraan en meer bevrees daarvoor. Vir Comte en Marx was die positiewe en kommunistiese stadiums slegs <u>stadiums</u> in 'n onafwendbare, deterministies-komende proses op pad na die utopiese toekoms: iets wat in hulle tyd nog maar in wording was in die sin van swewende tussen 'n

1) Gouldner. The coming crisis of western sociology, p. 116.
2) Ibid.
3) Vergelyk hoofstuk 3.

nog-nie-dooie-verlede en nog-nie-lewende-toekoms. Die bedreigings van die geïdealiseerde utopieë lê telkens vir Comte en Marx in die lewende reste wat nog aktief is in die onvolledige onvolwasse toekoms.

Teen hierdie agtergrond en in versoenende reaksie daarteen, ontstaan die Klassieke Skool. So was Durkheim se sosiologiese situasie anders: die industriële samelewing was al verby die wegspringfase en die aktiewe bedreiging van die restourasioniste wat die verlede wou herstel, het verflou.

Die gevaar is nie meer gesien in die verlede nie, maar eerder in die hede en net vir sover nadelige reste nog sigbaar daarin vergestalt word. Dog, siende dit as 'n vis buite die water, reken die Klassieke Skool dat dié reste 'n natuurlike dood sal sterf "... rather than as something having to be actively and forcefully disposed of through revolutionary change."[1] Dit sal geleidelik en vredevol deur middel van terugsterwing geëlimineer kan word bloot omdat dit nie ultrastabiliteit vertoon en geen konflik nodig is nie.

Hieruit blyk dat die Klassieke Skool sy wysgerige wortels in die neo-idealisme het vir sover dit skynbaar versoenend werk ten opsigte van die positivisme (Meganistiese Skool) en die neo-positivisme (Konflikskool); dit wil sê die uit-die-verlede-ontwikkelende-konflik-verlede word vasgevang en versoek in die hede. Durkheim en sy skool se ontstaan kan dus gekoppel word aan die toestop van die sogenaamde kultuuragterstandteorie van beide kante af: die verlede en die hede.

1) Gouldner. The coming crisis of western sociology, p. 118.

Gouldner[1] sê in dié verband: "Durkheim had no need to curse the past or pray to the future, for things would not be radically different in it. The really serious dangers of society, for Durkheim, was rooted in the inherent instability of man, and these would remain the same for all societies and be unchanged in the future." Uit sy oogpunt kan positivisme of kommunisme dus geen verandering aanbring aan die essensiële aard van die mens nie en daarom vereenselwig hy hom nie daarmee nie. Dit is dus sinneloos om na die toekoms te kyk vir 'n uitkoms - dis die hede wat gemanipuleer moet word, want dit is al wat betekenisvol is.

Wanneer M. Weber[2] dus in dié verband meen dat sosialisme net so burokraties sal wees as kapitalisme in 'n burokratiese samelewing, kom sy gedagtegang ook op die hede en die manipulasie daarvan ingestel.

Die neo-idealistiese grondslag van Durkheim se denke word duidelik geïllustreer deur La Capra[3] wanneer hy wys op die sintetiese aard van sy denke: "Durkheim attempted a reconciliation of liberal, conservative and radical traditions... Above all, Durkheim wanted the emergence of a society that reconciled legitimate order and progress, reason and sentiment, structure and creativity."

Hy sê, die feit dat sosiologie sy studiegebied en studiemateriaal op dieselfde wyse moet hanteer as die natuurwetenskappe,

1) Gouldner. The coming crisis of western sociology, p. 118.
2) Ibid., p. 119.
3) LaCapra. Emile Durkheim, p. 293.

en dat sosiologie eintlik 'n metode is wat deur alle wetenskaplikes gebruik kan word, bevestig die sosiologistiese inslag van dié denkraamwerk.[1)]

Die kenmerke van die Klassieke Skool wat in hierdie navorsing as die belangrikste geag word is onder meer dié van solidarisme, moralisme, realisme en simbolisme. Slegs hierdie genoemde kenmerke word nou nader belig.

## 5.3 Die kenmerke van die Klassieke Skool

### 5.3.1 Solidarisme

Solidariteit is 'n saak waaraan die verteenwoordigers van die Klassieke Skool besonderlik aandag gegee het, omdat dit in lyn was met hul universalistiese opvatting van die kragte wat werksaam in die samelewing is. Nou verbonde aan die ander genoemde kenmerke van die Klassieke Skool, staan die opvattings van Durkheim uit met betrekking tot die sogenaamde kollektiewe bewussyn as waarborg vir solidariteit.[2)]

Gesien die neo-idealistiese grondslag van sy denke, kan ons 'n (versoenende) dualiteit verwag - en dit kom duidelik na vore in sy onderskeiding van meganiese en organiese solidariteit. LaCapra[3)] sê in dié verband: "The destinction between mechanical and organic solidarity was similar to numerous other

1) Maus. A short history of sociology, p. 79 - 80.

2) Timasheff. Sociological theory; its nature and growth, p. 112.

3) LaCapra. Emile Durkheim, p. 84.

popular oppositions in the work of early social thinkers. It was analogous, for example, to Charles Horton Cooley's distinction between primary and secondary groups. And it had areas of overlapping with Nietszhe's concepts of the Dionysion and the Appollonian and with Weber's opposition between charisma and bureaucratization. Durkheim himself... tried to relate his concepts to Ferdinand Tönnies' influential contrast between Gemeinschafft (community) and Gesellschafft (society)."

LaCapra[1] sien ook die dualiteit in dië onderskeiding maar wat nie eksplisiet erken word nie, omdat hy dit koppel aan die positivisme wat die fisiese en biologiese wil versoen. Hy doen dit aan die hand van die romantiese denke wat die organiese assosieer met die outentieke en lewende en die meganiese met die valse en die dooie.

Wanneer Durkheim die argaïese met die gevorderde samelewings vergelyk, bevind hy dat eersgenoemde meganiese en laasgenoemde organiese solidariteit vertoon. Daarby verduidelik hy dat meganiese solidariteit gewortel is in eendersheid van die lede van 'n samelewing, terwyl organiese solidariteit gewortel is in andersheid van die lede.[2]

Verder reken Durkheim[3] dat meganiese solidariteit in die argaïese samelewings 'n sterk kollektiewe bewussyn realiseer. Organiese solidariteit wat met die koms van arbeidsverdeling ontstaan, veroorsaak egter 'n swak kollektiewe bewussyn.

1) LaCapra. Emile Durkheim, p. 85.

2) Timasheff. Sociological theory; its nature and growth, p. 112.

3) Ibid., p. 113.

LaCapra[1] vat die betekenis van organiese en meganiese solidariteit van Durkheim soos volg saam: "In the most general sense, the term "mechanical" referred to solidarity through "similarities" (or what might be called "communual identity"), "organic" referred to solidarity through differentiation with reciprocity and cooperation among differentiated but complementary parts."

Die kernsaak van Durkheim se sosiologie kan herlei word tot kollektiewe bewussynsrealisering op die strukturele vlak. Uit die voorafgaande blyk die wyse waarop Durkheim solidariteit sṓ hoog aanslaan dat dit as 'n oorbeklemtoning moet deurgaan in terme van solidarisme.

Durkheim het ook afwykende gedrag verklaar in terme van sy opvatting van solidariteit wat bewerk word deur die kollektiewe bewussyn. Die kollektiewe bewussyn is vir hom die verteenwoordigende element en die draer van strafsanksies van die samelewing teen afwykende gedrag - veral in die meganies-solidêre samelewing. Weer is dit LaCapra[2] wat met sy intensiewe studie oor Durkheim dié saak baie mooi raakvat met die volgende formulering: "... within the confining context of mechanical solidarity, he associated the c o n c i e n c e c o l l e c t i v e with repressive penal sanctions and communitas. Repressive sanctions, for Durkheim, were the most objective index of criterion for mechanical solidarity, they imposed punishment upon the person who offended the c o n c i e n c e c o l l e c t i v e, especially its religious demands."

1) LaCapra. Emile Durkheim, p. 85.

2) Ibid., p. 90.

Binne die voorgenoemde raamwerk kom Durkheim ook tot die konklusie dat die variasies en tipes selfmoorde direk in verband staan met en verklaar kan word uit die verskille in die graad en tipe van sosiale solidariteit.[1] So is byvoorbeeld egoïstiese selfmoord die produk van relatiewe swak groepsintegrasie, anomiese selfmoord weer die gevolg van die skielike afbreek van norme en waardes. Hierteenoor staan die altruïstiese en fatalistiese tipes van selfmoord wat weer gekenmerk word deur swak groepsintegrasie.[2]

Die solidarisme van Durkheim kan verder duidelik geïllustreer word aan die hand van sy opvattinge oor arbeidsverdeling wat in die moderne samelewing gekenmerk word deur organiese solidariteit. Die funksies van arbeidsverdeling is om solidariteit tussen mense te handhaaf te midde van die andersheid tussen hulle. Die rol van eendersheid by solidariteit tussen mense impliseer die relatiewe afwesigheid van arbeidsverdeling. Met die koms van arbeidsverdeling, kom egter ook andersheid: en dít dra terselfdertyd by tot solidariteit vir sover dit bydra tot die interafhanklikheid tussen mense betref. Binne die raamwerk kom hy weer uit by sy onderskeiding tussen organiese solidariteit wat gebaseer is op andersheid en meganiese solidariteit wat gebaseer is op eendersheid.

Die opvattinge trek Durkheim deur na die vlak van die individu as hy stel dat individualiteit by die mens verdwyn in die meganies-solidêre samelewingstipe omdat dit daar gaan om die belangrikheid wat die eendersheid inneem in die tussenmenslike

1) Timasheff. Sociological theory; its nature and growth, p.114.

2) Ibid. Vergelyk ook Becker & Barnes. Social thought from lore to science, p. 834.

verhoudinge. Hierteenoor staan die kenmerkende individualiteit weer voorop in die organies-solidêre samelewingstipe omdat arbeidsverdeling aanleiding gee tot geestelike, morele en sosiale andershede tussen mense wat verswakkend inwerk op die kollektiewe bewussyn.

Wanneer arbeidsverdeling egter abnormale vorme aaneem, wys hy op die hoë primaat wat bestaan ten opsigte van sosiale beheer en die handhawing van die stabiliteit van die solidariteit. Durkheim[1] wys daarop dat, indien organiese solidariteit gestrem en voorkom word deur eksterne of kunsmatige inmenging om te ontwikkel in verhouding tot die afname van meganiese solidariteit, sal sosiale kontrole en sosiale kohesie (solidariteit) verswak word en abnormale toestande sal ontstaan in die samelewing. Dít kan net herstel word deur versterking van die sosiale solidariteit.[2] Omdat hy die mening toegedaan is dat die gesin te klein is om in dié sin 'n effektiewe beheersisteem te kan wees, reken Durkheim[3] dat daar op die beroepsgroepe toegespits moet word en dít sal die taak van die social engineer wees.

Volgens Durkheim is die beroepsgroepe goed aangepas om doeltreffende sosiale beheer uit te oefen. Dit sal ook meer aanvaarbaar wees vir die enkeling omdat hy só meer bewus sal wees van sy eie belange in dié beroepsgroep. Volgens Becker en Barnes[4] impliseer dit dat beroepsgroepe versterk moet word ten

1) Timasheff. Sociological theory; its nature and growth, p.114. Vergelyk ook Becker & Barnes. Social thought from lore to science, p. 834.

2) Becker & Barnes. Social thought from lore to science, p.834.

3) Ibid.

4) Ibid., p. 835.

ten koste van die staat se ekonomiese funksie en dat dít die verteenwoordigingsbasis gemaak moet word in die wetgewende vergadering van die land.

Durkheim gebruik ook sy selfmoordverklaring om sy idee van solidariteit te bevestig - en hierin kom sy idee van solidarisme duidelik na vore (dit wil sê die oorbeklemtoning van solidariteit). Sy bekende onderskeidings tussen egoïstiese, altruïstiese, anomiese en fatalistiese selfmoord dien ter ondersteuning van sy sosiologistiese solidariteitsverklaring. Volgens hom is die verskillende vorme van selfmoord verklaarbaar in terme van 'n swakker of sterker aanwesigheid van groepsolidariteit. So vind byvoorbeeld egoïstiese selfmoord plaas wanneer groepsolidariteit swak is en altruïstiese selfmoord wanneer dit weer buitengewoon sterk is.[1)]

Die solidarisme van Durkheim word ook duidelik geïllustreer aan die hand van sy godsdienssosiologie. Volgens sy sosiologisme ontstaan godsdiens uit die samelewing by tye van godsdienstige oplewing. Hy bevind verder dat godsdiens die dominante integreringsfaktor is in die samelewing. Volgens dié standpunt bestaan daar dus 'n direkte verband tussen godsdiens en solidariteit.

Fauconnot[2)] wat veral belanggestel het in die teorie van Durkheim met betrekking tot misdaad, het by sy voorganger aangesluit in sy solidarisme. Hy sien naamlik misdaad as handelinge wat 'n sterk en definitiewe kollektiewe bewussyn versteur. Volgens hom is die oorsprong van straf ook geleë in pogings om

1) Becker & Barnes. Social thought from lore to science, p. 830 - 836.

2) Ibid., p. 841.

die emosionele balans te herstel wat daaruit groei deur groepsgesanksioneerde aktiwiteite.[1] By dië gedagtegang sluit Blondel ook aan as hy uit sy studie oor swaksinnigheid konkludeer dat dit hoofsaaklik ontstaan uit desosialisering van die geestelike lewe en 'n verwerping van die geestelike raamwerk is wat 'n kollektiewe oorsprong het. Ook met betrekking tot psigoses konkludeer hy dat dit ontstaan weens die konseptualiseringsmagsverlies van die mens omdat hy losgeslaan is van die kollektiewe bewussyn en dus van groepsolidariteit. Volgens Blondel is die individuele wil dus ook 'n volledige produk van die sosiale groepe se soliderende mag.

### 5.3.2 Moralisme

In ooreenstemming met sy sosiologiese metodes begin Durkheim met 'n definisie van moraliteit om die intrinsieke verskil te bepaal tussen morele en ander gedragsreëls. Die waarneembare verskil spoor hy op uit die verpligtende karakter van morele teenoor tegniese gedragsreëls.[2] Dit manifesteer in die bestaan van negatiewe (verwyte en straf) en positiewe (prys en eer) sanksies wat sinteties verbonde is aan 'n handeling teenoor analitiese oorsake verbonde aan 'n handeling.

Dië twee aspekte is egter altyd gelyktydig teenwoordig en kan nooit empiries geïsoleer word nie. Dit wil sê hy meen menslike handelinge is nooit uitgevoer net uit plig nie: dit moet nog om een of ander rede ook as goed beskou kan word. Tog meen hy dat iets van die plig aangetref word in die begeerlik-

1) Becker & Barnes. Social thought from lore to science, p. 842.

2) Lukes. Emile Durkheim, p. 410.

heid van die moraliteit. Hul is gekombineer in verskillende proporsies, in verskillende handelinge, verskillende persoonlikhede en verskillende beskawings.[1] Die een kan nie van die ander afgelei word nie: dit sal 'n kunsmatige vereenvoudiging van die morele werklikheid wees.

Durkheim vergelyk moraliteit ook met heiligheid.[2] Die heilige is volgens hom ook dualisties van aard: dit is enersyds verbode en onaantasbaar, maar andersyds goed, geliefd en opsporenswaardig. Moraliteit en godsdiens is dus nou aan mekaar verbonde: soms soveel vermeng dat hul in mekaar vervloei.[3]

Vir die verklaring van moraliteit stel Durkheim voor dat empiriese studies onderneem word van 'n verskeidenheid morele kodes, hulle oorsake en funksies; of 'n dialektiese studie kan gemaak word ter ondersteuning van die bestaande uiteengesette opvattinge. Ten opsigte van die laasgenoemde moontlikhede konkludeer hy dat moraliteit groei uit die samelewing.[4] Durkheim het sy argumentering hieromheen vergelyk met Kant se argument vir die bestaan van God. Soos aangehaal deur Lukes[5] lui dit soos volg: "Kant postulates God, since without this hypothesis morality is unintelligible. We postulate a society specifically distinct from individuals, since otherwise morality has no object and duty nor roots. Let us add that this postulate is easily verified by experience."

1) Lukes. Emile Durkheim, p. 413.
2) Ibid., p. 414.
3) Ibid.
4) Ibid.
5) Ibid.

Soos Durkheim dit dus sien moet gekies word tussen God en samelewing ten opsigte van die oorsprong van moraliteit. Tog was hyself onverskillig in dié keuse, want hy sien in goddelikheid slegs maar 'n karikatuur (transfigured) van die samelewing wat simbolies opgeneem word.

Uit dié oogpunt, het Durkheim gemeen, is dit moontlik om die begeerlike en verpligtende aard van moraliteit te verduidelik, asook die eenheid daarvan en die noue verbondenheid tussen moraliteit en heiligheid. Hy redeneer dat die samelewing goed en begeerlik is omdat die individu nie daarsonder kan lewe nie. As hy die samelewing ontken, ontken hy homself. Omdat die samelewing die individu te bowe gaan, kan hy dit nie begeer sonder om iets van sy individuele aard prys te gee nie. Nogtans het die samelewing alles wat nodig is vir die oorskakeling na sekere imperatiewe gedragsreëls wat onderskei moet word van morele verpligtinge.

Met betrekking tot die eenheid daarvan sê hy die samelewing beveel ons omdat dit buite ons is en verhewe bo ons is, maar dit bestaan ook binne ons want ons het dit lief en begeer dit. Hy sê dit baie beklemtonend: "... whatever we do, society can never be ours in more than a part and dominates us infinitely."[1]

Die heiligheid verbonde aan moraliteit verklaar hy op dieselfde wyse. Aan heilige dinge word onvergelyklike en onmeetbare waarde gegee deur kollektiewe opinies waaraan as sodanig kollektiewe sentimente gekoppel word en wat tot ons spreek uit 'n hoër vlak weens hul oorsprong.[2] Dit gee daaraan 'n besondere mag en

1) Lukes. Emile Durkheim, p. 416.

2) Ibid.

daarom moet mens aan Lukes[1] toegee dat Durkheim gemeen het hy het in die samelewing die doel en bron van moraliteit gevind.

Dië voorafuiteensetting impliseer 'n vyfledige koppeling tussen die sosiale en die morele werklikhede soos Durkheim dit sien:[2]

1 'n Handeling is moreel indien dit gerig is op 'n sosiale of onpersoonlike objek, dit wil sê as dit die algemene goed bevorder eerder as van 'n enkeling of 'n klein groepie;

2 dit moet gemotiveer word deur 'n sosiale, altruïstiese sentimente eerder as deur egoïstiese motiewe;

3 dit moet sosiaal voorgeskryf word om in ooreenstemming te wees met die samelewingsideale en -waardes;

4 'n sosiale konteks waarborg die voortoestand van moraliteit en

5 die voldoening aan morele kodes is sosiaal-gedetermineerd.

Durkheim se belangstelling het geleidelik verskuif van die verpligtende na die begeerlike aspekte van moraliteit en van die reëls na die morele geloof wat deur dië reëls uitgedruk word. Hoofsaaklik weens sy belangstelling in godsdiens, het hy meer betrokke geraak in die areas van geloof, ideale en in die sosiologiese verduideliking van die morele waardes.

Reeds in 1906[3] het hy die samelewing getipeer as 'n samestelling van idees, gelowe en sentimente van alle soorte wat sigself tot uitdrukking bring deur individue. Die voorloper van dië idees is die morele ideaal. Waardes het hy beskou as

1) Lukes. Emile Durkheim, p. 417.
2) Ibid., p. 417 - 418.
3) Ibid., p. 419.

realiteite wat korrespondeer met idees wat essensieel dinamies is omdat daaragter kollektiewe magte sit.[1]

Volgens Lukes[2] sien Durkheim moraliteit soos volg: "He always saw morality as essentially social, as opposed to individual (that is organically based, personal, spontaneous, private and egoistic), as irreducably dual, and set apart from the rest of life."

Dit is nie moontlik om 'n moraliteit te begeer wat anders of vreemd is aan dit wat geïmpliseer word in die samelewing self nie. Indien wel 'n vreemde moraliteit begeer word, is dit 'n ontkenning van jou eie identiteit en van die samelewing.

### 5.3.3 Imperialisme

Die woord sosiologie som op en impliseer 'n nuwe orde van idees, naamlik dat sosiale feite onafskeibaar saamgevoeg is en behandel moet word as natuurlike verskynsels wat beheer word deur onveranderlike wette.[3] Wanneer hy dus sê dat die verskillende sosiale wetenskappe besondere takke van die sosiologie moet wees, meen hy daarmee dat hulle ook positiewe wetenskappe moet wees, dat hulle ontwikkel sal word deur dieselfde gees en geïnspireer deur dieselfde metodes, behoudende hul individualiteit.Deur hul te wil integreer by die sosiologie, eis hy dat hul in dieselfde rigting sal beweeg.

1) Lukes. Emile Durkheim, p. 420.
2) Ibid., p. 421.
3) Ibid., p. 399.

Volgens Durkheim[1] is dit die taak van die sosioloog vandag om toe te sien dat die geesteswetenskappe hul fundamentele beginsels sal behou, maar nie beperk sal bly tot 'n kleiner kategorie verskynsels wat arbitrêr gekies word nie, maar tot die hele area van die sosiale lewe.

Lukes[2] som sy imperialisme soos volg op: "This imperialism was radical, even subversive in character. The aim of sociology was to transform existing specialisms, which was 'bound to embue... with a new spirit'." Die werk van Durkheim in die klassieke sosiologie kan gesien word as pogende om dié revolusie in die verskillende sosiale wetenskappe teweeg te bring. Die onmiddellike voordele daarvan was vir Durkheim en sy volgelinge geïmpliseer in die oplossing van arbitrêre grense tussen vakke en 'n nuwe perspektief op hul veld van ondersoek. Durkheim se eie studies van die verhouding tussen sosiale struktuur en vorme van godsdiensoefening en geloof en van klassifikasiesisteme is 'n voorbeeld van die tipe oorkoepelende interdissiplinêre ondersoeke wat hul op oog gehad het. Die algemene beginsels hierin was dat, wanneer hul godsdienstige, juridiese, morele en ekonomiese feite ondersoek het, dit gesien moet word in verhouding tot 'n besondere sosiale milieu en 'n besondere definitiewe samelewingstipe: organies of meganies solidêr.

Die interdissiplinêre, deterministiese beginsel in wetenskapsbeoefening het hulle baie ver deurgetrek: Maus[3] ondersoek, byvoorbeeld interafhanklikheid in die sin van geskenkgewings in verhouding tot die wyse waarop subgroepe binne gesegmenteerde

1) Lukes. Emile Durkheim, p. 399.
2) Ibid., p. 398.
3) Ibid., p. 400 - 401.

samelewings van argaïese tipe (dit wil sê organies-solidêr) konstant in skuld voel met mekaar. Hy het ook die sosiale determinante van opofferings, magie, mag en van skynbare inkonsekwente liggaamsbewegings en van die selfbeeld ondersoek. M. Halbwachs[1] het in dié verband nie net probeer om Durkheim se selfmoordteorie uit te brei nie, maar ook selfs die sosiale raamwerk van die geheue ondersoek. Daarby doen hy ook navorsing oor die differensiële lewenstandaarde en verskillende definisies van behoeftes in verhouding tot sosiale klasse, begrotings en verbruikerspatrone.

Om die imperialisme van die sosiologie verder uit te brei het Fauconnot[2] verantwoordelikheidvorme bestudeer as sosiaal-gedetermineerd. Simiand[3] het die sosiale determinante van pryse en lone bestudeer - asook ekonomiese fluktuasies, die oorsprong en waarde van geld, en die rol daarvan in die sosiale lewe. Davy[4] het die sosiale toestande bestudeer waaronder kontrakte ontstaan.

Lukes[5] som die imperialistiese strewe van dié skool in Durkheim se ideale soos volg op: "Ultimately Durkheim thought of sociology as 'destined to open a new way to the science of man'. By finding empirical answers to questions that had hitherto seemed purely philosophical because non-empirical, he hoped that the social sciences would 'restore to philosophy, with interest, what they had borrowed from it'."

1) Lukes. Emile Durkheim, p. 238.
2) Ibid., p. 239.
3) Ibid., p. 401 - 402.
4) Ibid., p. 402.
5) Ibid., p. 403.

Die kernsaak hiervan is die poging om die sosiale wetenskappe te revolusioneer deur dit met die sosiologie te infiltreer.[1]

### 5.3.4 Simbolisme

Reeds in 1886 het Durkheim geskryf dat godsdiens saam met wet en moraliteit tot taak het om die ekwilibrium van die samelewing te beheer en om dit by eksterne toestande aan te pas. Verder het hy godsdiens toe ook reeds gesien as, afgesien van 'n sosiale dissipline met 'n sosiale gebruik, as "... serving to 'symbolize traditions, cultures, collectures, collective needs' and (he) argued that the sociologist must look at 'what the symbol conceals and translates'."[2]

Een jaar later, in 1887, skryf hy dat godsdiens ontstaan uit die sentimente wat die individu aan die samelewing vasmaak, met steeds die nadruk op godsdiens se morele aard. Ook hier noem hy reeds die sosiale, eerder as die persoonlike aard van die gode.

Uit 'n studie van dié elementêre vorme van godsdiens het Durkheim sy fundamentele tesis ontwikkel met betrekking tot simbolisme, naamlik dat die groepslewe die oorsprong is van godsdiens en dat die godsdienstige idees en praktyke verwys na en simboliserend is van die sosiale groep, en dat die onderskeiding tussen heilig en profaan universeel voorkom en belangrike implikasies het vir die samelewing as geheel.[3]

1) Becker & Barnes. Social thought from lore to science, p. 830.

2) Lukes. Emile Durkheim, p. 238.

3) Timasheff. Sociological theory; its nature and growth, p. 116.

In sy "The division of labour in society" wat hy in 1893 publiseer, identifiseer Durkheim onder meer die sogenaamde onderdrukkende wette en godsdiens wat aan die een kant voorkom in die primitiewe meganies-solidêre samelewing en meganiese solidariteit en hoë intensiteit van gedeelde sentimente aan die ander kant, met mekaar.[1)]

Volgens Durkheim[2)] is godsdiens definieerbaar as die verpligte gelowe wat verenig is met definitiewe praktyke wat ooreenkom met die objekte wat in die gelowe gegewe is. Kenmerkend van godsdiens is onder andere die onskeibaarheid van denke en handeling. Hieruit volg die verpligtende karakter van godsdiens duidelik soos tevore reeds op gewys is.

Omdat alles wat verpligtend is 'n sosiale oorsprong het, het godsdiens dus ook 'n sosiale oorsprong en word gedetermineer deur die aard van die samelewing wat ter sake is. Godsdienssosiologie moet die sosiale kragte bestudeer wat die gelowige domineer omdat dit die direkte produkte is van kollektiewe sentimente wat 'n materiële en sigbare vorm aangeneem het. Kortweg kom dit daarop neer dat godsdienssosiologie die toestande van kollektiewe eksistensie in simbole bestudeer.[3)]

Wanneer hy "The elementary forms of religious life" skryf, is hy reeds oortuig dat godsdiens die matrix is van die sosiale lewe. Uit godsdiens kom voort die verskillende manifestasies van die kollektiewe lewe; uit mites en legendes kom wetenskap en digkuns, van godsdienstige ornamentasie en kultusseremonies kom

1) Lukes. Emile Durkheim, p. 239.
2) Ibid., p. 241.
3) Ibid., p. 243.

die plastiekkunde, van rituele kom wet en moraal. Verder meen hy dat die wêreldbeeld en wysgerige sielsopvattings en onsterflikheidsleer nie verstaan kan word as mens nie die godsdienstige voorlopers daarvan ken nie. Gesinsbande, kontrakte en offerandes is terugvoerbaar na godsdienstige simbole.[1] Die godsdiens is die samelewing in simbole.

## 5.4 Die bydraes van die Klassieke Skool tot social engineering

### 5.4.1 Inleiding

Net soos in die geval van die Meganistiese Skool en die Konflikskool, sal die bydraes van die Klassieke Skool tot social engineering nagegaan word in terme van die struktuurfunksionele kenmerke van die samelewing en sy subsisteme en getoets word aan die hand van die kenmerke van social engineering om die doelstelling van dié studie ten uitvoer te kan bring.

Die toekomsgerigtheid van social engineering slaan op doelbereiking in die samelewing, want doelbereiking lê vir die samelewing in die toekoms. Vir social engineering lê toekomsgerigtheid in die beter opleiding van social engineers; dít kan, wat die klassieke sosiologie betref, bewerk word deur imperialisme en moet die beplanning daarvoor op makromanipulasievlak gedoen word. Integrasie sal in dié opset plaasvind deur middel van solidarisme en taakgeoriënteerde aanpassing deur middel van moralisme. Die patroonhandhawingsprobleem word eksperimenterend opgelos met (godsdienstige) simbolisme.

### 5.4.2 Mensbeeld

Die deurwerkende gevolge van die Klassieke sosiologie vir die mensbeeld lei daartoe dat, in teenstelling met vorige opvattings, die sosiale aard van die mens só oorbeklemtoon word dat elke belewenis van individualiteit versmoor word. Persoonlike verantwoordelikheid (byvoorbeeld vir selfmoord en misdadige gedrag) vervaag tot by nulpunt agter sosiale druk in die sin van solidarisme. Ook die persoonlike element in godsdiensoefening en verbesonderde morele standaarde raak betekenisloos gereduseer binne die sosiologistiese simbolisme en moralisme wat voorgestel word as universele, allesinsluitende verskynsels waaraan die individu weinig vatplek het - behalwe om dit slaafs na te volg. Hy moet maar noodgedwonge inval by die samelewing. Hiervandaan is dit maklik om te konkludeer op 'n simboliese samelewing wat universalisties geïnterpreteer word.

### 5.4.3 Sisteemfunksies

Met betrekking tot doelbereiking wat binne die raamwerk van social engineering toekomsgerig is, kan dit volgens die Klassieke Skool net bereik word deur imperialisme. Die beplanning hiervoor moet op mesososiologiese vlak gedoen word in die veld van die wetenskappe - en dan wel die sosiale wetenskappe. Hierin word die mens gesien as 'n inisiatieflose pion wat gestuur en beheer word deur die kollektiewe bewussyn. Tog word die mense wel saamgebind op mesovlak deur gedeelde moraal, (godsdienstige) simbole en solidariteit: dit is imperatief vir die voortbestaan van enige groep of groeperinge in die samelewing. Alleen sodanige integrasie tussen die mense kan lei tot morele solidariteit wat noodsaaklik is vir die taakgeoriënteerde

aanpassingsprobleme wat uit hul handelinge voortkom. Die solidariteit is die waarborg vir die handhawing van die deur-die-samelewing-voorgeskrewe, keuselose optrede.

### 5.4.4 Samelewingsleer

Die universalistiese ondergrond van hul imperialisme (determinisme) het 'n interessante deurslag vir hul utopiese bloudruk. Uitgaande van die imperiale (metodologiese) inslag wat die sosiologie het vir alle ander vakwetenskappe, konkludeer hulle dat wetenskaplike waarheid alleen verkry kan word deur middel van sosiologiese studie! Die waarheid is dus alleen maar in die koningin van die wetenskappe, in die sosiologie te vinde. Daarom word die neo-idealistiese social engineer in sosiologistiese sin gelei om ekonomie, fisiologie, godsdiens en biologie te konstrueer. Hierin word 'n skitterende voorbeeld van die kontinuïteit gevind tussen die Meganistiese, Konflik- en Klassieke Skole waarin laasgenoemde die opvattinge van eersgenoemde twee skole wil versoen.[1] Om dit te kan realiseer moet 'n sosiologie gekonstrueer word wat die samelewing kan en moet verander.

### 5.4.5 Sisteemstruktuur

Wanneer die struktuurelemente van die neo-idealisties gemanipuleerde samelewing bekyk word, blyk dit dat die waardes, norme, rolle en subgroepe se funksionering in ooreenstemming is met die funksionele elemente. Die waardes, as die konsepsie van

1)

die gewensde gedrag is, nes in die twee voorafgaande skole die geval was, humanisties georiënteerd. Dit blyk duidelik uit Durkheim se sosiologisme en sy moralisme - en, hoewel dit uit die godsdiens groei, is dit egter nog 'n samelewingsimmanente godsdiens met die uiteindelike voordeel aan die mens self, as hy aan die gestelde moralitleit voldoen en solidêr met sy medemens lewe deur sy individualiteit prys te gee.

Ook wanneer die funksies van die wetenskaplikes, byvoorbeeld nagegaan word in die sisteem van Durkheim, blyk dit dat die norme wat hulle gedrag rig tot imperialistiese denke in lyn is met die voorafgestelde waardes. Die rolvervulling en subgroepering van die samelewing is ook in ooreenstemming hiermee: dit is alles afgestem op die realisering van 'n simbolies-bepaalbare ontwikkelingsreeks in die menslike samelewing deur die waarmaking van solidarisme.

## 5.5 Samevatting en eie opvatting

Tipies van dualistiese denke spartel Durkheim en sy skool om die verskeidenheid samelewingstipes te integreer: die aanvanklik geïdentifiseerde samelewingsdualiteit (organies en meganies) word dan deur hom universalisties verenig deur middel van simbolisme; imperialisme verteenwoordig die vereniging van die vakwetenskaplike dualisme; moralisme die vereniging van lewenstandaarde en lewenskodes en solidarisme is weer die vereniging van mense.

Uit dié bogenoemde samevatting blyk dat ook die neo-idealisme in die sosiologie nie loskom van die humanisme, hoewel hierin

gepoog word om sinteties te dink. Die grondfout lê egter by die identifisering van die dualisme self en daarmee die ontkenning van die Godgeskape verskeidenheid wat nie tot 'n eenheid saamgebring hoef te word nie omdat die verskeidenheid dan foutief/ongewensd sou wees.

Verder sit Durkheim vasgevang met 'n vergoddeliking van die samelewing wanneer hy dit stel dat daar gekies moet word tussen die aanvaarding van God of die samelewing as die inisieerder van die godsdiens. Tipies aan sy immanente denke sien hy nie die radikale onderskeiding raak tussen God, Sy Wet en die Skepping van God nie: hy verabsoluteer die kosmies-immanente samelewingsskepping van God.

Konsekwent sit hy met dieselfde probleme in sy wetenskapsopvatting; hy verabsoluteer naamlik die sosiologie as die 'vader' en 'moeder' van die vakwetenskappe: vandaar sy vakwetenskaplike imperialisme. Hy kan of wil nie die verskeidenheid in die kosmiese samelewing in sy eiesoortigheid raaksien nie, en kan of wil dus ook nie die eiesoortigheid van die studieterreine van die vakwetenskappe wat daarop gebaseer is, raaksien nie.

Weens die bogenoemde probleme en uitgangspunte wat hy het, moet hy ook 'n samelewingsimmanente aspek verabsoluteer om nie in nihilisme te verval nie: vandaar sy oorskatting en oorbeklemtoning van moraliteit en solidariteit.

Durkheim se besondere en kenmerkende bydrae tot social engineering lê opgesluit in die sintese wat hy tussen die twee voorafgaande skole se bydraes gemaak het, naamlik deur die Meganistiese Skool se beklemtoning van meganika in sintese te bring met die Konflikskool se revolusionêre handelinge. So vind

mens by hom 'n gemeganiseerde handeling wat die voorloper sou wees vir die ontstaan en uitbouing van die Funksionalistiese Skool in die sosiologie met 'n meer irrasionele inslag.

HOOFSTUK 6

# 6 Die bydraes van die Funksionalistiese Skool tot social engineering

## 6.1 Inleiding

Soos aangetoon het die Meganistiese Skool en die Konflikskool se futurologiese toekomsgerigtheid hul bydraes tot social engineering gerig en gelei. Hierteen het die Klassieke Skool in reaksie gekom met 'n situasionele hedegerigtheid wat hulle bydraes ingekleur het. Hierby sluit die Funksionalistiese Skool hom op besondere wyse aan met 'n verskil, want tussen dié twee skole lê die twee wêreldoorloë, en die opkoms van die wysgerige irrasionalisme. Die Funksionalistiese Skool verteenwoordig in hooftrekke dié denksisteme van sosiologiese vakwetenskaplikes wat die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die menslike samelewing verklaar in terme van organiese sisteemtipes.[1)]

In dié hoofstuk word aandag gegee aan die kenmerke van dié skool en die rigting waarin hul social engineering help stuur.

## 6.2 Ontstaansagtergrond

Wanneer die uitspraak van Barnes[2)] in ag geneem word dat die sosiologie nêrens elders in die wêreld met soveel entoesiasme

1) Martindale. The nature and types of sociological theory, p. 448.

2) Barnes. An introduction to the history of sociology, p. 739.

en ywer aanvaar en beoefen is as in Amerika nie, kan verstaan word waarom die Funksionalistiese Skool daar sy oorsprong het en vandaar uitgebou word. Die eerste aanduidings van funksionalistiese denke in die Amerikaanse sosiologie word aangetref in die werke van W.I. Thomas, F. Znaniecki, W. Ogburn en in die werke van Llynds na die Eerste Wêreldoorlog.[1]

Uit hul werke blyk dat dié skrywers eerder 'n holistiese as 'n evolusionistiese (en mens kan byvoeg konflikterende of sintetiese) benadering tot sosiale probleme en sosiale verskynsels aanhang.[2] Aanpassing binne 'n problematiese geheel en die integrasie van die sosiale struktuur, ewewigtigheid en die interafhanklikheid van sosiale instellings van mekaar, staan sentraal in hulle denke. Dít word deur Goddijn[3] gesien as die direkte aanvoorwerk in die sosiologiese funksionalisme soos dit tans deur Merton en Parsons uitgewerk is. Die besondere aard van die probleme wat hul interesseer en die wyse waarop dit ontleed is, kan begryp word teen die agtergrond van die ingrypende beheermaatreëls wat nodig was na die Eerste Wêreldoorlog om weer orde uit die chaos tot stand te bring.

Voorlopers en direkte inspireerders tot funksionalisme was die gevierde denkers Pareto, Durkheim en Weber.[4] Pareto se opvatting van die samelewing as 'n sisteem in ewewig, en sy aksentuering van die werking en teenwoordigheid van irrasionele faktore en prosesse in die samelewing, het die Amerikaners in die na-oorlogse geteisterde krisissituasie aangegryp. Die

1) Goddijn. Het funktionalisme in de sociologie, p. 221.
2) Ibid., p. 222 - 223.
3) Ibid.
4) Ibid., p. 225.

bewuswording van die verhouding tussen die sosiale struktuur van die Amerikaanse samelewing en allerlei anomiese verskynsels, het hul aandag op Durkheim gevestig. Ook het die handelingsteorie van Weber hul aangespreek as wysende na die individu as funksionerende binne 'n samelewing.

Volgens Bierens de Haan[1] ontstaan en word die Amerikaanse sosiologie waaronder ook die funksionalisme, hoofsaaklik beïnvloed deur twee hoofstrominge, naamlik die belangstelling in praktiese vraagstukke wat afgestem was op sosiale hervormingsbewegings en die Europese sosiologie wat afgestem was op ontwikkeling en vooruitgang.

Voor die Eerste Wêreldoorlog deel die Amerikaners ook die Europese opvatting dat die mens wesentlik rasioneel is. Die Weste se denkraamwerke was immers in dié stadium nog genaelstring aan die rasionalisme. Dit moedig hul oortuigings in die wetenskap aan van vooruitgang en vooruitskouing. Die menslike vernuf maak dan ook in dié tyd tegniese en materiële vooruitgang moontlik en die sosiale wetenskappe kon die samelewing in harmonie bring met die bestaande humanitêre ideale. Die oorlog skok egter die intellektueles se geloof in die rasionele vooruitgang: die oorlog openbaar die mens as skerp gepredisponeerd tot irrasionele en emosionele eerder as tot rasionele gedrag. Dit bring mee dat die vooruitgangsgeloof vervaag binne 'n situasionele hedegerigtheid.[2]

Sosiologies is die pessimisme wat toe ontstaan het, vertolk in terme van die snelheid waarmee die materiële kultuur enersyds

1) Bierens de Haan. Sociologie, ontwikkeling en methode, p. 113.
2) Goddijn. Het functionalisme in de sociologie, p. 223.

en sosiale regverdigheid en moraliteit andersyds ontwikkel het. Daarom gaan die sosioloë die samelewingsdesorganisasie tydens en na die oorlog eerder struktureel verklaar en nie meer uitsluitlik in terme van evolusie of vooruitgang of konflik of sintese nie. Die eenoorsaakteorie is noodlottig gewond in die oorlog. Holisme ontstaan: geheelindrukke eerder as deelindrukke word bestudeer en verklarend aangewend. Ingrypende maatreëls was nodig wat gebaseer is op objektiewe insigte in die bestaande aanpassingsprobleme.[1)]

Teen en uit dié agtergrond ontstaan die Funksionalistiese Skool in die sosiologie. Die kenmerke van dié skool word deur Cancian[2)] gereduseer tot sisteemeenheid, integrasie, funksionele vereistes en funksionele ekwivalente. Die geïdentifiseerde kenmerke (basiese konsepte) word vervolgens ontleed om die doel van die studie te kan bereik.

## 6.3 Die kenmerke van die Funksionalistiese Skool

### 6.3.1 Sisteemeenheid[3)]

Die verteenwoordigers van die Funksionalistiese Skool is die persone wat abstrakte formulering gegee het aan die konsep van die organiese sisteem en het dit 'n eenheid van sosiologiese analise gemaak vir sover hulle alle samelewingselemente in terme daarvan wou verklaar. Die bydraes van Pareto, Znaniecki en

1) Goddijn. Het functionalisme in de sociologie, p. 223.

2) Cancian. Varieties of functional analysis. (In Encyclopedia of the social sciences, 6:32:1968.)

3) Martindale. The nature and types of sociological theory, p. 466 - 476.

Merton word kortliks bekyk.

Pareto was 'n oorgangsfiguur tussen die voluntaristiese organisisme na die sosiologiese funksionalisme en het die samelewingstruktuur gesien as gedetermineerd deur al die elemente wat daarop reageer en waarop die samelewing weer op sy beurt ook reageer. Dit wil sê resiprokale determinasie bestaan tussen eksterne en interne elemente van die samelewing daarop en omgekeerd: en hoe baie of hoe min die elemente ookal is, gesamentlik vorm hulle 'n sisteem.

Met sosiale sisteem meen Pareto "... that state which a society takes both at a specified moment and in the successive transformations which it undergoes within a period of time."[1] Die ware toestand van die sisteem word bepaal deur die toestande van die sisteem self, en die kenmerkende daarvan is dat die sisteem tendeer om kunsmatige modifikasies sô te hanteer dat die sisteem kan terugkeer na sy oorspronklike sisteemstabiliteit en -ekwilibrium.

Teenoor Pareto wat die klem laat val op die ekwilibriumgeneigdheid van die sisteem, veralgemeen Znaniecki die konsep sisteem: volgens hom berus die onderskeiding tussen wetenskaplik relevante van wetenskaplik irrelevante faktore op die beginsel van 'n geslote sisteem. Dit is vir hom van toepassing op die astronomie, geologie, biologie, fisiologie en ekonomie ook.[2] Dit wil sê die totale kenbare werklikheid bestaan vir hom uit 'n aantal geslote sisteme: die sosiale werklikheid kan inderdaad ook nog

1) Martindale. The nature and types of sociological theory, p. 466.

2) Ibid., p. 468.

'n sisteem wees. Hy definieer die sisteemeenheid soos volg in dië interwetenskaplike verband: "Reality is constituted by innumerable and various c l o s e d s y s t e m s, each of which is composed of a limited number of elements more intemately interrelated with one another than with any objects which do not belong to the system, and each posessing a specific internal structure which isolates it in certain respects from external influences..."[1)]

Die uitstaande bydrae van Znaniecki se bydrae tot die sisteemgedagte is die pluraliteit van sisteme. Die belangrikste taak in die analise van sisteme is vir hom daarin opgesluit dat beweeg moet word vanaf gedetailleerde oorsaaklike verhoudinge binne die sisteem na 'n al meer insluitende beeld van meer samehangende veranderinge. Hy sê dat sodra twee of meer veranderinge binne 'n sisteem of tussen twee of meer sisteme oorsaaklik gekoppel is, kan dië verbinding verklaar word in terme van funksionele afhanklikheid wat 'n presieser tipe van oorsaaklike verhoudinge uitspel.[2)]

R.K. Merton[3)] se bydrae tot die Funksionalistiese Skool se sisteemeenheidsgedagte word teruggevoer na die betekenis wat hy heg aan die begrip funksie as duidende op die biologiese en sosiale prosesse wat help om die sisteem in stand te hou. Daarby heg hy veral die betekenis van 'n organiese sisteem (eenheid) en die konsekwensies van 'n ontwerp en doel van sodanige organiese sisteem aan die begrip van funksie.

1) Martindale. The nature and types of sociological theory, p. 468.

2) Ibid., p. 469.

3) Ibid., p. 471.

6.3.2 Funksionele vereistes

Volgens Levy[1] kan funksionele vereistes gedefinieer word as "... a generalized condition necessary for the maintenance of the type of unit under consideration, given the level of generalization of the definition and the most general setting of a unit." 'n Gegewe toestand of proses kan dus gesien word as 'n funksionele vereiste indien die afwesigheid of verwydering daarvan sal uitloop op die verandering van een of meer struktuurelemente van die sosiale sisteem op die vlak van geïntegreerdheid daarvan - of as dit kan uitloop op die ontbinding van die sisteem. Funksionele vereistes beantwoord dus die vraag na wat gedoen moet word om die sisteem se voortbestaan te verseker soos dit op 'n gegewe tydstip daaruitsien.

Volgens Martindale[2] moet die begrip funksie binne die raamwerk van die sosiologiese teorieë van die Funksionalistiese Skool opgeneem word as aktiwiteite en prosesse wat sisteemgedetermineerd en sisteemhandhawend van aard is. Levy[3] het probeer om 'n arbitrêre indeling saam te stel van funksionele vereistes binne dié raamwerk wat vervolgens kortliks hier opgesom sal word.

In die eerste plek onderskei hy as funksionele vereiste vir enige samelewing die voorsiening van 'n behoorlike fisiologiese verhouding tot die omgewing en vir seksuele voortplanting.[4]

1) Levy. Structural-functional analysis. (In Encyclopedia of the social sciences, 6:23:1968.)

2) Martindale. The nature and types of sociological theory, p. 445.

3) Levy. The structure of society, p. 151 - 197.

4) Ibid., p. 151.

Daarna word meesal verwys as die biologiese behoeftes van 'n samelewing. Dit sluit in aanpassing by en vermenigvuldiging van die samelewing op so 'n wyse dat 'n bevredigende hoeveelheid samelewingslede daargestel kan word. Op funksionele wyse hanteer hulle die implikasies van die opset vir die bestaan van die eenheid ter sake op sō 'n wyse dat die biologiese voortbestaan van die lede verseker word. Verder patroneer hulle die heteroseksuele verhoudinge om bevredigende geleenthede en motivering vir reproduksie te verseker.

In die tweede plek onderskei hy roldifferensiasie en roltoekenning as funksionele vereiste.[1] Hiervan sê hy: "The term role will be used to mean any position differentiated in terms of a given social structure whether the position be institutionalized or not. A given role is the classification of the social position given to the individual who performs an activity differentiated in terms of the social structure."[2] Dié rolle sluit in verpligtinge, regte en verwagte optrede van die individue wat dit beklee. In dié sin moet onderskei word tussen ideale en werklike rolle wat ooreenkom met geïnstitusionaliseerde rolle en die posisie wat die individu in werklikheid beklee. In kort kom roldifferensiasie en roltoekenning as funksionele vereistes daarop neer dat in elke samelewing daar mense moet wees wat genoegsaam gemotiveer moet wees om sekere handelinge uit te voer (rolle te beset) indien die samelewing wil bly voortbestaan.[3]

1) Levy. The structure of society, p. 157.
2) Ibid., p. 159.
3) Ibid., p. 161.

In die derde plek onderskei Levy[1] kommunikasie as funksionele vereiste. Met kommunikasie bedoel hy dat dit 'n aktiwiteit of proses is waardeur een/meer individu(e) 'n gevoel/stand van sake aflei uit die gedrag van 'n ander wat eersgenoemde aan laasgenoemde wil oordra. Geen menslike samelewing kan bestaan of voortbestaan sonder gedeelde, aangeleerde simboliese kommunikasiemodus nie, want daarsonder kan die algemene waardestruktuur en beskermingsanksies nie onderhou word nie.
In die eenvoudiger samelewings is die kommunikasieverhoudinge meesal face-to-face en bestaan uit gedeelde spraak- en suggestievorme, terwyl daar in die industriële samelewing kanale geskep moet word vir kommunikasiemedia en kommunikasiekanale om die (taal)verskille te kan oorbrug.

Die vierde funksionele vereiste wat Levy[2] onderskei, is dié van gedeelde kognitiewe oriëntasies. Dié gedeelde kennis maak aanpassing en/of manipulasie van handelinge moontlik, dit stabiliseer en maak die sosiale situasies waarin dit voorkom tot op sekere hoogte voorspelbaar en is verantwoordelik vir dié situasieaspekte waaroor daar nie genoeg beheer is nie op so 'n wyse dat dit motivering benadeel.[3] Volgens Levy[4] is dié kognitiewe oriëntasies wat noodsaaklik is vir die instandhouding van die strukturele vereistes, belangriker as ander kennis.

Vyfdens onderskei Levy[5] die funksionele vereiste van algemeen-

1) Levy. The structure of society, p. 166.
2) Ibid., p. 168.
3) Ibid., p. 169.
4) Ibid., p. 172.
5) Ibid., p. 173.

geldende en geartikuleerde doelstellings. Dit gaan hierin om die nastrewing van begeerlike doelstellings: die hoeveelheid doelstellings verskaf alternatiewe keuses en verminder die moontlikheid van ernstige konflik in samelewings. Daar bestaan dus basiese waardeoriëntasies/doeloriëntasies in alle samelewings soos byvoorbeeld dat moord verkeerd is.

Die sesde funksionele vereiste wat hy onderskei is dié van die regulering van die keuse van middele van doelbereiking.[1] Dit skryf die middele van doelbereiking dus voor. Anomie kan ontstaan by die afwesigheid van gelegitimeerde middele van doelbereiking. Dié funksionele vereiste skryf meesal voor wât moet gedoen word, wië moet dit doen en hóé moet dit gedoen word.

Die sewende funksionele vereiste wat Levy onderskei, is dat affektiewe ekspressie beheer moet word indien enige samelewing wil bly voortbestaan.[2] Dit sluit in dat in enige samelewing die affeksie van die lede daarvan gekommunikeer moet kan word, dat elke affeksie nie in elke situasie uitgedruk mag word nie, want in sommige gevalle moet affeksies geuit word as die lede van die sisteem wil bly bestaan, en daar moet beheer wees oor die lengte waartoe affektiewe ekspressies mag voortduur al is dit sosiaal eufunksioneel.

Die agste funksionele vereiste wat Levy[3] onderskei, is die van doeltreffende sosialisering. Sosialisering beteken vir hom die oordraging en inskerping van die handelingstruktuur op die individu en die ontwikkeling van volwassenes om in te skakel

1) Levy. The structure of society, p. 182.
2) Ibid., p. 183.
3) Ibid., p. 187.

by enige verlangde samelewingsrol. Vir hom is sosialisering gradeerbaar, want die samelewing kan nog wel funksioneer en voortbestaan met heelwat ondoeltreffend-gesosialiseerde persone.[1] Hy sê: "One individual cannot become equally familiar with all aspects of his society; indeed he may remain completely ignorant of some. But he must aquire a working knowledge of the behavior and attitudes relevant to his various roles, and identify to some degree with such values as are shared by the whole society or segments thereof, whenever his behavior articulates with that of other members of the society."[2]

Die effektiewe beheer van afwykende gedrag konstitueer vir Levy[3] die negende funksionele vereiste. Die mate waartoe afwykende gedrag sal voorkom,word juis bepaal deur die doeltreffendheid van die vooráfgenoemde prosesse, want hulle is duidelik daarop afgestem om juis afwykende gedrag te inhibeer. Die beheermaatreëls hiervoor varieer baie en word bepaal deur die aard en samestelling van die betrokke sisteem ten opsigte waarvan dit plaasgevind het.

Die laaste, dit is die tiende funksionele vereiste wat Levy[4] onderskei, is dié van doeltreffende institusionalisering. Hierin gaan dit om die normatiewe gedragspatrone en die konformering daaraan asook die sanksies wat uitgeoefen word indien nie daarmee gekonformeer word nie.

1) Levy. The structure of society, p. 189.
2) Ibid., p. 190
3) Ibid., p. 191.
4) Ibid., p. 193.

### 6.3.2.2 Integrasie as funksionele vereiste

Hoofsaaklik twee benaderings tot integrasie as funksionele vereiste word aangetref: die eerste sluit aan by die sisteemteorie en die tweede by kongruensie-idees.

Die benadering wat aansluit by die sisteemteorie omskryf integrasie in terme van die interafhanklikheid en gereelde interaksie van die lede van 'n geslote sisteem.[1] "The second approach draws on the ideas of congruency and fit or the absence of conflict, strain, or anxiety."[2] Die tipiese funksionalistiese benadering is om integrasie op te neem in die sin van die afwesigheid van konflik. Hierin word vier benaderings gehandhaaf.

Sorokin[3] kan beskou word as verteenwoordigend van die eerste opvatting (hoewel hy selde 'n funksionalis genoem word) vir sover dit daarin gaan om integrasie te identifiseer met logies-betekenisvolle kontinuïteit (consistency) tussen sosiale patrone. Integrasie meen dan dat ooreenstemmende temas, waardes en beginsels in alle lewensfere gebruik word.

In die tweede plek word integrasie ook deur funksionaliste opgeneem as die afwesigheid van aggressie en eksploitasie van die magteloses tussen lede van 'n sosiale sisteem. 'n Geïntegreerde sisteem word gekenmerk deur samewerking, konsensus oor regte en pligte en lojaliteit teenoor andere.[4]

1) Cancian. Varieties of functional analysis, p. 35.

2) Ibid.

3) Ibid.

4) Ibid.

Die derde definisie van integrasie fokus op die afwesigheid van botsende eise van individue ten opsigte van die doeltreffende gedrag of gevoelens binne 'n besondere situasie, en die vierde benadering "... concerns the fit between an individual's motivation and the behavior required by the social system."[1]

Die voortbestaan van 'n sosiale sisteem (aanpassing/integrasie) kan alleen gewaarborg word indien die funksionele vereistes hierbo genoem volvoer word. Volgens Cancian[2] kan dit ook soos volg omskryf word: "Adaptation or survival may also be defined as maintenance of the social organization or structural continuity." In dié sin van definiëring is daar dan dié probleem dat daar van die voortbestaan weinig sprake is aangesien daar sekerlik baie min samelewings is wat in die sin van strukturele onveranderlikheid bly voortbestaan het.

Volgens Simpson[3] kan voortbestaan as 'n funksionele vereiste egter ook opgeneem word as "... ensuring high reproduction rates following the biologists' revision of Darwin..." Dit maak dit dan moontlik om tussen samelewings te onderskei omdat dit wel meetbaar is in terme van aanpassende voortbestaan.

Dit blyk duidelik uit die voorafgaande dat die kernsaak rondom integrasie vir die funksionaliste terugvloei in die stroom van die aanvaarding dat die samelewing geïntegreerd ís.

1) Cancian. Varieties of functional analysis, p. 35.
2) Ibid.
3) Ibid.

### 6.3.4 Funksionele ekwivalente

"The concept of functional equivalents is based on the idea that several social patterns can fill the same function or have the same consequence..."[1] In populêre taal kom dit daarop neer, soos Cancian sê, dat daar meer as een manier is om 'n kat dood te slaan. Die konsep van funksionele ekwivalente is nuttig in die klassifikasie van sosiale patrone op die basis van gewone funksies. So 'n klassifikasie openbaar dikwels belangrike eendershede tussen duidelik verskillende sosiale patrone, byvoorbeeld die eendershede tussen swartkuns en rassevooroordeel indien beide gesien word as wyses waarop aggressie vanuit die groep na buite gefokus word.[2]

Klockhohn[3] het hieroor betekenisvolle navorsing gedoen. Hy gaan byvoorbeeld uit van die standpunt dat toordery of sy funksionele ekwivalent 'n noodsaaklike voorwaarde is vir die hantering van vyandigheid. Dit veronderstel egter dat daar 'n lys van funksionele ekwivalente vir toordery opgestel moet word. Hy identifiseer dan onttrekking, passiwiteit, sublimasie en bevrediging, asook vlug as alternatiewe funksies wat dieselfde effek kan hê as toordery. Al dié gedragspatrone is tegelyk ook aanpassingsreaksies tot vyandigheid.

Wanneer die funksionele ekwivalente van 'n patroon gedefinieer is, moet egter nog verklaar word waarom dié een en nie die ander funksie teenwoordig is nie. Dit word dan gekoppel aan die

1) Cancian. Varieties of functional analysis, p. 33.

2) Ibid.

3) Ibid.

die besondere omstandighede van die betrokke omgewing van die sisteem ter sake.

Dit bring mee dat die Funksionalistiese Skool ook rekenskap moet gee van sosiale verandering (van die een na die ander funksie).

Met die spesifikasie van voorafgaande historiese toestande wat besondere sosiale gedragspatrone determineer, kan verandering voorspel word van een na 'n ander funksionele ekwivalent.

## 6.4. Die bydraes van die Funksionalistiese Skool tot social engineering

### 6.4.1 Inleiding

Die bydraes van die Funksionalistiese Skool tot social engineering word hier nagegaan in terme van die struktuur-funksionele kenmerke van die samelewing en sy subsisteme en word getoets aan die hand van die kenmerke van social engineering.

Met betrekking tot doelbereiking in die samelewing binne die raamwerk van social engineering wat toekomsgerig is, kan dit volgens die Funksionalistiese Skool net bereik word deur integrasie. Die beplanning hiervoor moet op makrososiologiese vlak geskied. Om dié makromanipulasie universalisties te realiseer, word gebruik gemaak van die uitbouing van die funksionele ekwivalente. Die aanpassingsprobleme wat hiermee gepaardgaan, word taakoriënterend oorbrug deur die voortbestaan (survival) van die samelewing te verseker; en om dié gedragspatrone te handhaaf, is die handhawing van die funksionele vereistes nodig op die eksperimentele vlak van social engineering.

### 6.4.2 Mensbeskouing

Die deurwerkende gevolge van die funksionalisme se social engineering vir die mensbeskouing is sosiologisties van aard deurdat dit die sosiale aard van die mens oorbeklemtoon en ondergeskik gestel word aan die dinamies-funksionerende samelewingsisteem. In ruil vir sy persoonlike individualiteit word die mens dan sekuriteit aangebied wat vir hom al sy konflik en probleme sal oplos.

Die sisteemeenheidsgedagte van dié skool beteken vir die mensbeskouing 'n 'other-directed type'[1] wat daarop neerkom dat die funksionalistiese mens se menslikheid op oordrewe wyse gesoek word in sy medemenslikheid waarin hy opgeneem en toegevou is in 'n groter sosiale sisteem. Die sosiale sisteem maak van die mens 'n mens. In dié sisteemomvattende eenheid lei die funksionele vereistes (dit is dié dinge wat die sisteem laat wêrk) tot 'n pragmatistiese opgevatte mensbeeld. Die integrasiekenmerk van die Funksionalistiese Skool teken 'n sosialistiese inslag in die mensbeeld: alle mense moet kragtens die pragmatistiese sisteemeenheid geïntegreer word tot 'n (wêreld)volk, nieteenstaande verskille. In een lyn hiermee skryf die funksionele ekwivalente 'n situasie-etiek voor waarvolgens elke ander situasie sy eie kontingente gedragsvoorskrifte het - solank dit maar die funksionerende sisteemeenheid ondersteun (dit wil sê solank dit werk) is enige godsdienstige, sedelike, kulturele, ensovoorts handelinge geoorloof.

1) Riesmann et al. The lonely crowd.

6.4.3 Samelewingskenmerke

Die bydrae wat die funksionalisme maak tot die samelewingsleer kan gesoek word in die oorbeklemtoning wat hulle gee aan die dinamiese elemente in die samelewing waarin die funksionering vooropstaan, dit wil sê solank daar maar net nie stilstand of stagnering is in die samelewing nie, is alles wel. Watter rigting dié voortgang inslaan kom dit nie in die eerste plek op aan nie: daar moet net nie stagnering wees in 'n besondere sosiale (samelewing) sisteem nie.

Met betrekking tot doelbereiking wat binne die raamwerk van social engineering toekomsgerig is, kan dit volgens die funksionaliste net bereik word deur middel van die realisering van die sisteemeenheid. Die beplanning hiervoor moet op makrososiologiese vlak gedoen word in die veld van die politieke wetenskappe, en hierin word die menslike inisiatief gesien as beperk tot die realisering van die sisteemeenheid. Dié doelbereiking word gewaarborg deur die pragmatistiese patroonhandhawing van die funksionele vereistes. Hierby aansluitend waarborg die integrasie weer die realisering van die sosialisme terwyl die aanpassingsprobleem opgelos word deur die situasie-gerigte funksionele ekwivalente.

Net soos by die Konflikskool tref ons hier by die funksionaliste ook 'n universalistiese utopie-ideaal aan: makromanipulasie moet plaasvind deur middel van die politieke wetenskappe waarvan die sosiologie die belangrikste is. Wetenskaplike waarhede kan alleen verkry word deur ontwikkeling en vooruitgang te stimuleer wat afgestem is op sosiale hervormingsbewegings: hier en nou. Hierin lê die irrasionaliteit van hul wêreldomvattende pragmatistiese utopiese ideaal: daarom

mōēt die samelewingsgeheel verander word.

### 6.4.4 Sisteemstruktuur

Die struktuurelemente van die pragmatisties-gemanipuleerde samelewingsideaal van die Funksionalistiese Skool is duidelik in ooreenstemming met die funksionele elemente daarvan. Ook hierin is die waardes humanisties ingestel op die bereiking van die grootste mate van geluk vir die meeste mense; dit word duidelik geïllustreer deur die sosialistiese integrasie en funksionele ekwivalente wat gedragsvariasies kondoneer.

### 6.4.5 Sisteemfunksies

Wanneer gelet word op die funksies van die social engineers binne die skool se denkraamwerk, blyk ook dat byvoorbeeld die norme wat hul gedrag rig tot pragmatistiese denke en beplanning in lyn is met die gestelde waardes. Dit wat werk is goed en waar(heid). Die rolvervullings en subgroeperings van die samelewing behoort ook volgens dié skool op meso- en mikrovlakke weerspieëlings te wees van die realisering van 'n geïntegreerde sisteemeenheid met funksionele vereistes en funksionele ekwivalente wat in lyn is met dié van die makrogemanipuleerde samelewing.

## 6.5 Samevatting en eie opvatting

Samevattend kan die hoofbydraes van die Funksionalistiese Skool tot social engineering soos volg weergegee word in die kenmerke

van die huidige massasamelewing.

Vooraanstaande denkers van ons tyd soos onder meer Van Riessen[1], Mannheim[2], en Röpke[3] is van mening dat die tyd waarin ons leef onder andere gekenmerk word deur kulturele dekadensie. Daarmee gaan gepaard die verval van die mens se persoonlike verantwoordelikheid binne die raamwerk van 'n permissiewe gemeenskap. Verder is dit 'n tyd van die bloei van die onpersoonlike, onbetrokke massamens met 'n massakultuur. Hierdeur word die individuele vryhede en persoonlike inisiatief van die mens gereguleer deur 'n gladgeoliede samelewingsisteem waarin die mense, groepe en instellings soos eenderse (samelewings)fabrieksartikels gevorm en verpak word in standaardmodelle, luukse modelle en eksklusiewe modelle - volgens die patroon en die hoeveelheid wat die samelewingsisteem van elke soort benodig. Daarom is die <u>social engineer</u> by uitnemendheid en in toenemende mate in aanvraag, want hulle is by magte om die samelewingsisteem se behoeftes die beste vas te stel en kan daarby ook nog die bloudrukke vir die massaproduksie van mense wat benodig word voorskryf! Hiertoe het die verskillende skole wat behandel is elk sy eie besondere bydrae gemaak waarin die toppunt van dié wêreldomvattende humanistiese utopie vorm begin aanneem het met die koms van die Funksionalistiese Skool.

Die Funksionalistiese Skool kom ook nog nie los van die dualistiese denkhouding nie, hoewel dan binne 'n irrasionele kader. Die patologiese soeke na <u>eenheid</u> deur middel van sisteembouing, integrasie, die funksionele vereistes vir sisteembouing en die

1) Van Riessen. Mondigheid en de machten.

2) Mannheim. Diagnosis of our time; wartime essays of a sociologist.

3) Röpke. Civitas humana; a humane order of society.

funksionele ekwivalente wat daarvoor uitgespel word, dui op hulle bekommerdheid oor die tweeheid waarmee alles dan in werking gestel moet word om die eenheid te bewerk as sou dít die gespletenheidsprobleme van die dualiteit oplos. Dit kan en moet verstaan word teen die agtergrond van die pluralistiese kultuurtipe waaruit die huidige Amerikaanse pragmatisme gegroei het.[1] Die aanvanklike veelheid van geïmmigreerde kulture het vir die Amerikaners 'n kulturele bedreiging ingehou, daarom was en is hul so oormatig behep met die tot stand brenging van 'n kulturele eenheid wat welliswaar verteenwoordig is in 'n veeltal onderling verbonde (politieke) subsisteme.

1) Cuber. Sociology; a synopsis of principles, p. 56.

HOOFSTUK 7

# 7 Samevattende slotbeskouing

## 7.1 Inleiding

In hierdie navorsing is, deur gebruik te maak van kompilasiewerk, die kenmerke van social engineering geabstraheer asook die kenmerke van enkele belangrike skole in die sosiologie, naamlik die Meganistiese, Konflik-, Klassieke en Funksionalistiese Skole. Die navorsing het ook aangetoon watter bydrae elke skool gemaak het tot die bevordering van social engineering, dit wil sê op bewustelike en/of onbewustelike of dan wel op direkte of indirekte manier.

Uit die bestudering van die aard en tipes van social engineering is vasgestel dat dit 'n opvatting verteenwoordig wat daarop bereken is dat die mens van die samelewing 'n bloudruk moet en kan opstel en dit dan moet ingiet in dié voorafuitgedinkte bloudrukskema.[1] Popper[2] onderskei tussen die makromanipuleerders, mesomanipuleerders en mikromanipuleerders: afhangende van op watter vlak die social engineer toegelaat word of van plan is om sy bloudrukke te realiseer, naamlik op samelewings-, instellings-, of groepsvlak. Die kenmerke van social engineering kan gereduseer word tot samewerking, toekomsgerigtheid, eksperimentering en universalisme.[3] Die hoofdoel van social engineering skyn te wees om alle sosiale

1) Kyk hoofstuk 2 paragraaf 2.4.2.2 - 2.4.2.5.

2) Kyk hoofstuk 2 paragraaf 2.4.2.3.1 - 2.4.2.3.3.

3) Kyk hoofstuk 2 paragraaf 2.4.2.4.1 - 2.4.2.4.4.

verandering te laat opdam in 'n utopie.

Die bydrae van die Meganistiese Skool tot social engineering kom daarop neer dat die mens en die samelewing meganisties opgeneem word en die wetenskappe waarmee 'n positivisties-georiënteerde lewensstyl nagejaag word, ook meganisties opgeneem word. Die Konflikskool se bydrae lei daartoe dat die sosiale aard van die mens ontken word en die samelewing vermassifiseer word in 'n werkersutopie. Die Klassieke Skool se bydrae kan gesoek word in die solidariteitsutopie waarin die mens en wetenskap in diens gestel word van die eenheid. Die bydrae van die Funksionalistiese Skool kan gesoek word in die pragmatistiese utopie waarin alles en almal in diens gestel word van die welvaartsutopie.

Wanneer die studiegebied van die sosiologie in ag geneem word, soos uiteengesit in hoofstuk 2 van hierdie navorsing met al die genoemde kenmerke en bydraes van die verskillende behandelde skole kan 'n skematiese voorstelling daarvan soos volg weergegee word ten opsigte van elke skool se afsonderlike bydrae(s).

## 7.2 Skemas van kenmerke en bydraes van die verskillende skole ten opsigte van die kenmerke van social engineering en die sosiologie.

### 7.2.1 Die Meganistiese Skool

#### 7.2.1.1 Skematiese voorstelling

Figuur 4[1)]

| Sosiologie | | Skool | Social engineering |
|---|---|---|---|
| Struktuur | Funksies | Meganistiese Skool | Makromanipulasie |
| Waardes | Doelbereiking | Kwantitavisme | Universalisme |
| Norme | Integrasie | Behaviorisme | Taakoriëntasie |
| Rolle | Aanpassing | Wetenskap-eenheid | Toekomsgerigtheid |
| Subgroepe | Patroonhandhawing en spanningsbeheer | Vooruitgaande natuurwetmatigheid | Eksperimentering |

#### 7.2.1.2 Verklaring van skematiese voorstelling.

Die skematiese voorstelling moet horisontaal gelees word vir verklaringsdoeleindes. Dit meen dat die struktuur en funksies van die meganistiese sosiologie makromanipulerend aangewend word. Dit wil sê die meganistiese waardes wat op universalistiese doelbereiking afgestem is word deur die getalsmatige kwantitativistiese waardes gelei. Hiermee samehangend is die meganistiese social engineering se integrerende norme taakgeoriënteerd afgestem op en word gelei deur positiewe en negatiewe behavioristiese gedragsvoorskrifte. Op die individuele rolvertolkingsvlak word die aanpassingsfunksie gelei deur toekomsgerigtheid (ten opsigte van die doelbereiking, naamlik universalisme) met die oog op die realisering van wetenskapseenheid. Die subgroepe wat dié gedragspatrone spanningsbeherend handhaaf, gebruik eksperimentering om die vooruitgaande natuurwetmatigheid bekend te stel. Op dié wyse word die sisteemkenmerke van die sosiologiese teorie

1) Opgestel deur die navorser.

(vorming) bewustelik en/of onbewustelik deur die verteenwoordigers van die Meganistiese Skool aangewend om hul manipulering van die samelewing te realiseer.

### 7.2.2 Die Konflikskool

#### 7.2.2.1 Skematiese voorstelling

Figuur 5[1)]

| Sosiologie | | Skool | Social engineering |
|---|---|---|---|
| Struktuur | Funksies | Konflikskool | Makromanipulasie |
| Waardes | Doelbereiking | Materialisme | Universalisme |
| Norme | Integrasie | Surpluswaarde | Taakoriëntasie |
| Rolle | Aanpassing | Klassestryd | Toekomsgerigtheid |
| Subgroepe | Patroonhandhawing en spanningsbeheer | Kommunisme | Eksperimentering |

#### 7.2.2.2 Verklaring van die skematiese voorstelling

Wanneer dié skematiese voorstelling ook horisontaal van links na regs en van regs na links gelees word, blyk dit dat ook die Konflikskool beide struktuur en funksie van die sosiologiese teorie(vorming) gebruik om die samelewing op makromanipulasievlak te stuur. Die materialistiese waardes vir doelbereiking staan in lyn met die kenmerk van universalisme by social engineering dit wil sê die taakoriënterende integrerende norme rondom surpluswaarde by die Konflikskool werk bevorderend vir hul materialistiese utopie. Op die rolvlak word aanpassend by die toekomsgerigtheid van dié tipe social engineering

1) Opgestel deur die navorser.

klassestryd bevorder. Die spanningsbeherende en patroonhandhawende subgroepe gaan eksperimenterend te werk om die kommunisme te realiseer. So word ook deur dié skool op bewustelike of onbewustelike wyse die sosiologie gebruik om hul manipulering van die samelewing te realiseer.

### 7.2.3 Die Klassieke Skool

#### 7.2.3.1 Skematiese voorstelling

Figuur 6[1]

| Sosiologie | | Skool | Social engineering |
|---|---|---|---|
| Struktuur | Funksies | Klassieke Skool | Makromanipulasie |
| Waardes | Doelbereiking | Simbolisme | Universalisme |
| Norme | Integrasie | Moralisme | Taakoriëntasie |
| Rolle | Aanpassing | Solidarisme | Toekomsgerigtheid |
| Subgroepe | Patroonhandhawing en spanningsbeheer | Imperialisme | Eksperimentering |

#### 7.2.3.2 Verklaring van die skematiese voorstelling

Op dieselfde wyse as wat ten opsigte van die twee voorafgaande skole aangetoon is, kan die kenmerke van die Klassieke Skool ook in ooreenstemming gebring word met dié van die social engineering en die sisteemkenmerke van die sosiologie(se teorievorming). Ook hulle is hoofsaaklik afgestem op makromanipulasie; dit wil sê die samelewing in sy totaliteit moet/mag/kan gemanipuleer

1) Opgestel deur die navorser.

word in ooreenstemming met die doelstellings van die klassieke sosiologie. Dit wil sê die konsepsies van die gewensde gedrag wat doelbereikend nagestreef word, word deur middel van universalisme in simbole uitgedruk. Dit bring mee dat die hiervoor nodige integrerende norme taakoriënterend saamgetrek word in moralistiese gedragspatrone. Ten opsigte van die persoonlike aanpassende rolvertolkings hiervan word toekomsgerigte solidariteit vooropgestel, en die subgroepe werk aanpassend en eksperimenterend in die rigting van die imperialisme wat nodig is vir die Klassieke Skool se siening van makromanipulasie van die samelewing.

### 7.2.4 Die Funksionalistiese Skool

#### 7.2.4.1 Skematiese voorstelling

Figuur 7[1)]

| Sosiologie | | Skool | Social engineering |
|---|---|---|---|
| Struktuur | Funksies | Funksionalistiese Skool | Makromanipulasie |
| Waardes | Doelbereiking | Funksionele vereistes | Universalisme |
| Norme | Integrasie | Funksionele ekwivalente | Taakoriëntasie |
| Rolle | Aanpassing | Sisteemeenheid | Toekomsgerigtheid |
| Subgroepe | Patroonhandhawing en spanningsbeheer | Integrasie | Eksperimentering |

1) Opgestel deur die navorser.

#### 7.2.4.2 Verklaring van die skematiese voorstelling

In sy eie sosiologiese teorie(vorming) werk ook die Funsionalistiese Skool bewustelik of onbewustelik mee aan makromanipulasie van die samelewing. Die doelbereikingswaardes moet universeel voldoen aan die funksionele vereistes as die konsepsie van die gewensde gedrag en die integrerende norme word taakoriënterend ingespan om integrasie rondom die waardes te verseker. Met betrekking tot individuele rolvervulling is die aanpassings ten opsigte van die voorgenoemde sake toekomsgerig deur die handhawing van die funksionele ekwivalente en die subgroepe werk patroonhandhawend en eksperimenterend ter wille van die sisteemeenheid wat in lyn is met die makromanipulasie wat die skool beplan.

## 7.3 Die verhouding en verband tussen die skole en social engineering

### 7.3.1 Funksionele probleemoplossings

Die voorafuiteengesette skemas suggereer dat, net soos die samelewing (of enige subsisteem daarvan) vir homself sisteme skep om die funksionele probleme op te los sodat hy kan bly voortbestaan, net so skep social engineering vir homself weer sosiologiese skole om hom te help met die oplossing van sý voortbestaansprobleem. So los die Meganistiese Skool aanvanklik vir social engineering sy aanpassingsprobleem op, die Konflikskool los die integrasie-, die Klassieke Skool los die patroonhandhawings- en spanningsbeheerprobleme en die Funksionalistiese Skool los die doelbereikingsprobleem op.

### 7.3.2 Skematiese voorstelling

Figuur 8[1)]

| Funksies | Skole | Social engineering |
|---|---|---|
| Aanpassing | Meganistiese | Taakoriëntasie |
| Integrasie | Konflik | Toekomsgerig |
| Patroonhandhawing | Klassiek | Eksperimentering |
| Doelbereiking | Funksionalisme | Universalisme |

Wanneer die derde been van dië basiese skema bygevoeg word, blyk dit dat die Meganistiese Skool korreleer met taakoriëntasie, die Konflikskool met toekomsgerigtheid, die Klassieke Skool met eksperimentering en die Funksionalistiese Skool met universalisme as die kenmerke van social engineering.

## 7.4 Evaluering

Uit die voorafgaande skema blyk myns insiens duidelik die sciëntistiese inslag van social engineering wat meen dat die wetenskap die antwoorde kan gee op alle menslike probleme[2)]. Volgens die sciëntiste word menslike gedrag bepaal deur kragte waaroor die mens geen kontrole of beheer het nie en waarvan mens nie bewus is nie. Daarom meen hulle is mense nie verantwoordelik vir hulle gedrag nie. Om dië rede moet menslike gedrag gestandaardiseer word vanuit die sosiale wetenskappe met

1) Opgestel deur die navorser.

2) Hobbs. Social problems and scientism.

beklemtoning van relativisme op morele vlak en internasionalisme op politieke vlak. Die doel hieragter is om sogenaamde geëmansipeerde en mondige persoonlikhede te ontwikkel eerder as om verantwoordelike burgers, byvoorbeeld op te voed.

Die social engineering as besondere instrument in die sosiologie, wil nie 'n beskrywing of verklaring van 'n bestaande verskynsel gee nie, maar wil bestaande verskynsels of geïdealiseerde toestande manipulerend stuur in 'n voorafbepaalde rigting met die skynbare hoofdoel om sosiale patologiese verskynsels uit te skakel. Die dryfveer hieragter is humanisties afgestem op die realisering van die grootste hoeveelheid geluk vir die grootste hoeveelheid mense. Dit kan nie anders as om verwerplik te wees by die Skriflig nie, want dit bring selfs kultivering van die sonde mee. Dit blyk,byvoorbeeld duidelik uit Marx se standpunt waarin geweld (naastehaat) gebruik word om die weg voor te berei vir die kommunale hemel op aarde wat volgens hom moet kom.

## 7.5 Slotopmerkings

Die hele inhoud en betekenis van die social engineering as die ingenieursmodel vir die sosioloog, is in wese 'n subsisteem met 'n eie subkultuur in die sosiale sisteembenadering van die sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing.

Met die verloop van die navorsing is daarop gewys dat daar baie slaggate op subtiele wyse in die verskillende skole se teoretiese beskouinge geïntegreer is wat vermy moet word indien die menslike samelewing Christosentries beheersend gevorm wil word. Veral kan in dié verband ook aandag gevra word vir die verhouding en verband tussen die aanvaarding van die ingenieursmodel

en die verklaring van afwykende gedrag, sosiale probleme en sosiale desorganisasie. Soos enige navorser wat langs wetenskaplike lyne 'n kennisbydrae wou lewer ten opsigte van die onderhawige studieterrein, word die waarheidsmomente wat ingebou is in die social engineering nie ontken nie, maar krediet voor gegee vir sover ons in ons eie beheersende vorming van die samelewing ook telkens (bewustelik of onbewustelik) die ingenieursmodel aanvaar. Dis 'n normale proses. In dié navorsing wou die navorser probeer om hoofsaaklik te wys op die slaggate wat voorgekom het en nog voorkom by verskillende skole en rigtings se beplande beheersing van die menslike samelewing.

S U M M A R Y

The aim of this study was to do research on the relationships and connections between the fields of Sociology, Social Engineering and the contributions of four schools of Sociology to Social Engineering and vice versa by employing the structural-functional analysis of society. The contributions of mechanistic, conflict, classical and functionalistic Sociology to the acceptance of the engineering role for the sociologist were studied as well as the Utopian consequences that they have on the blueprint of society accepted under the influence of their social engineering roles by sociologists.

In studying these the historical and the critical methods were employed in the compilation of this research because the problems concerning the matters surrounding social engineering are the same for all the schools involved, but their answers to them differ.

Resulting from this research it was found that social engineering employs the concepts of the various schools that were studied in the same way as society does, with certain subsystems to solve the functional imperatives of action. From this results the ultra-stability of Social Engineering as one of the dominant concepts of sociologists since the founding of this science. With this goes the continuity of the positivistic basis of Sociology.

It was concluded that the acceptance of the engineering role by sociologists under the influence of these schools can result in a humanistic and immanent interpretation of society. This is so because in omitting the realities of God, his Law and the consequences this has for his Creation for consideration the sociologists' vision of society is narrowed.

## BIBLIOGRAFIE


BARNES, H.E., red. An introduction to the history of sociology. Chicago & London, The University of Chicago Press, 1966.

BECKER, H.S. & BARNES, H.E. Social thought from lore to science. 3e uitgawe. New York, Dover, 1961.

BENNE, K.D. Democratic ethics and human engineering. (In Bennis, W.G., Denne, K.D. & Chin, R.C. The planning of change. 2e dr. New York, Holt, Rinehart & Winston, 1961. p. 143 - 148.)

BIERENS DE HAAN, J. Sociologie, ontwikkeling en methode. Den Haag, N.V. Servire, 1959.

CADVALLENDER, M.L. The sybernetic analysis of change. (In Etzioni, A. & Etzioni, E., red. Social change; sources, patterns and consequences. 4e dr. New York & London, Basic Books Publishers Inc., 1964, p. 159 - 164.)

CANCIAN, F.M. Varieties of functional analysis. (In International encyclopedia of the social sciences. Macmillan Company & The Free Press, 6:29-41,1968.)

CHAMBLISS, R. Social thought from Hammurabi to Comte. New York/Chicago/San Franciso, Holt, Rinehart & Winston, 1954.

CILLIERS, S.P. & JOUBERT, D.D. Sosiologie; 'n sistematiese inleiding. Stellenbosch, Kosmo-uitgewery, 1968.

COMTE, A. The fundamental principles of the positivistic philosophy; being the first two chapters of the "Cours de philosophie positive" of Auguste Comte. Translated by Paul Descours and H. Gordon Jones, with a biographical preface by Eduard Spencer Beesly. London, Watts & Co., 1905.

CUBER, J.F. Sociology; a synopsis of principles. 6e uitgawe. New York, Appleton-Century-Crofts, 1968.

DAWSON, C.A. & GETTYS, W.E. An introduction to sociology. 3e uitgawe. New York, Ronald, 1948.

DEKKER, G. Sociologie en kerk; over het recht en het nut van de sociologie met betrekking tot de kerk. Kampen, J.H. Kok N.V., 1969.

DENGERINK, J.D. Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der "souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw. Kampen, J.H. Kok, N.V., 1961.

DIEDERICKS, N. Wat die kommunisme werklik is. Sinodale Kommissie vir die bestryding van maatskaplike euwels, S.pl., Ned. Geref. Kerk in die O.V.S., s.j.

DOOYEWEERD, H. A new critique of theoretical thought. 4 bde. S.pl., The Presbyterian and Reformed Publishing Company, 1969.

DU PLESSIS, J.A. Die filosofie van die grafskrif. Studiestuk nr. 62 van die Instituut vir die bevordering van Calvinisme aan die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, s.j.

ELLWOOD, C.A. A history of social philosophy. New York, Prentice Hall, Inc., 1938.

FEUER, L. S., red. Basic writings on politics and philosophy; Karl Marx and Friedrich Engels. Garden City, New York, Doubleday & Company, Inc., 1959.

GODDIJN, H.P.M. Het functionalisme in de sociologie. Assen, Van Gorcum, 1963.

GOULDNER, A.W. The coming crisis of western sociology. London, Heinemann, 1971.

GROSS, L. Symposium on sociological theory. Evanston, Row, Peterson, 1959.

HAZARD, J.H. Communist parties. (In Encyclopedia Brittanica, 6:211-215, 1971).

HOBBS, A.H. Social problems and scientism. Harrisburg, Pa., Stackpole, 1953.

HUNT, R.N.C. Marxism; past and present. London, Bless, 1954.

JOHNSON, H.M. Sociology; a systematic introduction. London, Routledge & Kegan Paul, 1960.

KILZER, E.F. & ROSS, E.J. Western social thought. Milwaukee, Bruce, 1954.

KROP, F.J. Een en ander over het communisme. 4e dr. "Geloof en vrijheid". S.pl., s.j.

KRUGER, J.E. Anomie; 'n kritiese ontleding van die teorie met verwysing na enkele sosiaal-patologiese verskynsels. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1972.

KRUGER, J.E. Enkele aspekte van die invloed van sosiale verandering op die moderne samelewing. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1968.

LACAPRA, D. Emile Durkheim; sociologist and philosopher. Ithaca, Cornell University Press, 1972.

LEVY, M.J. The structure of society. Princeton, N.J., University Press, 1952.

LEVY, M.J. Structural-functional analysis. (In International encyclopedia of the social sciences, 6:21-29, 1968.)

LUKES, S. Emile Durkheim; his life and work. A historical and critical study. London, Penquin, 1973.

MACEK, J. An essay on the impact of Marxism. S.pl., University of Pittsburgh Press, 1955.

MACIVER, R.M. & PAGE, C.H. Society; an introductory analysis. London/Melbourne/Toronto, Macmillan, 1965.

MANNHEIM, K. Diagnosis of our time; wartime essays of a sociologist. 8e druk. London, Routledge & Kegan Paul, 1966.

MARTINDALE, D. The nature and types of sociological theory. London, Routledge & Kegan Paul, 1967.

MARX, K. Capital. London, Dent, 1942.

MAUS, H.A. A short history of sociology. London, Routledge and Paul, 1965.

MEYER, A.G. Marxism; the unity of theory and practice, a critical essay. Cambridge, Harvard University Press, 1954.

MODELSKI, G. Communism; the international system. (In International encyclopedia of the social sciences, 3:126-131, 1968.)

NORTH, F. Marx's religion of revolution; the doctrine of creative destruction. Nutley, N.J. Craig Press, 1968.

PARSONS, T. The social system. London, Routledge, 1967.

POPPER, K.R. The open society and its enemies; the spell of Plato. Vol. 1. London, Routledge & Paul, 1962.

RIESMANN, D., GLAZER, N., DENNEY, R. The lonely crowd; a study of changing American character. New York, Doubleday & Co., 1955.

ROODE, C.D. Inleiding tot die sosiologie. Bloemfontein, A.A. Balkema, 1971.

RÖPKE, W. Civitas humana; a humane order of society. London, Hodge, 1948.

SOROKIN, P.A. Contemporary sociological theories. New York, & Evanston, Harper & Row, 1928.

SPIER, J.M. Van Thales tot Sartre; wijsgeren uit oude en nieuwe tijd. Kampen, J.H. Kok N.V., 1959.

STEYN, Anna F. Die professionaliseerbaarheid van die sosiologie. Die Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosiologie, 6:14 - 39, 1973.

STRAUSS, D.F.M. Wysbegeerte en vakwetenskap. Bloemfontein, Saccum, s.j.

TIMASHEFF, N.S. Sociological theory; its nature and growth. New York, Random House, 1967.

VAN DER MERWE, N.T. Grepe uit die kontemporêre wysbegeerte. (In Die atoomeeu - "in U lig". Potchefstroom, Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme, 1969, p. 76 - 112.)

VAN DER WALT, J.P. Geskiedenis van die sosiologie; opkoms van die sosiale denke. Ongepubliseerde klasaantekeninge. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1972.

VAN DER WALT, J.P. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, veld van ondersoek en betekenis van die opvoedkundige sosiologie met spesiale verwysing na die laerskool. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1959.

VAN DIJK, R. Mens en medemens; een inleiding tot de algemene sociologie. 2e dr. Wageningen, N.V. Gebr. Zomer & Keunings, s.j.

VAN RIESSEN, H. Mondigheid en de machten. Amsterdam, Buijten en Schipperhijn, 1967.

VAN WYK, J.H. Die Kommunisme. (In De Klerk, W.J., Duvenage, B. & Van Wyk, J.H. Roeping en werklikheid. Potchefstroom, Potchefstroom Herald, 1972, p. 106 - 142.)

VILJOEN, R.A. 'n Kritiese ontleding van die neo-positivistiese elemente in die sosiologie van George A. Lundberg. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif. Bloemfontein, U.O.V.S., 1969.

WILLEMS, R. Totalitaire samenleving. (In J. van der Hoeven et al. Marxisme en revolutie. Amsterdam, Buijten en Schipperhijn, 1967, Christelijk perspektief, deel 12, p. 95 - 221.) )

WIRTH, L. The significance of sociology. International social science bulletin, 2:198-199, 1951.